

Die aanpassing van die kind in pleegsorg: 'n Speltherapeutiese benadering.


deur
Charmaine Fourie

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling vir
die graad MA (MW) Speltherapie

Fakulteit Lettere en Wysbegeerte
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Studieleier: Dr. van der Westhuizen, C.H.J.

Oktober 1999



DANKRETYINGS

Ek wil van hierdie geleentheid gebruik maak om die volgende mense in hierdie
toestand en omstandighede wat tydens die ondersoek te bedank:

1. My ma, M. J. J. Louwer-Hout-ou-ou, vir die druk en verskeidenheid
van haar liefde.

2. My ma, M. J. J. Louwer-Hout-ou-ou, vir die druk en verskeidenheid
van haar liefde.

“GOD VERGEEF ONS BAIE, MAAR NIE DIE ONREG WAT ONS ‘N KIND AANDOEN NIE”

Dankie aan my ma, M. J. J. Louwer-Hout-ou-ou, vir die druk en verskeidenheid
van haar liefde. (Uit: Fiela se kind)

Aan my broer, Jacques - Vir al jou liefde en moedigheid.

Aan Riens - baie dankie vir al die tiewerke, ook veral jou goeie ondersteuning
en begrip.

Dankie aan al my ander vriende en familie! - Lieve sal weet.

(i)

DANKBETUIGINGS

Ek wil van hierdie geleentheid gebruik maak om die volgende persone vir hul raad, bystand en ondersteuning tydens die ondersoek te bedank:

- * *Dankie aan my Skepper; sonder Hom sou ek nie die druk en verantwoordelikheid alleen kon dra nie.*
- * *Dankie aan Dr. van der Westhuizen, vir haar belangstelling, aanmoediging en bystand.*
- * *Dankie aan my ouers, Japie en Sally, vir al julle liefde en dat julle aan my die geleentheid gegee het om aan die Universiteit van Pretoria te kon studeer.*
- * *Aan my broer, Jacques - Vir al jou liefde en motivering.*
- * *Aan Riana - baie dankie vir al die tikwerk, ook veral jou geduld, ondersteuning en begrip.*
- * *Dankie aan al my ander vriende en familie ! - Julle sal weet.*

(ii)

SAMEVATTING

Titel : **Die aanpassing van die kind in pleegsorg: 'n Speltherapeutiese benadering.**

Student : Charmaine Fourie

Studieleier : Dr. C.H.J. Van der Westhuizen

Departement: Maatskaplike Werk

Graad : MA (MW) Speltherapie

Pleegsorg maak 'n wesenlike deel van die maatskaplikewerk-professie en die welsynstruktuur van ons land uit. 'n Groot aantal kinders word emosioneel, fisies, geestelik en intellektueel deur hul ouers verwaarloos en/of mishandel. Sulke kinders word deur die Wet op Kindersorg (Wet nr. 74 van 1983) sorgbehoewend bevind en deur die kinderhof in substituutsorg geplaas. Aangesien hierdie kinders se maatskaplike funksionering van hul aanpassing in die pleegsorgsituasie afhang, bestaan daar 'n behoefte aan navorsing oor hierdie betrokke onderwerp.

Volgens die RGN is daar nog nie voorheen so 'n navorsingstudie gedoen nie. Geskrewe bronne oor pleegsorg is redelik maklik bekombaar. Deur die toepassing van die Gestaltbenadering word daar op die kind se belewenis van die pleegsorgsituasie gefokus. 'n Voorondersoek word gedoen sodat 'n goeie geheelbeeld van die onderwerp verkry kan word. Die bevindinge van die studie word deur die navorser se eie waarneming bepaal, asook gegewens wat uit gestruktureerde onderhoude met die betrokke pleegouers verkry is.

Die universum bestaan uit ses pleegkinders met hul onderskeie pleegouers wat as kliënte by die Ondersteuningsraad in Brits geregistreer is. Die pleegkinders se ouderdomsgroep is tussen vyf en nege jaar, en bestaan uit vyf seuns en een dogter. Daar word nie van 'n steekproef gebruik gemaak nie, omdat die universum relatief klein

(iii)

is. Na afhandeling van die studie sal gevolgtrekkings gemaak word, waaruit toepaslike aanbevelings voortspruit.

Die navorser het spelterapeutiese tegnieke gebruik wat ook 'n groot deel van die Gestaltherapie uitmaak. Die navorser is soms genoodsaak om direktief met die pleegkinders te werk. Speltherapeutiese tegnieke wat hoofsaaklik gebruik is, is kleiwerk, tekeninge, fantasieë, projeksietegnieke en sandspel. Verder het die navorser ook deurgaans op sensoriese kontakmaking gefokus om sodoende die kind met homself en sy gevoelens in kontak te bring.

Hierdie navorsingstudie het ten doel om die aanpassing van die kind in die pleegsorg-situasie te evalueer met die oog op nodige terapie vir die verbetering van sy/haar maatskaplike funksionering.

Sleutelwoorde:

Pleegsorg

Pleegkind

Pleegouers

Gestaltherapie

Sensoriese kontakmaking

Gesinsverhoudinge

Gesinshereniging

Projeksie

Proses

The researcher used play therapeutic techniques from the Gestalt therapy. The researcher sometimes had to work directly with the foster children. The play therapeutic techniques which were mainly used were clay work, drawings, fantasy, projection techniques and sand play. The researcher focused on sensory contact-making throughout, in order to put the child in contact with himself and his emotions.

This research study is helpful in evaluating the adjustment of the child in foster care to assess the adjustment of the child with the aim of using therapy to improve the child's social functioning.

Keywords:

Foster care

Foster child

Foster parents

Gestalt therapy

Sensory contact-making

Family relationships

Family reunification

Projection

Process

4. INLEIDING

5. NAVORSINGSMETODOLOGIE

4. DIE ROL VAN DIE ONTMOETING

4.1 Doelstelling

4.2 Doelwaaie

5. NAVORSINGSMETODOLOGIE

5.1 Kwalitatiewe navorsing

5.2 Soort navorsing

SUMMARY

- Title** : **Die aanpassing van die kind in pleegsorg: 'n Speltherapeutiese benadering.**
- Student** : Charmaine Fourie
- Promotor** : Dr. C.H.J. Van der Westhuizen
- Department** : Social Work
- Degree** : MA (SW) Play Therapy

Foster care is an integral part of the social work profession and the welfarestructure in our country. A great number of children are emotionally, physically, mentally and intellectually neglected and abused. These children are found to be in need of care according to the Child Care Act (Act nr. 74 of 1983) and are placed in substitute care by the children's court. As the social functioning of these children depends on their adjustment in foster care, there is a need for research regarding this particular subject.

According to the HSRC, no previous research has been done on this subject. Written sources on foster care are relatively easy to acquire. The focus is on the child's experience of foster care through the application of the Gestalt approach. In order to have a good overall understanding of the topic, a pilot study was done. The findings are based on the researcher's own observations as well as on information acquired from structured interviews with the foster parents.

The universum consists of six foster children and their foster parents who are registered clients of the Ondersteuningsraad in Brits. The research was done with five boys and one girl in the age group five to nine years. Due to the fact that the universum is relatively small, sampling was not used. After completion of the study, conclusions were drawn from which appropriate recommendations were made.

BLADSY

1.	TITEL	5
2.	DANKBETUIGINGS	(i)
3.	SAMEVATTING EN SLEUTELWOORDE (AFRIKAANS)	(ii-iii)
4.	SAMEVATTING EN SLEUTELWOORDE (ENGELS)	(iv-v)
5.	INHOUDSOPGAWE	(vi-xiii)
6.	LYS VAN TABELLE	(xiv)
7.	LYS VAN FIGURE	(xiv)

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1: ALGEMENE ORIËNTERING

1.	INLEIDING	1
2.	PROBLEEMFORMULERING	1
3.	MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP	2
4.	DOEL VAN DIE ONDERSOEK	2
4.1	Doelstelling	2
4.2	Doelwitte	3
5.	NAVORSINGSMETODOLOGIE	3
5.1	Kwalitatiewe navorsing	3
5.2	Soort navorsing	5

5.3	Navorsingsontwerp	5
5.3.1	Hipotese	6
5.4	Navorsingsprosedure en -werkwyse	6
6.	VOORONDERSOEK	6
6.1	Die literatuurstudie	7
6.2	Ervaring van kenners	7
6.3	Uitvoerbaarheid van die studie	8
6.4	Toetsing van vraelys	8
7.	BEGRENSING VAN DIE STUDIE	8
7.1	Universum	8
7.2	Wyse van steekproefneming	9
8.	BEGRIPSOMSKRYWING	9
8.1	Pleegkind	9
8.2	Pleegouers	10
8.3	Pleegsorg	10
8.4	Speltherapie	11
8.5	Gestalt	11
8.6	Gestaltterapie	11
9.	INDELING VAN NAVORSINGSVERSLAG	12
9.1	HOOFSUK 1: Algemene oriëntering	12
9.2	HOOFSUK 2: Pleegsorg en die implikasies daarvan op die pleegkind	12
9.3	HOOFSUK 3: Gestaltterapie as benadering	12
9.4	HOOFSUK 4: Empiriese gegewens	12
9.5	HOOFSUK 5: Gevolgtrekkings en aanbevelings	12

HOOFSTUK 2: PLEEGSORG EN DIE IMPLIKASIES DAARVAN OP DIE

PLEEGKIND

1.	INLEIDING	13
2.	DIE BIOLOGIESE OUERS	13
3.	GESKIEDKUNDIGE OORSIG	14
3.1	Houdings	14
3.2	Ontstaan	15
4.	DIE WET OP KINDERSORG (WET NR. 74 VAN 1983) SOOS GEWYSIG DEUR WET 96 VAN 1996	16
4.1	Agtergrond	16
4.2	Bepalings van die Wet op Kindersorg	16
4.3	Praktiese implikasies van die bepalings	18
5.	DIE FILOSOFIE VAN PLEEGSORG	18
5.1	Nut van kontak tussen ouers en kinders	20
5.1.1	Die kind se konsep van tyd	21
5.1.2	Verhouding met ouers	21
5.1.3	Die kind se ouderdom	21
5.1.4	Verhouding met pleegouers	22
6.	FAKTORE WAT KONTAK TUSSEN OUERS EN DIE PLEEG- KIND(ERS) BEMOEILIK	22
7.	GEDRAG VAN DIE KIND	23
8.	GEDRAG VAN OUERS	23
9.	GEVOELENS VAN KINDERS WAT VERWYDER WORD	24

BLADSY

10.	ROLLE WAT GETRAUMATISEERDE KINDERS AANNEEM	25
11.	DIE PLEEGOUERS	27
11.1	Doel van pleegsorg	27
11.2	Werwing van pleegouers	27
11.3	Keuring van pleegouers en -kinders vir pleegsorg	28
12.	ROL VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER	29
12.1	Kennis	29
12.2	Netwerk-analise	29
12.3	Onderhandelingstegnieke	30
12.4	Kommunikasie	30
	12.4.1 Behoeftebepaling ("Inquiry")	30
	12.4.2 Assessering	31
	12.4.3 Besluitneming	31
13.	PROBLEME IN PLEEGSORG	31
13.1	Plasing in onstabiele en onvanpaste situasie	31
13.2	Hereniging met biologiese ouers	32
13.3	Hoë emosionele eise wat die pleegkind stel	32
14.	SAMEVATTING	33
<u>HOOFSTUK 3: GESTALTTERAPIE AS BENADERING</u>		
1.	INLEIDING	35
2.	ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE TEORIE	35
2.1	Gestaltpsigologie	36
2.2	Gestaltvorming en destruksie	36
3.	TERAPEUTIESE DOELWITTE	36

4.	TERAPEUTIESE PROSES	37
4.1	Valse laag (“Phony layer”)	37
4.2	Fobiese laag	37
4.3	“Impasse” laag	38
4.4	Implosiewe laag	38
4.5	Eksplosiewe laag	38
5.	KIND AS KLIËNT	39
5.1	Kenmerke van die kind as kliënt	39
5.2	Kind se proses	41
	5.2.1 Kontakfunksies	41
	5.2.2 Selfonderskraging	43
	5.2.3 Emosionele uitdrukking	45
	5.2.4 Hantering van die proses	47
	5.2.5 Terminering	47
	5.2.6 Grense	47
	5.2.7 Selfvertroeteling	48
6.	BASIESE BEGINSELS VAN GESTALTTERAPIE	49
7.	TOEPASSING VAN DIE GESTALTTERAPIE	50
7.1	Kontakgrens	50
7.2	Bewustheidskontinuum	50
7.3	Defleksie	51
7.4	Emosies	51
7.5	Fantasie	51
7.6	Figuur-voorgond	51
7.7	Introjeksie	51
7.8	Projeksie	52
7.9	Retrofleksie	52
7.10	“Topdog/Underdog”	52
7.11	Onvoltooidhede (“Unfinished business”)	53

7.12	Polariteite	53
7.13	Samevloeiing	53
8.	TEGNIKE IN GESTALTTERAPIE	54
8.1	Dialog	54
8.2	Leë-stoeltegniek	55
8.3	Fantasiespel	55
8.3.1	Pendeltegniek	55
8.4	Droomwerk	55
8.5	Sensoriese kontakmaking	56
9.	TERAPEUTIESE VERHOUDING	57
10.	VEREISTES VIR TERAPEUTIESE VERHOUDING	57
10.1	Bewuswording	58
10.2	Tydsbenutting	58
10.3	Ekwilibrium	58
10.4	Vriendskap	59
10.5	Kontakmaking	59
10.6	Geduld	59
10.7	Vorme van spel	60
10.8	Grense	60
10.9	Vertroulikheid	60
11.	ROL VAN DIE TERAPEUT	61
12.	VOORDELE VAN DIE GESTALTTERAPIE	61
13.	LEEMTES IN DIE GESTALTTERAPIE	62
14.	SAMEVATTING	62

HOOFSTUK 4: EMPIRIESE GEGEWENS

1.	INLEIDING	65
2.	OPSOMMING VAN GEVALLESTUDIES	65
3.	GEVALLESTUDIE 1 (HENNIE)	68
4.	GEVALLESTUDIE 2 (STEFAN)	79
5.	GEVALLESTUDIE 3 (ANITA)	86
6.	GEVALLESTUDIE 4 (KOBUS)	94
7.	GEVALLESTUDIE 5 (LOUW)	103
8.	GEVALLESTUDIE 6 (JOHAN)	112
9.	SAMEVATTING	119

HOOFSTUK5: GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

1.	DIE NAVORSINGSPROSES	121
2.	FORMULERING VAN DOELSTELLING EN DOELWITTE	123
2.1	Navorsingsdoelstelling	123
2.1.1	Toepassingsmoontlikhede	123
2.1.2	Reaksie op speltherapie	124
2.1.3	Die Gestaltbenadering	124
2.2	Doelwitte	124
2.3	Hipoteseformulering	125

BLADSY

3.	GEVOLGTREKKINGS	126
3.1	Assessering	126
3.1.1	Die pleegkind as individu	126
3.1.2	Die pleegkind se funksionering en belewenis van sy huidige pleegsorgsituasie	126
3.1.3	Die pleegkind se belewenis van sy biologiese ouers	127
3.2	Speltherapie	128
3.3	Gevolgtrekkings vanuit die literatuur	128
3.4	Gevolgtrekkings vanuit die navorsing (speltherapie sessies)	129
4.	AANBEVELINGS	133
5.	SLOTOPMERKINGS	135
	BIBLIOGRAFIE	136-140
	BYLAE	
6.	VRAELYS: GESTRUKTUREERDE ONDERHOUD	141

LYS VAN TABELLE

7.	TABEL 1:	Verskille tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing	4
8.	TABEL 2:	Rolle van getraumatiseerde kinders	26
9.	TABEL 3:	Soorte onderhandelingsstegnieke	30
10.	TABEL 4:	Kenmerke van die kind as kliënt	40
11.	TABEL 5:	Besonderhede van betrokke gevallestudies	66

LYS VAN FIGURE

1.	FIGUUR 1:	Genogram (Gevallestudie 1,2 en 3)	67
2.	FIGUUR 2:	Genogram (Gevallestudie 4)	94
3.	FIGUUR 3:	Genogram (Gevallestudie 5)	103
4.	FIGUUR 4:	Genogram (Gevallestudie 6)	112

HOOFSTUK 1

ALGEMENE ORIËNTERING

1. INLEIDING

Volgens Smit (1985:5) is wetenskaplike navorsing " ... 'n ontwikkelingsproses wat begin by die waarneming van verskynsels wat die moontlikheid van nuwe kennis inhou, wat nadat dit deeglik ondersoek is, beduidend genoeg sal wees vir die spesifieke studieveld en vir 'n wetenskap in die algemeen."

Meer navorsing bied 'n wetenskaplike feitebasis vir die professie. Maatskaplike werkers kan dus met groter vertroue, beter resultate lewer. Verder is navorsing vir die Maatskaplike Werk noodsaaklik om nuwe idees, metodes en middele te ontwerp, sodat die professie kan tred hou met nuwe behoeftes wat gedurig in 'n vinnig veranderde samelewing ontstaan. Navorsing maak die professie meer doeltreffend en word die professie sodanig gedien (Strydom, 1989:197).

In hierdie hoofstuk gaan daar aandag geskenk word aan die wyse waarop hierdie navorsing aangepak is met spesifieke verwysing na die motivering vir die keuse van die onderwerp, doel van die ondersoek, probleemformulering, die voorondersoek, navorsingsontwerp, probleme ondervind tydens ondersoek, begripsomskrywing en ook die indeling van die navorsingsverslag.

2. PROBLEEMFORMULERING

Pleegsorg maak 'n integrale deel van die maatskaplikewerk-professie uit en behels dat 'n kind sorgbehoewend bevind word ingevolge artikel 14(4) van die Wet op Kindersorg (Wet nr. 74 van 1983), en die kind dan in die sorg van iemand anders as sy ouers geplaas word. 'n Kind wat verwyder word, ervaar baie trauma en skuldgevoelens (Stein, Gambrill & Wiltse, 1978:3).

Volgens Smit (1985:14) is 'n probleem " ... 'n stelling, gewoonlik in vraagvorm, aangaande die probleemaspek wat ondersoek word, met ander woorde stellingvrae wat die probleemarea afbaken. Dit is belangrik dat hier aandag gegee word aan die oplosbaarheid en betekenisvolheid van die stellingvraag."

Inligting omtrent die kind se aanpassing in die pleegsorgsituasie is nie teoreties van aard nie, aangesien dit nog nie wetenskaplik bewys is nie. Die volgende stellingvrae kan dus geformuleer word: **In watter mate geskied werklike aanpassing van die kind in pleegsorg ? Watter implikasies het pleegsorg op die suksesvolheid van die pleegplasing ? Hoe kan hierdie aanpassings vergemaklik word ?**

Bogenoemde stellingvrae kan in die volgende probleemformulering saamgevat word:

- Pleegsorg vereis aanpassing vir sowel die kind as die pleegouers.

3. MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP

Die motivering vir die keuse van hierdie onderwerp is die feit dat daar min literatuur oor hierdie onderwerp beskikbaar is en dat daar 'n groot kennisgaping in hierdie verband bestaan. Daar bestaan ook 'n groot behoefte aan hierdie studie waar die navorser werksaam is. Pleegplasinge en die gebruik van speltherapie, is 'n belangstellingsveld van die navorser wat as verdere motivering gedien het om hierdie studie te ondersoek en te onderneem.

4. DOEL VAN DIE ONDERSOEK

4.1 Doelstelling

Om deur middel van speltherapie die aanpassing van die kind in pleegsorg te

ondersoek.

4.2 Doelwitte

- Om 'n in-diepte literatuurstudie oor die aanpassing van die kind in pleegsorg te doen.
- Om spel terapie met geselekteerde pleegkinders te doen en hulle aanpassing in pleegsorg te ondersoek.
- Om uit genoemde studie gevolgtrekkings en aanbevelings te maak, wat as maatstaf vir verdere studie en vir die oplossing van moontlike probleme in pleegsorg kan dien.

5. NAVORSINGSMETODOLOGIE

5.1 Kwalitatiewe navorsing

Navorsers volg 'n kwalitatiewe benadering in hierdie studie.

Volgens Dooley (1990:276) is kwalitatiewe navorsing 'n nie-kwantitatiewe benadering. Dit verwys na navorsing wat in die volgende tabel saamgevat word:

<p>Data word ingesamel deur middel van gestruktureerde onderhouds en sensusdata</p>	<p>Randvroeë ontsoegtelike metodes van data-nagname; waarvandaan deur deelnemers in doorgangte geskied</p>
---	--

(Bailey, 1957:50) en (Ginn, 1988:156)

TABEL 1: VERSKILLE TUSSEN KWANTITATIEWE EN KWALITATIEWE NAVORSING

Kwantitatiewe navorsing	Kwalitatiewe navorsing
1. Toetsing van voorspelbare hipoteses oor die sosiale werklikheid.	1. Versameling van gedetailleerde beskrywing van die sosiale werklikheid, wat by die formulering van hipoteses behulpsaam is.
2. Word deduktief gebruik: Aanwending van die sosiaal wetenskaplike teorie by die sosiale werklikheid.	2. Word induktief gebruik: Gebruik van konsepte en teorie verkry uit die sosiale werklikheid wat bestudeer word.
3. Poog om die sosiale werklikheid te bestudeer vanuit 'n objektiewe oogpunt.	3. Poog om sosiale werklikheid te bestudeer vanuit die oogpunt van deelnemers betrokke by die studie.
4. Syfers word gebruik, om konsepte in bruikbare definisies te verander.	4. Natuurlike taal word gebruik, deurdat idees uitgedruk word in die taal van die sisteem wat bestudeer word.
5. Data word ingesamel deur middel van gestruktureerde onderhoude en sensusdata.	5. Relatiewe onopsigtelike metodes van data-insameling: waarneming deur deelnemers en doelgerigte gesprek.

(Bailey, 1987:60) en (Grinnell, 1988:186).

Volgens die navorser se mening maak sy van kwalitatiewe navorsing gebruik, aangesien haar universum baie klein is, sodat 'n kwantitatiewe benadering nie gevolg kan word nie. Navorser maak van ongestruktureerde observasies gebruik, eerder as vooraf geklassifiseerde kategorieë, wat 'n kenmerk van kwalitatiewe navorsing is. Verder het dit ook die voordeel dat dit 'n gevoelselement het, met ander woorde die navorser verkry 'n beter begrip van dit wat sy ondersoek (Grinnell, 1988:186).

5.2 Soort navorsing

Vir hierdie studie maak die navorser hoofsaaklik van toegepaste navorsing gebruik.

Volgens Bloom (1986:56) is toegepaste navorsing " ... oorspronklike ondersoekwerk wat verrig word om wetenskaplike en tegnologiese kennis te vermeerder, met praktiese benutting as uitsluitlike oogmerk. Toegepaste navorsing poog om bestaande kennis te eksplorieer om nuwe idees te bekom."

Navorser stem met bogenoemde stelling saam en onderneem hierdie studie om gevolgtrekkings uit versamelde gegewens te maak wat sy uit die literatuurstudie, waarneming en die gebruik van speltherapie verkry in 'n poging om dit te analiseer, te verklaar en te verstaan. Deur hierdie studie te onderneem, word bestaande kennis rondom die veld verder geëksplorieer om nuwe kennis te bekom, soos wat dit die toegepaste navorsing betaam.

5.3 Navorsingsontwerp

Vir hierdie studie maak die navorser van die verklarende ontwerp gebruik.

Verklarende navorsing maak 'n analise. Dit wil met ander woorde 'n verklaring vir 'n vraag of probleem gee. So kan voorspellings en terugskouings gemaak word. Verklarende navorsing kan byvoorbeeld die vraag vra: Waarom tree mense op soos hulle wel optree? Hoe doeltreffend is maatskaplike

hulpverlening? Waarom is dit doeltreffend? (Grinnell & Williams, 1990:167).

Die navorser maak dus van die verklarende ontwerp gebruik, aangesien sy 'n analise rondom die aanpassing van die kind in die pleegsituasie wil maak en hoe die aanpassing, hetsy goed of swak, die sukses of mislukking van die pleegplasing bepaal.

5.3.1 Hipotese

Navorsers maak hoofsaaklik van die verklarende ontwerp gebruik, sodat enkele hipoteses wel geformuleer kan word. Die hipotese wat hierdie studie rig, behels die volgende naamlik:

- As 'n kind in pleegsorg geplaas word, ervaar hy/sy aanpassingsprobleme, wat 'n invloed op die verdere verloop van die pleegsituasie het.

5.4 Navorsingsprosedure en -werkwyse

Vir hierdie ondersoek maak die navorser van waarneming met gekontroleerde stimuli met die oog op die veldopname gebruik. Navorser maak hier van literatuur, persoonlike onderhoude met die pleegouers wat op gestruktureerde wyse plaasvind, gekontroleerde waarnemings, asook van speltherapie sessies met ses pleegkinders gebruik. Daar word gepoog om die effek van speltherapie op die aanpassing van die kind in pleegsorg te bepaal en waar te neem (Cilliers, 1973:131).

6. VOORONDERSOEK

Die voorondersoek kan soos volg gedefinieer word: "Proses waarvolgens die navorsingsopset en -toerusting van 'n beplande ondersoek getoets kan word" (Definiërende Woordeboek vir Maatskaplike Werk, 1984:67).

Die vooronderzoek maak 'n belangrike deel van die studie uit. Navorsing word deur die vooronderzoek gerig, sodat dit deeglik en in diepte gedoen behoort te word.

6.1 Die literatuurstudie

Volgens Cilliers (1973:133) is die literatuurstudie " ... nie alleen noodsaaklik met die oog op die duidelike formulering van die probleem nie, maar is die aangewese bron van inligting oor hoe te werk gegaan moet word in die beplanning en uitvoering van die voorgestelde ondersoek."

Navorser maak van oorsese bronne, plaaslike literatuur, asook bronne en inligting uit aanverwante vakdissiplines gebruik. 'n Rekenaaruitdruk van die RGN is ook verkry om te bepaal hoeveel navorsing oor hierdie spesifieke veld al gedoen is.

6.2 Ervaring van kenners

Navorser maak gebruik van kenners, aangesien sommige vraagstukke buite haar ervaringsveld lê. Die waarde van die gebruik van kenners is dat eerstehandse inligting verkry word en dit lei tot 'n beter begrip van die werklike aard van die studieveld (Cilliers, 1973:135).

Die ervaring van kenners is onontbeerlik vir die realisering van die navoringsprojek vanweë nuwe perspektiewe wat deur hulle aan die lig gebring word, wat onbekend is aan die navorser en vir die bevestiging van die navorser se eie sienings.

Kenners wat geraadpleeg is:

- Dr. J.P. Schoeman, dosent in speltherapie aan die Universiteit van Pretoria, Departement Maatskaplike Werk (werkzaam tot einde 1998).
- Me S. Fick, Bestuurder Ondersteuningsdienste, CMR, Mpumalanga.

6.3 Uitvoerbaarheid van die studie

By die voorondersoek let die navorser op die praktiese uitvoerbaarheid van die ondersoek, naamlik: Wat is die koste verbonde aan die ondersoek? Is daar genoeg tyd waarin die ondersoek voltooi kan word? Hoe bereid is die navorser om die ondersoek te voltooi? (Grinnell, 1981:254).

In die lig van bogenoemde is die studie prakties uitvoerbaar, aangesien dit die minimum koste vereis en daar genoegsame tyd is om die ondersoek te voltooi. Verder is die onderwerp die belangstellingsveld van die navorser en ook deel van haar werksituasie, wat bydra tot haar bereidwilligheid om die studie deur te voer en te voltooi.

6.4 Toetsing van vraelys

Navorser maak nie van vraelyste nie, maar van waarneming en geskeduleerde onderhoude as evalueringsmetode gebruik. Uit gestruktureerde onderhoude na aanleiding van 'n skedule met die pleegouers, wil navorser die effek van speltherapie op die kind in pleegsorg bepaal. 'n Studie van strategiese eenhede word dus nie onderneem nie.

7. BEGRENSING VAN DIE STUDIE

7.1 Universum

Volgens die Definiërende Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1984:48), is 'n universum " ... die totale getal eenhede waaruit 'n steekproef geneem word."

Die universum van hierdie studie bestaan uit pleegkinders met hul onderskeie pleegouers, wat as kliënte by die Ondersteuningsraad in Brits gedurende die tydperk Januarie 1997 tot Desember 1997 geregistreer is. Hulle is almal in die Brits distrik woonagtig. Die studie word met ses pleegkinders tussen die

ouderdomme van 5-9 jaar gedoen. Geslag, taal en kultuur het geen invloed op die selektering nie.

7.2 Wyse van steekproefneming

Daar word nie in hierdie studie van 'n steekproef gebruik gemaak nie, omdat die universum relatief klein is. Al die pleegkinders tussen die ouderdomme van 5-9 jaar aan wie die Ondersteuningsraad dienste lewer, sal dus gebruik word. Slegs ses pleegkinders bestaande uit vyf seuns en een dogter tussen genoemde ouderdomme, is as kliënte by die Ondersteuningsraad in Brits geregistreer. Al ses kinders is blank en Afrikaanssprekend.

8. BEGRIPSOMSKRYWING

8.1 Pleegkind

Volgens die Definiërende Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1984:37) is 'n pleegkind " ... 'n kind wat ingevolge 'n wet in die sorg van iemand anders as sy ouers geplaas word."

'n Pleegkind is dus 'n kind wat in die bewaring van 'n pleegouer kragtens die Wet op Kindersorg geplaas is (Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn, 1990:3).

Volgens Stein, Gambrell & Wiltse (1978:3) is pleegkinders, kinders wie se opvoeding en versorging by hul ouerhuise onvoldoende is en as gevolg daarvan by pleegouers geplaas word.

Uit bogenoemde is dit dus duidelik dat 'n pleegkind 'n kind is wat volgens die Wet op Kindersorg uit sy omstandighede geneem word en by pleegouers geplaas word wat sy versorging en opvoeding voortsit, aangesien die biologiese ouers deur die Wet op Kindersorg onbevoeg bevind is om die kind se verdere

versorging waar te neem.

8.2 Pleegouers

'n Pleegouer is 'n persoon in wie se sorg 'n pleegkind geplaas word (Definiërende Woordeboek vir Maatskaplike Werk, 1984:37).

Pleegouers is ouers wat deur die kinderhof aangewys word as die ouers wat by die pleegkind se dissiplinerig, opvoeding en sosialisering betrokke is. Pleegouers is dus volgens die navorser se mening, volwasse persone wat deur die kinderhof bevind word as geskikte, wettige ouers vir 'n kind wat in pleegsorg geplaas word.

8.3 Pleegsorg

Volgens Rowe, Cain, Hundleby & Keane (1984:7) is pleegsorg " ... the preferred method of caring for young children who cannot remain with their own families." Hulle noem verder dat pleegsorg " ... the best way of providing deprived children with personal care and the experience of family life" (Rowe, Cain, Hundleby & Keane, 1984:7).

Pleegsorg het ook tot stand gekom uit die bekommernis wat ontstaan het rondom kinders wat deur hul ouers mishandel is en dan in ander omstandighede geplaas word wat hul vir die toekoms toegerus het (Fein, Maluccio & Kluger, 1990:1).

Uit bogenoemde is dit dus duidelik dat pleegsorg 'n vorm van substituutsorg is waar kinders van hul biologiese ouers verwyder word as gevolg van onvoldoende en ontoereikende versorging en omstandighede, en by 'n ander ouerhuis geplaas word wat na hul emosionele, fisiese en intellektuele toestand omsien, op bevel van 'n kinderhof, ingevolge die Wet op Kindersorg.

8.4 Speltherapie

Volgens Oaklander (1988:160) kan speltherapie as volg omskryf word: "Children experience much that they cannot as yet express in language, and so they use play to formulate and assimilate what they experience. Play is the child's form of self-therapy through which confusion, anxieties and conflicts are often worked through."

Speltherapie is 'n manier waarop die realiteit "gebuig" word om by die kognitiewe vlak van funksionering aan te pas. Spel is 'n belangrike funksie vir die kind en maak deel van sy simboliese taal uit. Deur die gebruik van spel, kan 'n kind sy gevoelens erken en verbaliseer (Schoeman, 1996:70). Uit bogenoemde is dit dus duidelik dat speltherapie 'n doelgerigte metode is waar die terapeut van spel gebruik maak om tot die kind se vlak toe te tree, waarbinne hy veilig voel om sy gevoelens en ervarings uit te speel.

8.5 Gestalt

Volgens Thompson & Rudolph (1992:109) is Gestalt " ... a form, a co-figuration or a totality that has as a unified whole, properties which cannot be derived by summation from the parts and their relationships."

Verder is 'n Gestalt die sinvolle rangskikking van die dele op so 'n wyse wat die individuele dele nie is nie (Papalia, 1985:560).

Uit bogenoemde is dit dus duidelik dat 'n Gestalt meer as die som van sy dele is. Dit is ook 'n lewenswyse, 'n filosofie en 'n manier van wees.

8.6 Gestaltterapie

Die Gestaltterapie is 'n vorm van psigoterapie wat fokus op dit wat onmiddellik teenwoordig is, met die doel om die kliënt te help om die gewaarwording van sy ervarings in hulle totaliteit te verbeter (Gouws, e.a. 1979:104).

Volgens Thompson & Rudolph (1992:113) beklemtoon die Gestaltterapie onmiddellike ervarings. Dit fokus op die hier-en-die-nou. Dit frustreer ook die kliënt in 'n poging om uit sy bewuswording te ontsnap.

Uit die bogenoemde is dit dus duidelik dat die Gestaltterapie nie op simptome en analise nie, maar eerder op 'n totale integrasie fokus.

9. INDELING VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG

Die indeling van die ondersoek is as volg gedoen:

- 9.1 Hoofstuk 1: Algemene oriëntering
- 9.2 Hoofstuk 2: Pleegsorg en die implikasies daarvan op die pleegkind
- 9.3 Hoofstuk 3: Gestaltterapie as benadering
- 9.4 Hoofstuk 4: Empiriese gegewens
- 9.5 Hoofstuk 5: Gevolgtrekkings en aanbevelings

2. DIE BIOLOGIESE OORS

Die standpunt bestaan dat die biologiese oors die beste oors vir 'n groot aantal althoewel dusende kinders jarelank en hul ouers se sorg verwyder word en in substitusiesorg geplaas word (Miller, 1995:3).

Volgens Miller (1995:3) bestaan '... troubled parents in many forms, they present some shared challenges and difficulties for their kids'. Campbell

HOOFSTUK 2

PLEEGSORG EN DIE IMPLIKASIES DAARVAN OP DIE PLEEGKIND

1. INLEIDING

In hierdie hoofstuk poog die navorser om 'n studie oor pleegsorg en die implikasies daarvan op die pleegkind te doen.

Die navorser gaan van die standpunt uit dat die biologiese ouer(s) die oorsaak van probleme by kind(ers) is wat sorgbehoewend bevind word. Kinders kan hul biologiese ouers as gevoelloos, aggressief, afwesig, wreed of onbegrypend beleef. Sommige probleme by biologiese ouers is minder ernstig en kan met behulp van hulpverlening opgelos word, waar ander probleme meer ernstig en permanent van aard is. In baie ernstige gevalle word wetlike ingryping noodsaaklik, waar die kind(ers) van hul ouer(s) verwyder word en in substituutsorg geplaas word (kinderhuis, pleegouers, nywerheidsskool).

'n Kind wat van sy ouers weggeneem word, ervaar dit as traumaties en aanpassing by sy/haar nuwe omstandighede lewer sy eiesoortige probleme op. Dit is dus van belang dat 'n ondersoek na pleegsorg en die implikasies daarvan op die pleegkind gedoen word.

2. DIE BIOLOGIESE OUERS

Die standpunt bestaan dat die biologiese ouers die beste ouers vir 'n kind is, alhoewel duisende kinders jaarliks uit hul ouers se sorg verwyder word en in substituutsorg geplaas word (Miller, 1995:3).

Volgens Miller (1995:3) bestaan " ... troubled parents in many forms, they present some shared challenges and difficulties for their kids." Genoemde

skywer beweer verder dat “ ... a parent has serious problems when the parent cannot look at the needs and wishes, feelings and thoughts of his or her child” (Miller, 1995:5).

Gedrag van ouers wat hul kinders mishandel, kan die volgende insluit:

Ontstaan

- aggressiwiteit
 - oorafhanklikheid
 - alkoholmisbruik
 - persoonlike onstabiliteit
 - gereelde werksverandering
 - min of geen ouerskapsvaardighede
- (Roberts, 1990:35).

Uit bogenoemde maak navorser dus die afleiding dat alhoewel die biologiese ouers as die beste ouers vir hul kinders beskou word, dit nie altyd in die kind se belang is om in hul sorg te verkeer nie, veral waar mishandeling, verwaarlosing en molestering voorkom. Substituutsorg word dus oorweeg, waar die kind in 'n nuwe situasie moet aanpas.

3. GESKIEDKUNDIGE OORSIG

3.1 Houdings

Fisiese verwaarlosing en mishandeling van kinders is reeds so oud soos aangetekende geskiedenis. Volwassenes reageer op mishandeling deur te ontken dat dit bestaan of deur rasionalisering (Solnit; Nordhaus & Lord, 1992:3).

Volgens Solnit, et al.(1992:3) kan die volgende bewerings gemaak word: “Violence is aggression out of control” en “The physical and sexual abuse of children by adults represents an activation of violence of which every human being is potentially capable.” Dit is dus duidelik dat die fisiese verwaarlosing en

mishandeling van kinders al oor 'n tydperk van 200 jaar onder die aandag van die gemeenskap gebring is. In die Westerse samelewing is die uitdrukking van sulke verwaarlosing deur elke samelewing op sy eie unieke manier verbied (Solnit, et al.1992:3).

3.2 Ontstaan

Gedurende die negentiende eeu in die VSA het 'n kind met die naam van Mary Ellen, 'n agtjarige kind wat wreed mishandel was, die wêreld geskok. Dit was nie die eerste insident van mishandeling nie, maar die publisiteit wat dit gewerf het " ... shocked many people into a greater awareness of this serious human problem, and it sparked the beginning of a massive crusade against child abuse" (Solnit, et al.1992:3).

Vanweë bogenoemde geval en die ontdekking dat kinders nie soveel beskerming soos huisdiere het nie, is die New York City Society for the Prevention of Cruelty to children in 1874 gestig. Verskeie pogings is aangewend om genoemde kind uit haar ouers se sorg verwyder te kry, nadat 'n welsynwerker, Mev Etta Angell Wheeler in haar poging misluk het. Die kind is weer in 1946 deur 'n radioloog, dr. John Caffey "herontdek", waar hy 'n nuwe sindroom gerapporteer het wat dui op die frakture van die lang bene in die liggaam, naamlik die bene en die ribbes. 'n Konferensie is gehou waar die mishandeling van kinders onder die publieke oog gekom het. Wette en riglyne het hieruit voortgevloei, wat bepaal het hoe en wanneer kindermishandeling en -verwaarlosing aangemeld moes word (Solnit, et al. 1992:4).

Navorsers beweer dat uit hierdie wette en riglyne ander wette voortgevloei het wat op die sorgbehoewendheid van die kind gefokus het. Dit het gelei tot die ontstaan van die Wet op Kindersorg, Wet nr. 74 van 1983 wat vandag in gebruik is.

(18)(i-vi) van die Wet op Kindersorg (Wet nr. 74 van 1983) betref die kind

(i) ... variant is of geen waarsamebare beslagnuimiddelle het niet

4. DIE WET OP KINDERSORG (WET NR. 74 VAN 1983) SOOS GEWYSIG DEUR WET NR. 96 VAN 1996

4.1 **Agtergrond**

Volgens de Bruyn (1984:227) is die meriete van die Wet op Kindersorg daarin geleë dat die pleegkind se posisie na twee jaar, of 'n korter periode, permanent gemaak kan word. Dit kan gedoen word in dië sin dat die kind in die sorg van sy ouers, 'n voog of 'n persoon in wie se bewaring hy was, herstel kan word of hy kan aangeneem word. Aanneming is die mees permanente reëling wat vir die kind getref kan word, naas die versorging van 'n kind deur sy biologiese ouers.

Op die gebied van kindersorg word algemeen aanvaar dat die beste permanente plek vir die kind in die sorg van sy biologiese ouers is. Indien dit nie vir die biologiese ouers moontlik is om die betrokke kind(ers) te versorg nie, is dit die verantwoordelikheid van die gemeenskap om toe te sien dat alternatiewe versorging vir die kind getref word. Pleegsorg is een van die wyses waarop daar vir die kind voorsiening gemaak kan word. 'n Groot nadeel van pleegsorg, is die tydelikheid daarvan. Dit is tydelik in dië sin dat pleegouers kan besluit om die pleegsituasie te beëindig indien daar enige probleme sou opduik (De Bruyn, 1984:227).

4.2 **Bepalings van die Wet op Kindersorg**

Volgens die nuwe wysiging op die Wet van Kindersorg word 'n kind wat voor die kinderhof gebring word, sorgbehoewend bevind en word die ouer(s) nie meer onbevoeg bevind soos wat vroeër die geval was nie.

'n Kind word deur die kinderhof sorgbehoewend bevind ingevolge Art 14(4) (aB)(i-vi) van die Wet op Kindersorg (Wet nr. 74 van 1983) deurdat die kind:

(i) verlaat is of geen waarneembare bestaansmiddele het nie;

- (ii) gedrag openbaar wat nie beheer kan word deur sy of haar ouer(s) of die persoon in wie se bewaring hy of sy is nie;
- (iii) in omstandighede woon wat waarskynlik sy of haar verleiding, ontvoering of seksuele uitbuiting kan veroorsaak of bevorder;
- (iv) woon in of blootgestel word aan omstandighede wat die fisiese, geestelike of maatskaplike welsyn van die kind ernstig kan skaad; en
- (vi) fisies, emosioneel of seksueel deur sy of haar ouer of voog of die persoon in wie se bewaring hy of sy is, misbruik of mishandel is (Swanepoel & Wessels, 1992:14) en (Staatskoerant, 1996:8-9).

Solnit, et al. (1992:16) steun Swanepoel & Wessels (1992:14) se stelling, wat deur die Wet op Kindersorg (Wet nr. 74 van 1984) onderskryf word. Hulle noem self die volgende gronde waarop 'n kind wetsbestee kan word, naamlik:

- aanmelding ten opsigte van mishandeling, verwaarlosing en/of verlating van 'n kind;
- dood of onopspoorbaarheid van beide ouers, die enigste ouer of die voog van die kind of die onvermoë om die kind se versorging waar te neem;
- op aandrang van die kind se ouers;
- die versoek vanaf die kind se voogde, anders as sy eie ouers, om sy wettige voogde te word; en
- die weiering van die kind se ouers om toestemming vir lewensnoodsaaklike mediese behandeling te verleen.

Vir pleegsorg sal die volgende artikels ingevolge die Wet op Kindersorg oorweeg word:

- Die pleegsorgbevel geld slegs vir twee jaar ingevolge Art 16(1). Dit kan ook vir 'n korter termyn geld soos wat deur die kindershof ten tye van die uitreiking van die bevel bepaal word.
- Pleegsorg word dus outomaties na twee jaar beëindig, behalwe wanneer die Minister die geldigheid van die bevel met 'n verdere tydperk van hoogstens twee jaar verleng (ingevolge Art 16(1) (2)).

- Die bevel kan nie verleng word na die datum waarop die kind agttien word nie (De Bruyn; 1984:228).

4.3 **Praktiese implikasies van die bepalings**

Die praktiese implikasies rondom die bepalings van die Wet op Kindersorg rakende pleegsorg behels die volgende:

- Die rol wat aan die biologiese ouers in die pleegsituasie toegeken word en die aandag van die betrokke maatskaplike werker moet baie doelgerig wees.
- Pleegouers kry deurslaggewende seggenskap met betrekking tot die aanneming van 'n pleegkind. Pleegouers het 'n groter magposisie ten opsigte van die biologiese ouers van die pleegkind, wat 'n ernstige invloed op hulle verhouding met mekaar kan hê.
- Die geldigheidsduur (twee jaar) van die pleegsorgbevel het voordele en nadele (De Bruyn, 1984:228).

5. **DIE FILOSOFIE VAN PLEEGSORG**

Volgens die verslag oor die SKDB(Sinodale Kommissie vir Diens van Barmhartigheid) se beleid en werksprosedure vir pleeg- en familiesorg kan die filosofie van pleegsorg soos volg uiteengesit word (1992:1):

- Die belangrikheid van die natuurlike bande tussen ouer en kind word erken en mag nie versteur word nie, behalwe waar die kind in omstandighede verkeer waar sy fisiese-, psigiese-, emosionele- en/of morele gesondheid of welstand ernstig geskaad kan word.
- Waar ingryping genoodsaak word, aanvaar die Staat en geregistreerde

welnsynorganisasies verantwoordelikheid vir die welsyn van die kind. Hulpverlening moet ook aan die ouers voorsien word sodat gesinshereniging kan plaasvind. Indien laasgenoemde nie moontlik is nie, word verantwoordelikheid vir die voorsiening van geskikte permanente substituuetsorg vir die betrokke kind(ers) aanvaar.

- Die kind se welsyn moet nie benadeel word nie deurdat die doelwit tot gesinshereniging binne 'n tydperk bereik moet word wat die minste onsekerheid by diè kind skep.
- Die kind se reg tot permanente substituuetsorg moet voorkeur geniet indien die terugplasingdoelwit nie binne diè bepaalde tydperk bereik word nie.
- Die doel van pleegsorg behels die bevordering van permanensie in 'n kind se lewe (byvoorbeeld deur die herstel in ouerlike sorg of kontinuïteit in die pleegsituasie).
- Pleegsorg is statutêre substituuetsorg binne 'n gesin vir 'n kind wat op kort- tot mediumterrein nie deur sy biologiese ouers versorg kan word nie. Dienste word steeds aan die ouers voortgesit.
- Permanente pleegsorg is statutêre substituuetsorg binne 'n gesin vir die kind wat nie deur sy biologiese ouers versorg kan word nie, vanweë hul permanente onvermoë om na die betrokke kind(ers) om te sien (vergelyk Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn, 1990:5-20).

Uit bogenoemde is dit vir die navorser duidelik dat pleegsorg tydelike substituuetsorg vir die sorgbehoewende kind is. Sodra 'n kind uit sy ouers se sorg verwyder is, nadat hy deur die kinderhof sorgbehoewend bevind is, word die ouers in die behandelingsprogram ingeskakel. Die oogmerk is die hereniging van die gesin, waar die ouers by die pleegsorgplasing betrek moet word, indien hulle beskikbaar is. Bogenoemde bewering word ook gesteun deur

De Bruyn (1984:228), naamlik dat kontak tussen ouers en hul kind(ers) bewerkstellig moet word, indien dit in belang van die kind sou wees.

5.1 Nut van kontak tussen ouers en kinders

Nut van kontak tussen ouers en kinders behels die volgende:

- Die betrokke kind(ers) het 'n groter gevoel van welstand en is emosioneel beter aangepas.
- Dit bevestig aan die kind dat hy nie verwerp is toe hy verwyder en daarna in pleegsorg geplaas is nie. Dit bevorder sy gevoel van veiligheid gedurende die plasing.
- Die kind begryp al hoe meer waarom hy nie meer by sy ouers kan bly nie. Hy verstaan die realiteit beter en leef minder in sy eie fantasiewêreld.
- Dit help die kind om 'n realistiese selfbeeld op te bou, en om minder angs en onsekerheid oor sy identiteit te ervaar.
- Vanweë die feit dat die kind sy ouers reeds ken, sal hy nie vir verdere verwerping bang wees wanneer hy in hulle sorg teruggeplaas word nie.
- Dit help die ouers om steeds met hulle rol as ouers vir die kind geïdentifiseer te bly (De Bruyn, 1984:229).

Navorsers is van mening dat kontak tussen ouers en kinders aangemoedig moet word, aangesien dit baie moeilik is om dit weer te bewerkstellig as kontak vir lang periodes verbreek is. Die navorsers is ook verder van mening dat ouers, wie se kinders uit hul sorg vanweë hul sorgbehoewendheid verwyder is, soms na die verwydering kontak met hul kinders vermy. Dit is gewoonlik ook om dieselfde redes waaroor hulle oorspronklik verwyder is.

Volgens de Bruyn (1984:229) moet terugplasing van die kind in die ouers se sorg so gou moontlik na verwydering geskied. Die volgende redes word gegee om die stelling te staaf:

5.1.1 Die kind se konsep van tyd

Hoe jonger die kind is, hoe gouer vergeet hy sy ouers as hy weg van hulle woon.

5.1.2 Verhouding met ouers

Die kind moet in die sorg van die ouers teruggeplaas word terwyl hy nog 'n verhouding met hulle het.

Kinders kan nie emosioneel vir 'n onbepaalde tyd opgeskort word sonder om emosioneel aangetas te word nie. Herhaalde verbreking van 'n kind se gehegtheid aan ouerfigure sodra hy van een sorg na 'n ander verwyder word, benadeel sy gevoel van kontinuïteit en sy vermoë om stabiele verhoudings aan te gaan. Die mate van skade wat deur skeiding veroorsaak word, word deur die kwaliteit versorging wat die kind voor en na verwydering beleef het, beïnvloed.

5.1.3 Die kind se ouderdom

Hoe jonger die kind wat in pleegsorg geplaas word, hoe langer sal hy in pleegsorg verkeer.

Navorser ondersteun nie genoemde bewering ten volle nie. Kinders van 'n jonger ouderdom is soms meer aanpasbaar en verwerk trauma makliker. Ouers toon ook soms 'n groter gewilligheid om hul kleiner kinders in hul sorg herstel te kry.

5.1.4 Verhouding met pleegouers

Hoe langer die kind in pleegsorg verkeer, hoe meer geheg raak pleegkinders en pleegouers aan mekaar. Dit het tot gevolg dat die kind se verhouding met sy ouers meer los van mekaar raak. Die gevolg daarvan is dat hoe langer die kind in pleegsorg verkeer, hoe geringer word die kanse om die kind in die sorg van die ouers terug te plaas.

Die navorser is egter van mening dat die doel van kontak tussen ouers en hul kinders in aanmerking geneem moet word. Sodra dië kontakte nie in belang van die kind is nie, moet dit verbreek word. Indien die kind wel by die kontakte baat, moet hy die reg hê om kontak met die ouers en ander familielede te maak.

6. FAKTORE WAT KONTAK TUSSEN OUERS EN DIE PLEEGKIND(ERS) BEMOEILIK

- afname in die ouers se belangstelling in die kind;
- afstand en gebrek aan finansies;
- ouers wat dit moeilik vind om selfbeheersde gedrag gedurende besoeke aan pleegouers te toon;
- besoeke wat die kind ontstel; en
- besoeke wat hoë eise aan die pleegouers stel

(De Bruyn, 1984:232).

Navorser is van mening dat kinders wat vanuit hul ouers se sorg verwyder is, aan fisiese- en/of emosionele mishandeling en verwaarlosing blootgestel was. Sulke kinders se gedrag word daardeur beïnvloed wat sekere gevolge op sy/haar aanpassing in die pleegsorgsituasie het. Dit is dus belangrik om die gedrag van kinders te monitor.

(Miller, 1995:14)

Volgens die navorser, bly die verwydering van kinders uit hulle natuurlike

7. GEDRAG VAN DIE KIND

Volgens die Ouerverrykingskursus (Kinder- en Gesinsorg, 1990:5) is gedrag "... nie toevallig nie, maar 'n manifestasie van 'n mens (kind/ouers) in aksie. Jou persoonlikheid, gevoelens, belewenisse, ervarings, ensovoorts kom tot uiting via jou gedrag." Deur middel van gedrag word 'n mens se verhouding met hul medemens, God, die wêreld en hulself, sigbaar. Gedrag word dus as die manifestasie van die innerlike lewe gesien, met ander woorde wat 'n mens doen, reflekteer die wyse waarop 'n mens voel en dink. Verder is gedrag ook die respons of reaksie op die appèl wat die lewe aan 'n mens rig en die eise wat die medemens aan hulle stel. Gedrag kan ook gesien word as "... onbewustelike verdedigingsmeganismes, en bewustelike pogings om teen die lewenseise opgewasse te wees" (Kinder- en Gesinsorg, 1990:5).

8. GEDRAG VAN OUERS

Volgens Miller (1995:14) het ouers wat probleme het, soms emosionele ongemak. Nie alle ouers wat probleme het, mishandel hul kinders nie. Mishandeling is wel iets wat kan plaasvind wanneer ouers probleme het. Mishandeling is enigiets wat 'n ouer doen wat negatief vir 'n kind is: liggaamlik, intellektueel, geestelik of emosioneel.

Sommige ouers kan hul kinders mishandel en nooit vir hul foute verantwoordelikheid neem nie, selfs nie wanneer hul kinders hul eie emosies verbaal lug nie. Voorbeelde van mishandeling behels die volgende:

- fisiese aanranding
- beledigende opmerkings (verbale mishandeling)
- dwing kind om iets te doen wat ooglopend negatief vir hom/haar is (Miller, 1995:14).

Volgens die navorser, bly die verwydering van kinders uit hulle natuurlike

gesinne vir hul in 'n meerdere of mindere mate 'n traumatiese ervaring waarop hulle bepaalde gevoelens ervaar.

9. GEVOELENS VAN KINDERS WAT VERWYDER WORD

Volgens die Departement van Gesondheid en Welsyn (1990:8) ervaar kinders wat verwyder word die volgende gevoelens:

- Gevoelens van verwerping en waardeloosheid.
- Skuldgevoelens: Die kinders voel dat hulle 'n aandeel in die verbrokkeling van die gesin gehad het.
- Gevoelens van vyandigheid: Dit versterk die skuldgevoelens by die kinders omrede hulle gewoonlik die opvatting huldig dat gevoelens van vyandigheid jeens hul ouers 'n strafbare oortreding is.
- Gevoelens van verlating: Dit skep by die kinders die onsekerheid of hulle ouers hulle weer wil terug hê.
- Vrees vir die onbekende: By die kinders ontstaan die vraag waarheen hulle gaan en of die mense by wie hulle geplaas gaan word, van hulle sal hou.
- Gevoelens van skaamte: Die kinders hou hulself besig met die vraag waarom hulle ouers nie soos ander ouers vir hulle kan sorg nie (sien ook Roberts, 1990:34).

Volgens 'n lesing van Dreyer (1999) is daar spesifieke karaktereienskappe van getraumatiseerde kinders, naamlik:

- Die kinders is verward oor wat "normaal" is.
- Hulle sukkel met moeilike take en projekte/eise hantering.
- Hulle vertel kompulsiewe leuens al is dit nie nodig nie.
- Hulle is baie krities op hulself.
- Hulle neem hulself baie ernstig op en sukkel om pret te hê.
- Sukkel met intieme verhoudings en emosies.

- Hulle het 'n groot behoefte om beheer oor hul eie lewens te hê, en beleef aggressie as hierdie beheer nie verkry word nie.
- Hulle hunker die res van hulle lewe na aanvaarding en erkenning.
- Hulle beleef die gevoel dat hulle anders as ander mense is.
- Hulle is oorverantwoordelik of totaal onverantwoordelik.
- Daar is 'n groot lojaliteit teenoor die biologiese ouers, al is dit soms onrealisties.
- Daar is gereelde impulsiewe gedrag wat die bestaande probleme vererger.

10. ROLLE WAT GETRAUMATISEERDE KINDERS AANNEEM

Volgens 'n lesing van Dreyer (1999) neem getraumatiseerde kinders soms verskillende rolle aan, naamlik:

- instaatsteller
- gesinsheld
- sondebok
- verlore kind
- gelukbringer

Bogenoemde rolle gaan ook met eie gevoelens en gedrag gepaard (vergelyk Tabel 2).

TABEL 2: ROLLE VAN GETRAUMATISEERDE KINDERS

Rol	Gevoelens	Gedrag	Verdedigings- meganisme	Verstroosting	Prys betaal
Instaatsteller	- Aggressief - Hulpeloosheid	- Bekommernis - Oorbekkering - Woede uitbarstings	- Ontkenning	- Tydelike vrede	- Selfverloëning - Instandhouding van gedrag
Gesinsheld	- Valse skuldgevoelens	- Oorprestering	- Obsessiewe/kompul- siewe gedrag - Rigied	- Positiewe aandag - Toenemende selfwaarde	- Werkolis
Sondebok	- Minderwaardig - Seergemaak	- Opstandig - Misdadige gedrag	- Substitusie	- Negatiewe aandag - Aanvaarding vanaf maats	- Verwerping - Vervreemding
Verfore kind	- Eensaamheid	- Passiewe gedrag	- Onttrekking	- Ontvlugting	- Sosiale isolasie
Gelukbringer	- Vrees vir katastrofes	- Maak grappe - Nar-optrede - Ooraktief - Behulpsaam	- Afleiding van die werklike probleem	- Vermindering van vrees	- Emosionele onvolwas- senheid

(Dreyer, 1999).

Die wetlike implikasies van pleegsorg is reeds bespreek en die traumatiese gevolge wat dit vir genoemde kinders inhou. Navorser is van mening dat 'n gepaste plasing moet geskied sodat dit in die beste belang van die kind sal wees. Dit is dus noodsaaklik dat voornemende pleegouers gewerf en gekeur moet word. Die rede is om te bepaal of die persone geskik is om die kind te akkommodeer en ook in staat is om die kind met sy spesifieke behoeftes te hanteer. Dit is noodsaaklik om 'n deeglike keuring te doen sodat die kind in 'n situasie wat sy aanpassing kan vergemaklik geplaas kan word.

11. DIE PLEEGOUERS

11.1 Doel van pleegsorg

'n Belangrike oogmerk van pleegsorg is om geskikte pleeghuise vir sorgbehoewende kinders te vind. Die pleegouers is dus belangrike figure in die pleeghuis. Dit gebeur meestal dat meeste pleegouers nie volkome toegerus sal wees vir die belangrike taak waarvoor hulle hulself beskikbaar gestel het nie. Die welsynsorganisasie wat hulle gewerf het, het dus 'n verantwoordelikheid om hulle te help om 'n duidelike besef van hulle rol te verkry en dit doeltreffend te vervul (Barnard, 1984:188).

11.2 Werwing van pleegouers

Volgens die Departement van Gesondheid en Welsyn (1990:9) geskied die werwing van pleegouers hoofsaaklik deur middel van die toespraak van vergaderings, byvoorbeeld: vrouehulpdiensverenigings, kerkraadsvergaderings en jaarvergaderings van organisasies. Daar word ook van ander metodes vir die werwing van pleegouers gebruik gemaak naamlik deur middel van gemeenskapsleiers soos geneeshere en predikante, die plasing van artikels in koerante en tydskrifte, radiopraatjies, televisieprogramme en gesinne wat aansoek doen vir die aanneming van 'n kind.

Betrokke organisasies het egter 'n stryd om genoegsame en geskikte

pleegouers te vind. Die rede daarvoor is nie net te wyte aan 'n gebrek aan pleegouers nie, maar ook vanweë die feit dat maatskaplike werkers vanweë hoë gevalleladings nie die tyd het om behoorlike keuring van pleegouers te doen nie. Onoordeelkundige plasings van pleegkinders vind dus plaas en dit gee tot weerstand by pleegouers aanleiding om weer kinders in hulle pleegsorg te neem (Barnard, 1984:188).

11.3 Keuring van pleegouers en kinders vir pleegsorg

In die proses van pleegsorgplasing is hoofsaaklik die maatskaplike werker, die potensiële pleegkinders en die voornemende pleegouers by keuring ter sprake. Die volgende kriteria moet by die keuring van geskikte pleegouers teenwoordig wees:

- Die gesin moet volledig wees.
- Hegte en stabiele gesinsverhoudings moet in die pleeghuis bestaan.
- Geen ernstige persoonlikheidsafwykings moet in die pleeggesin voorkom nie.
- Die pleegouers moet in staat wees om die gevoel by die pleegkinders te skep dat daar opregte besorgdheid oor hulle is. Die pleegouers moet in staat wees om in hulle behoeftes te voorsien.
- Pleegouers moet godsdienstig meelewend wees.
- Pleegouers moet oor selfkennis en selfaanvaarding beskik.
- Hulle moet finansieël selfversorgend wees.
- Die pleegouers moet die toesighoudende maatskaplike werker as hulp beleef en in staat wees om met haar/hom saam te werk.
- Daar word verkies dat pleegmoeders nie buitenshuise arbeid moet verrig nie.
- Die pleegouers moet in staat wees om die tydelikheid van pleegsorg te kan aanvaar en te verwerk

(Departement van Gesondheid en Welsyn, 1990:11).

Navorsers maak die bewering dat sommige van bogenoemde punte gestaaf kan

word. Sommige punte is egter teenstryding met die navorsers se beweringe, onder andere die volgende:

- Die gesin moet volledig wees: Soms word pleegsorg binne familieverband oorweeg waar plasing in die kind se beste belang geag word. Die moontlikheid kan bestaan dat 'n vader- of moederfiguur afwesig kan wees.
- Daar word verkies dat pleegmoeders nie buitenshuise arbeid moet verrig nie: Vanweë die hedendaagse ekonomie verrig 'n groot aantal van vrouens buitenshuise arbeid. Indien hierdie egter 'n belangrike vereiste blyk te wees, kan die moontlikheid van 'n tekort aan geskikte pleegouers bestaan.

12. ROL VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER

Die maatskaplike werker vertolk 'n belangrike rol voor, tydens en na die verwydering van kinders uit hul ouerhuise. Daar word egter tans op die taak van die maatskaplike werker tydens pleegsorg, na die aanvanklike verwydering van die kind uit sy ouerhuis, gefokus.

Volgens 'n lesing van Fick (1995) behels die taak van die maatskaplike werker die volgende:

12.1 Kennis

Die maatskaplike werker moet kennis en insig in haar eie rol, take, bevoegdheid en belange hê. Dit moet aan die doel en visie van haar organisasie gekoppel wees. Sy moet haar ook daarmee kan identifiseer.

12.2 Netwerk-analise

Die maatskaplike werker moet van 'n netwerk-analise gebruik kan maak. Dit

gee insig in die kommunikasieband (formeel en informeel). Die maatskaplike werker moet oplet wie almal by die kind betrokke is, sodat sy weet wie by hulpverlening betrek kan word (almal wat vir die pleegkind betekenisvol is).

12.3 Onderhandelings tegnieke

Onderhandeling is 'n manier om met die belange van die ander partye rekening te hou. Daar is vier (4) soorte tegnieke, soos in onderstaande tabel saamgevat:

TABEL 3: SOORTE ONDERHANDELINGSTEGNIEKE

Soort	Tegnieke	Beskrywing
Wen en Wen	- Samewerking - Probleemoplossend	- Dieselfde doel en belange - Al die partye wen
Wins en Verlies	- Verdeeld	- Vir een wins, vir die ander 'n verlies
Verlies en Verlies	- Veg	- Die een gun die ander nie dat hy wen nie

(Fick, 1995).

12.4 Kommunikasie

Alle gedrag is kommunikasie. Deur kommunikasie word gedrag en gevoelens oorgedra. Dit is belangrik dat die kommunikasie tussen die maatskaplike werker, sowel as die pleegouers en pleegkind(ers) duidelik moet wees.

Volgens Solnit, et al. (1992:19) behels die rol van die maatskaplike werker die volgende:

12.4.1 Behoeftebepaling (“Inquiry”)

By behoeftebepaling bepaal die maatskaplike werker die noodsaaklikheid van verwydering van die kind en of dit in sy belang is. Sy bepaal ook die behoeftes van die gesin en hul vermoë om normaal te funksioneer.

12.4.2 **Assessering**

Nadat die gesin se behoeftes op grond van laasgenoemde bepaal is, word die gesin se vermoë om beskikbare hulpbronne in die gemeenskap te benut, geassesseer.

12.4.3 **Besluitneming**

Nadat die gesin se behoeftes bepaal en die nodige assesserings gemaak is, moet die maatskaplike werker besluit of dit in die kind se belang is om in sy huidige gesinsituasie aan te bly of om in substituutsorg geplaas te word.

Navorsers stem met bogenoemde bewering saam, maar noem dat die proses vanaf die verwydering van die kind tot sy uiteindelijke plasing, 'n emosionele eis aan die werker stel. Hulle moet die emosionele gebrokenheid van die kind saam met hom/haar by hulle versorgers beleef. Die maatskaplike werker se onvermoë om situasies wat tot die kind se nadeel strek, (byvoorbeeld mishandeling) te voorkom, kan soms tot gevoelens van magteloosheid lei.

13. **PROBLEME IN PLEEGSORG**

Die volgende bewering word deur Cox & Cox (1985:xi) gemaak: " Many people have contented that children are too often removed from homes. Several specific conditions apparently have contributed to this situation."

Die volgende probleme kan volgens Cox & Cox (1985:xi) daarvoor aangevoer word:

13.1 **Plasing in onstabiele en onvanpaste situasie**

13.1.1 Dit gebeur wanneer kinders by pleegouers geplaas word wat ver van hul ouerhuis verwyder is. Navorsers is egter van mening dat vanweë 'n tekort aan

geskikte pleegouers, dit nie altyd moontlik is om die betrokke kind naby die ouer(s) te plaas nie.

13.1.2 Kinders word soms in pleegsorg by familie geplaas en as 'n goeie opsie geag, aangesien die kind se aanpassing daardeur vergemaklik word. Familielede is egter nie altyd bereid om die betrokke kind in hul pleegsorg te neem nie vanweë die emosionele eise wat dit aan hulle stel. Navorser is hier van mening dat familielede soms gewillig is om die betrokke kind in hul pleegsorg te neem, maar kan soms nie die finansiële las daarvan dra nie.

13.1.3 'n Probleem ontstaan soms wanneer die betrokke maatskaplike werker nie die waarde van die kind se kontak en verbintenis met sy biologiese ouers as belangrik genoeg ag nie. Dit gebeur soms dat kontak met die kind se biologiese ouers geblokkeer word onder die voorwendsel dat dit die "kind ontstel".

13.2 Hereniging met biologiese ouers

Na verwydering van sorgbehoewende kinders, behou die biologiese ouers steeds voorgdyskap oor die betrokke kind, alhoewel hulle nie die besluite rondom die kind kan beheer nie. Daar bestaan nie gestruktureerde riglyne met betrekking tot die regte van die biologiese ouers ten opsigte van besoeke en ander vorme van kontak (briewe en/of telefonies) nie. Dit is egter moeilik om sulke riglyne vas te stel of te bepaal, aangesien die regte van die biologiese ouers teen die behoeftes en belange van die pleegkind en die pleegouers opgeweeg moet word (Cox & Cox, 1985:xi).

13.3 Hoë emosionele eise wat die pleegkind stel

Volgens Berridge & Cleaver (1987:106) toon sorgbehoewende kinders uitreagerende gedrag vanweë die traumatiese ervaring voor, tydens en na die verwydering, byvoorbeeld bednatmaak, steel, leuens of aggressiewe gedrag. Dit beïnvloed die gesin se optrede teenoor mekaar, ook as daar ander kinders

in die huis is. Dit plaas ekstra spanning op die pleegouers. Die gevolg is dat die pleegouers nie opgewasse voel om die probleem te hanteer nie en dus nie kans sien om langer met die plasing voort te gaan nie.

Bogenoemde kan tot skuldgevoelens by die pleegouers lei, aangesien 'n volgende verwydering verdere emosionele skade by die kind(ers) kan veroorsaak (Berridge & Cleaver, 1987:108).

14. **SAMEVATTING**

Na aanleiding van genoemde literatuurstudie is dit dus duidelik dat pleegsorg van die begin af komplikasies het en kan die volgende punte hoofsaaklik uitgelig word:

- Die biologiese ouer(s) speel 'n belangrike rol in die pleegkind se lewe, selfs na verwydering. Dit kan verwarring by die betrokke kind veroorsaak veral waar hy/sy gereelde kontak met sy/haar ouer(s) het.
- Die Wet op kindersorg (Wet nr. 74 van 1983) vereis dat 'n kind sorgbehoewend bevind word ingevolge Art 14(4) van genoemde Wet, waarna so 'n kind deur middel van die kinderhof in substituutsorg geplaas word (pleegsorg, kindersorg of nywerheidskool).
- Die bloedbande tussen die biologiese ouer(s) en die betrokke pleegkind word met die oog op gesinshereniging erken indien die terugplasingdoelwit bereik word. Die pleegkind word dus in pleegsorg geplaas waarna dienste aan sy/haar ouer(s) voortgesit word. Kontak tussen die biologiese ouer(s) en pleegkind is belangrik aangesien dit aan die kind bevestig dat hy/sy nie tydens die verwydering verwerp is nie. Die kind ervaar ook minder angs en onsekerheid oor sy identiteit.

- Kinders wat van hulle ouers verwyder word, ervaar gevoelens van onder andere verwerping, vyandigheid (veral waar mishandeling en/of molestering betrokke is), onsekerheid, verlating, verwarring, skuldgevoelens en waardeloosheid. Genoemde kan 'n invloed op hulle gedrag en hoe hulle in die pleegsorgsituasie aanpas, uitoefen.

INLEIDING

- Geskikte pleegouers moet gewerf en gekeur word om as pleegouers op te tree. Dit is belangrik dat hulle die kind met sy eiesoortige probleme kan hanteer en akkommodeer, aangesien dit 'n wesenlike invloed op die kind se beleving en aanpassing in die pleegsorgsituasie sal hê.
- Die maatskaplike werker speel 'n belangrike rol in die pleegsorgsituasie en sy moet oor die nodige vaardighede en kennis beskik om die nodige leiding en ondersteuning te kan verskaf. Die maatskaplike werker moet ook insig in haar eie rol, take en bevoegdheid hê.
- Pleegsorg lewer ook sy eiesoortige probleme op vanweë verskeie redes naamlik: verkeerde plasing, pleegouers wat nie die kind se biologiese ouers kan akkommodeer nie, hoë emosionele eise wat die pleegkind stel en onvoldoende voorbereiding op die voorgenome plasing.

Die aspekte wat uitgelig is, is noodsaaklik om 'n beter begrip vir die kind in pleegsorg te ontwikkel. Die pleegkind is 'n komplekse kind wat aan onstabiliteit en onsekerheid blootgestel was. Dit is belangrik om 'n beter begrip van die pleegkind te hê voordat toepaslike terapie met die kind gedoen kan word.

2. ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE TEORIE

Fritz S. Paris in Aronstam (1989:638), wys daarop dat Oedipale agie nie uitsluitlik uit nuwe en reïkusionele klasse bestaan nie, en dat daar 'n wye beïnvloeding verlei onder sekretiese modelle was.

HOOFSTUK 3

2.1 Gestaltpsigologie **GESTALTTERAPIE AS BENADERING**

1. INLEIDING

Gestaltherapie het sy ontstaan en ontwikkeling aan Fritz S. Perls te danke (Aronstam, 1989:629). Hy het sy aanvanklike opleiding in die psigoanalise gehad, wat veral die onvoltooide van 'n mens as onderwerp vir navorsing gebruik. Perls het sekere van Freud se leerstellinge verwerp en die persoonlike verwerping deur Freud het daartoe gelei dat hy sy bande met die psigoanalise finaal verbreek het (Aronstam, 1989:629).

Perls het verder op Freud se Psigoanalitiese teorie uitgebrei en 'n nuwe teorie hierdeur begin. Perls het onder andere twaalf jaar in Suid-Afrika gewoon en in die tyd het hy al die basiese idees geformuleer wat hy later die Gestaltherapie sou noem (Thompson & Rudolph, 1992:109).

Gestaltiste se grondstelling is dat bewussyn 'n komplekse verskynsel is waar die som van die dele anders as die gestruktureerde geheel is. Hierdeur het die Gestaltiste die bewuste erken. Die Gestaltpsigoloë spreek hulself teen die opbreking van menslike gedrag uit. Volgens hulle is die totaliteit van menslike gedrag en die onderlinge verband daartussen van waarde. 'n Betekenisvolle en gestruktureerde geheel (Gestalt) van die menslike gedrag ontwikkel wat dus uit meer as die afsonderlike elemente saamgestel is (Louw, 1982:28).

2. ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE TEORIE

Fritz S. Perls in Aronstam (1989:639) wys daarop dat Gestaltherapie nie uitsluitlik uit nuwe en revolusionêre idees bestaan nie, en dat daar 'n wye beïnvloeding vanuit ander teoretiese modelle was.

Die belangrike invloede waaruit Gestaltterapie ontstaan het, is:

2.1 Gestaltpsigologie

Die Gestaltpsigoloë het in reaksie op die psigoanalitiese en behaviouristiese benaderings 'n teorie voorgestaan wat op die beginsel gebaseer was dat psigologiese verskynsels georganiseerde en saamgestelde totaliteite eerder as die konstellasië van afsonderlike dele was (Passons, 1975:12).

2.2 Gestaltvorming en destruksie

Waar die Gestaltpsigoloë op die proses van Gestaltvorming by eksterne waarnemings klem gelê het, het die Gestaltterapeute die figuurwaarneming van Gestalt wat in die liggaam en in die verhouding van die persoon tot sy omgewing vorm, beklemtoon (Aronstam, 1989:630).

Die klassieke psigoanaliste beskou die onbewuste en gebeurtenisse in die verlede as die belangrikste fokus in psigoterapie. Hierteenoor is die hede die enigste realiteit waarmee die Gestaltterapeut werk. 'n Gestalt is dan 'n vorm, 'n konfigurasie of 'n totaliteit wat as 'n saambindende eenheid eienskappe besit wat meer as die totaliteit en onderlinge verhoudinge van die afsonderlike dele is. Dit kan na fisiese strukture, fisiese en psigiese funksies of simboliese eenhede verwys (Thompson & Rudolph, 1992:109).

3. TERAPEUTIESE DOELWITTE

Volgens Corey (1990:319) is die doel van Gestaltterapie om die individu van homself/haarself bewus te maak sodat hy/sy groter verantwoordelikheid vir sy/haar lewe kan aanvaar en beheer oor sy/haar lewe kan neem.

Volgens Corey (1990:319-320) behels die terapeutiese doelstellings van Gestaltterapie die volgende:

- integrasie van polariteite in die self;
- om kontak met die self en ander te bewerkstellig;
- om selfstandigheid in plaas van afhanklikheid te bewerkstellig;
- om die kliënt bewus te maak van wat sy/hy in die hier-en-nou ervaar, beleef, fantaseer en voel;
- om insig in aksie te omskep; en
- om selfinsig met kreatiewe eksperimentering van nuwe gedrag op te volg.

4. **TERAPEUTIESE PROSES**

Verskeie skrywers (vergelyk Corey, 1990:324 en Thompson & Rudolph, 1992:112) beskryf die proses van psigologiese ontwikkeling. Volgens Gestaltherapeute is daar vyf lae of stappe vir die proses van lewe:

Die verloop en groeiproses in terapie is soos volg:

4.1 **Valse laag (“Phony layer”)**

Dit is die fase waar die individu voorgee om iemand te wees wat hy/sy nie is. Volgens Belkin (1980:242) word hierdie eerste laag ook die “asof” laag genoem, omdat speletjies met die kind gespeel word om sy/haar bewustheid van die self te verhoog. Die eerste fase van terapie word deur die ontwikkeling van ‘n vertrouensverhouding gekenmerk en om kontak met die kind te bewerkstellig. Hierdie laag word ook deur onvoltooidhede binne ‘n persoon wat selde opgelos word, gekenmerk.

4.2 **Fobiese laag**

Die individu word in hierdie fase van sy/haar valse “speletjies” (voorgee) en sy/haar vrees wat die “speletjies” instand hou, bewus. Die individu probeer in hierdie fase om emosionele pyn te vermy en vrees verwerping.

4.3 “Impasse” laag

Tydens hierdie fase is die individu daarvan oortuig dat hy/sy nie die nodige hulpbronne binne homself of die omgewing het om te verander nie. Dit gebeur dat die individu in hierdie fase tydens die groeiproses vasval.

4.4 Implosiewe laag

Tydens hierdie fase begin die individu die ware self blootstel. Die individu raak van sy/haar eie beperkinge bewus en begin met nuwe gedrag en optrede eksperimenteer. Die individu begin ook sy/haar verdedigingsmeganismes opgee.

4.5 Eksplosiewe laag

Sodra eksperimente met nuwe gedrag suksesvol is, word hierdie fase in die groeiproses bereik. Hierdie fase word deur die vrystelling van ongebruikte energie gekenmerk, wat die individu opgegaar het om 'n valse (“phony”) bestaan in stand te hou.

Volgens Thompson & Rudolph (1992:113) is die terapeutiese proses “ ... emphasizes direct experiences. It focuses on achieving awareness of the here and now and frustrating the client in any attempt to break out of this awareness.”

Navorsers is van mening dat die waarneming van die kind se houding tydens terapie van groot belang is. 'n Meer betekenisvolle aanduiding kan verkry word deur te let op liggaamshouding en nie-verbale kommunikasie as die verbale inligting wat verkry word. Verder is die navorsers van mening dat die terapeut ook op sy eie gevoel moet staatmaak en hom dan daardeur moet laat lei.

5. **KIND AS KLIËNT** MERKE VAN DIE KIND AS KLIËNT

Navorsers is van mening dat voordat daar met terapie met die kind begin kan word, daar eers 'n duidelike begrip van die kind as kliënt verkry moet word. Een van die opvallendste kenmerke van terapie met die kind is dat die kind anders as die volwassene behandel moet word. Juis om hierdie rede bied speltherapie 'n vorm van kommunikasie waarvolgens daar met die kind in sy eie taal gekommunikeer kan word.

Verder is navorsers ook van mening dat om met die kind as unieke individu te kan werk, word deeglike kennis en insig van die kind se belewenisse en funksionering geveer. Sonder kennis en begrip van die kind as kliënt kan leiding verskaf word wat die kind se unieke ervarings en behoeftes misken, sodat terapie derhalwe bemoeilik kan word. Volgens Schoeman & Van der Merwe (1996:6) verskil die kind ten opsigte van ontwikkelingsvlak, kommunikasie, hantering van die kliënterol en terapeutiese verhouding van die volwassene.

5.1 **Kenmerke van die kind as kliënt**

Navorsers beweer dat die kenmerke van die kind as kliënt van die volwasse kliënt verskil. Die volgende tabel word verskaf wat van die belangrikste kenmerke van die kind as kliënt aandui:

Ontwikkelingsvlak	Kommunikasie	Terapeutiese
- Neem langer om insig te verkry	- Beperkte kommunikasie	- Demokraties Wys
- Kan nie goedkoop konflikte hanteer nie	- Nie-verbale kommunikasie	- Sensitief vir valsheid
- Kan nie goedkoop konflikte hanteer nie	- Kan nie goedkoop konflikte hanteer nie	- Spontaan
- Kan nie goedkoop konflikte hanteer nie	- Kan nie goedkoop konflikte hanteer nie	- Kan afhanklik raak
- Nie gewoond aan eie besluite nie	- Kan nie goedkoop konflikte hanteer nie	- Plaas terapeut in verskillende rolle, volgens behoeftes
- Hanteer terminasie moeilik	- Kan nie goedkoop konflikte hanteer nie	- Dikwels 'n "gedwonge" kliënt
- Kan nie goedkoop konflikte hanteer nie	- Kan nie goedkoop konflikte hanteer nie	- Ouers moet betrek word by terapie. Kan nie met kind in isolasie werk nie

(Vergelyk Schoeman & Van der Merwe, 1996:6 en Oaklander, 1988:123)

TABEL 4: KENMERKE VAN DIE KIND AS KLIËNT

Ontwikkelingsvlak	Kommunikasie	Terapeutiese verhouding
- Gedrag of optrede is onvolwasse	- Woordeskat is beperk - Verbale taal is baie onderontwikkel	- Kind is nie gewoon aan aandag en individualisasie nie
- Neem langer om insigte ontwikkel	- Beperkte vermoë om gevoelens te verbaliseer	- Demonstratief: Wys gevoel duidelik
- Beperkte vermoë om fantasie en realiteit van mekaar te onderskei	- Taal wissel van kinderagtig tot gesofistikeerd	- Opreg en eerlik
- Beperkte vermoë tot empatie	- Nie-verbale kommunikasie is baie prominent	- Sensitief vir valsheid - Spontaan
- Swak selfinsig en kennis	- Lang stiltes kan voorkom	- Kan afhanklik raak
- Beperkte vermoë om konflik te hanteer		- Plaas terapeut in verskillende rolle, volgens behoeftes
- Nie gewoon aan eie besluite nie		- Dikwels 'n "gedwonge" kliënt
- Hanteer terminasie moeilik		- Ouers moet betrek word by terapie. Kan nie met kind in isolasie werk nie

(Vergelyk Schoeman & Van der Merwe, 1996:6 en Oaklander, 1988:123).

Volgens Schoeman (1996:76) en Smith (1981:97) is daar ook ander kenmerke wat die kind as kliënt van volwassenes onderskei. Dit behels die volgende:

- Die kind het 'n onvermoë om homself as kliënt te sien.
- Die kind se optrede is onryp.
- Sy optrede hou met sy ouers se optrede verband.
- Die kind het onverwoorde gevoelens.
- Hy kan homself nie in die ouer se rol plaas nie.
- Formaliteit is onaanvaarbaar.
- Afhanklikheidstendens kan sterker wees.
- Terapeut het 'n verantwoordelikebesef teenoor die kind.
- Kind is onbewus van 'n behoefte om gehelp te word.
- Kan nie op volwassenheid aanspraak maak nie.
- Kan nie oordeel wanneer terapie gestaak moet word nie.

Navorsers is van mening dat terapie met kinders 'n unieke ervaring is. Dit beteken dat die terapeut deel van die kind se leef- en ervaringswêreld moet word. Elke individuele kind se terapeutiese proses verloop op sy eie unieke manier. Daarvolgens moet die terapeut aan die kind die geleentheid bied om sy eie proses te deurloop. Vervolgens word die proses van die kind beskryf.

5.2 Kind se proses

Die kind se proses verloop aan die hand van verskeie funksies, naamlik:

5.2.1 Kontakfunksies

* **Sintuiglike waarneming**

Volgens Oaklander (1988:109) maak die kind deur middel van sy sintuiglike waarneming (smaak, sien, hoor, ruik en voel) kontak met homself en sy wêreld.

'n Kind moet die geleentheid hê om met sy eksterne wêreld kontak te maak, omdat hy deel van daardie wêreld is. Die sintuie is daarop ingestel om kontak met die eksterne wêreld te kan maak (Passons, 1975:74).

- **Gevoel (aanraking):** Volgens Schoeman (1996:84) is die vel die grootste orgaan, maar dit geniet dikwels die minste aandag. Kontak deur 'n ander persoon dra 'n sensoriese boodskap. Mense verken hulle wêreld grootliks deur middel van gevoel. Sensoriese stimulasie kan deur middel van water, klei, sand en verf plaasvind. Hierdie hulpmiddels kan die kind help om in kontak met sy gevoelens te kom.
- **Sien:** Volgens Oaklander (1988:113) is visie die hoof koördinerings-sensoriese modaliteit. Deur visie kom die kind met die fisiese wêreld om hom/haar in kontak. Kinders geniet dit om te kyk en stel graag ondersoek na die wêreld om hulle in. Volgens Schoeman & Van der Merwe (1996:43) is elke mens se persepsie anders, en word lyne en vorms gebruik om 'n geheelbeeld (Gestalt) te vorm. Indien met visuele hulpmiddels tydens terapie gewerk word, moet dofheid, helderheid, vorm en kleur in ag geneem word.
- **Hoor:** Volgens Thompson & Rudolph (1992:119) is die kind wat nie kan hoor nie, ook nie met sy emosies en visie in kontak nie. Oaklander (1988:113) noem dat die toelating van klank in die kind se bewustheid die eerste stap tot kontakmaking en kommunikasie is. Die kind kan van klanke bewus gemaak word deur na musiek, voëltjies en alledaagse geluide te luister.
- **Ruik:** Reuke help om te bepaal wat in die omgewing aangaan. Die kind kan in 'n gesprek gelei word om reuke wat vir hom aangenaam of onaangenaam is, aan 'n gebeurtenis te koppel. Die kind kan tydens terapie aan verskillende reuke blootgestel word en oor sy/haar ervaring praat (Schoeman & Van der Merwe, 1996:45).

- **Smaak:** Die tong help om tussen smake soos suur, soet, bitter en sout te kan onderskei. Verder is die tong ook vir die uitdrukking van emosies belangrik, soos om vir iemand tong uit te steek as teken van aggressie of ontevredenheid. Die tong is ook belangrik in die vorming van woorde en die uitdrukking van emosies. Elke kind ontwikkel 'n unieke smaak met sy voor- en afkeure.

* **Asemhaling**

Oaklander (1988:138) noem dat asemhaling 'n belangrike deel van liggaamsbewustheid uitmaak. Die asemhaling hou met angs, spanning en vrees verband wat in die terapeutiese situasie hanteer moet word. Die kind kan deur middel van asemhaling gehelp word om te ontspan. 'n Ontspanningsoefening of 'n fantasie kan gebruik word om die kind op sy gemak te laat voel. Hierdie is ook 'n assesseringshulpmiddel wat help om die kind se proses te lees. Beheer ten opsigte van asemhaling bied aan die kind ook beheer oor sy liggaam.

* **Liggaamshouding**

Aangesien die kind se taalontwikkeling nog nie voltooi is nie, maak hy sterk op nie-verbale kommunikasie aanspraak. 'n Neerdrukkende of geboë liggaamshouding hou met fisiese- en emosionele probleme verband. Kinders met 'n swak selfbeeld is dikwels onbekend met hulle liggame en wat hulle kan doen. Die kind se liggaamshouding en gesigsuitdrukking is dus belangrik tydens terapie en die terapeut moet daarop ingestel wees om daarop te let (Oaklander, 1988:284).

5.2.2 Selfonderskraging

* **Selfgerigte stellings**

Gestaltterapie help die kind om van sy proses, deur eksperimentering met

nuwe gedrag bewus te word. Selfgerigte stellings help om die kind se bewustheid in die hier-en-nou te verhoog. Voorbeelde van selfgerigte stellings is die volgende:

- Die kind fokus op die hede: Hy skryf van watter dinge hy nou bewus is.
- Leer om "ek" boodskappe in plaas van "jy" boodskappe te gee.
- Kind verander vrae in stellings om meer selfgeldend op te tree.
- Kind voltooi sinne soos: Op hierdie oomblik voel ek?

(Thompson & Rudolph, 1992:114).

5.2.2 Emosionele Utdrukking

* **Bemeestering**

Volgens Schoeman & Van der Merwe (1996:67) moet die terapeut die kind se vermoë tot selfstandigheid ontwikkel. Die vordering in die hantering van die probleem bring 'n gevoel van bemeestering mee wat groei by die kind bewerkstellig.

Oaklander (1988:282) noem die volgende riglyne om die kind te bemeester:

- luister en erken die kind se gevoelens;
- hanteer die kind met respek;
- aanvaar die kind;
- gee erkenning vir spesifieke prestasies; en
- wees altyd eerlik met die kind.

Navorsers is van mening dat opdragte wat aan 'n kind tydens die terapeutiese proses gegee word, bemeester moet kan word. Dus moet die kind se ontwikkelingsvlak in gedagte gehou word by die gee van opdragte. Sodra die kind die gegewe opdrag voltooi en bemeester, sal dit aan hom 'n gevoel van beheer gee.

* **Beheer**

Beheer hou met bewustheid van die self en selfaanvaarding verband (Oaklander, 1988:61). Volgens Thompson & Rudolph (1992:111) en Schaefer & O'Connor (1994:309) is bewustheid om met die self in kontak te wees. 'n Persoon is met homself in kontak deur sy bewustheid van sy gevoelens en behoeftes. Die terapeut gee aan die kind beheer deur hom toestemming te gee om homself te wees.

5.2.3 Emosionele Uitdrukking

* **Gevoelens**

Kinders is nie met gevoelens bekend nie (vergelyk Oaklander, 1988:122 en Schoeman, 1996:76). Die belangrikste struikelblok wat die verbalisering van emosies blokkeer, is weerstand of verdedigingsmeganismes. Kinders moet geleer word watter verskillende gevoelens daar is en dat gevoelens besit en gedeel kan word. Gevoelens word deur middel van ons liggame ervaar en uitgedruk.

* **Projektering van gevoelens**

Projeksie is die neiging om die omgewing verantwoordelik te hou vir wat in die self ontstaan. Deur projeksie onteien die individu sy impulse en ook die dele van homself waar die impulse ontstaan (Aronstam, 1989:638).

Volgens Oaklander (1988:145) is projeksie 'n wyse wat kinders het om hulle eie ervaringe te ontken.

Projeksie dien die volgende doel:

- bied die geleentheid om die verwagtinge van ander te verwerk;
- manier om onverwerkte aangeleenthede uit te beeld;

- beskerm die kind teen kritiek en verwerping; en
 - die kind kommunikeer sy behoeftes op iets anders
- (Schoeman & Van der Merwe, 1996:64 en McMahon, 1992:87).

Volgens die navorser voel die kind soms 'n onvermoë om sy gevoelens (aggressie, woede, hartseer) te verbaliseer en word dit na ander geprojekteer. Om te bepaal hoe 'n kind werklik voel, is dit belangrik om sy gevoelens te projekteer.

* **Besit van gevoelens**

Volgens Oaklander (1988:123) word gevoelens deur kinders vermy deur dit weg te stoot, te ontken en weg te steek. Slegs deur aan die gevoelens uiting te gee of dit te erken, kan dit hanteer word. Verder hou gevoelens ook met bewustheid en die gesonde persoonlikheid verband. Die kind moet dus meer van sy liggaam bewus word en dus ook sy gevoelens. 'n Kind besit dus sy gevoelens sodra hy daarmee bekend is. Sodra die gevoelens besit word, kan dit hanteer word.

Navorser is van mening dat bogenoemde daarop wys dat die mens 'n Gestalt is. Die Gestalt is in balans wanneer mens met homself in kontak is en sy gevoelens besit.

* **Hantering van gevoelens**

Schoeman en Van der Merwe (1996:52) noem dat onopgeloste gevoelens by 'n kind soveel energie opneem dat daar nie genoeg energie oorbly om ander gevoelens te hanteer nie. Volgens Axline (1969:99) kan die terapeut die kind se gevoelens aan hom terugreflekteer om hom sodoende te help om insig in sy gevoelens te ontwikkel. Deur insig in gevoelens te ontwikkel, word die hantering van daardie gevoelens moontlik gemaak.

Daar is verskeie spelterapeutiese hulpmiddels wat die terapeut kan gebruik, byvoorbeeld verf, klei, handpoppe en potlode. Die hulpmiddels kan die kind se sensoriese en emosionele gevoelens prikkel. Dit dra daartoe by dat hy oor sy gevoelens en probleme praat (Oaklander, 1988:60).

5.2.4 Hantering van die proses

Die terapeut kan verskeie vaardighede benut om die kind te leer om sy eie gevoelens te hanteer. Oaklander(1988:123) maak van 'n bewustheids-kontinuum gebruik om 'n mens meer van hul liggame bewus te maak. Die kind word daardeur gehelp om onderdrukte gevoelens uit te druk.

Volgens Schoeman (1996:85) kan die terapeut veral op die volgende vaardighede let:

- konfrontering: fokus op onvanpaste gedrag van die kind. Dit skep ook ongemak by die kind;
- hantering van die realiteit;.
- neem verantwoordelikheid; en
- verkry genoegsame steunstelsels.

5.2.5 Terminering

Die kind moet vooraf op terminering van die terapeutiese proses voorberei word, aangesien kinders terminasie moeilik hanteer. Die termineringsdatum moet deurentyd tot op die kind se bewustheidsvlak gebring word (Levinson, 1977:481).

5.2.6 Grense

Schoeman (1996:86) noem dat grense vir 'n kind belangrik is. Die kind wat weet waar hy staan, is in 'n baie beter posisie om homself te handhaaf as die kind wat iets probeer doen en ingeperk moet word. Die kind met grense raak

met die realiteit van sy omstandighede vertrouwd (Axline, 1969:132). Die kind moet dus nie net Grense beskerm die kind se regte. Die kind het dus ook die reg om op dinge wat byvoorbeeld aan hom belowe is, aanspraak te maak. Verder bied grense ook aan die kind die raamwerk en die sekuriteit wat nodig is om in 'n gegewe situasie op te tree. Die kind moet ook gehelp word om homself binne die grense van die terapeutiese sessie te beheer (Schoeman, 1996:87).

Volgens Schoeman (1996:87) is daar voordele aan die daarstelling van grense, naamlik:

- Dit kan uitreagerende gedrag in aanvaarbare gedrag kanaliseer.
- Help die kind om op te tree soos wat van hom verwag word.
- Dit bied struktuur waarbinne die kind kan waag sonder dat hy as mens afgetakel word.
- Selfhandhawing en magsversterking word verhoog.
- Dit is gerig op behandeling en nie om die kind noodwendig aan bande te lê nie.
- Verder bied dit aan die terapeut 'n goeie demonstrasie van hoe die kind op beperkinge reageer.
- Dit bewerkstellig houdings en aanvaarding.
- Dit gee aan die kind die nodige sekuriteit.

5.2.7 Selfvertroeteling

Volgens Schoeman & Van der Merwe (1996:181) moet die kind in staat wees om homself te vergewe. Die ouer wat vertroetel, bewerkstellig empatie en groei by sy kind. Thompson & Rudolph (1992:231) is van mening dat oormatige vertroeteling die kind se vermoë om vir homself te sorg, versmoor en inhibeer. Dit blyk dus dat 'n goeie balans ten opsigte van die hoeveelheid vertroeteling wat aan die kind gegee word, gehandhaaf moet word.

Schoeman & Van der Merwe (1996:181) noem verder dat 'n kind moet leer om homself te vertroetel om sodoende in beheer te bly. Die kind moet dus nie net homself kan vergewe vir wat hy verkeerd doen nie, maar homself ook kan bederf.

Navorsers is van mening dat die positiewe van elke kind of situasie ten alle tye in terapie na vore gebring moet word. Dit is nodig vir die kind om integrasie van sy totale menswees te kan beleef. Die kind se veilige plekkie in sy lewe (daar waar hy veilig voel om te kan dink en voel wat hy wil), is vir sy self vertroeteling belangrik. Die kind kan byvoorbeeld in terapie gelei word om sy veilige plekkie te teken of te beskryf. Daardeur leer die kind die waarde van sy veilige plekkie vir self vertroeteling.

6. BASIESE BEGINSELS VAN GESTALTTERAPIE

Volgens Louw (1982:633) is daar vier basiese beginsels in die Gestalt terapie, naamlik:

- **Holistiese beskouing:** Verwys daarna dat die mens 'n geïntegreerde organisme is wat altyd as 'n eenheid funksioneer. Holisme is die geheel wat groter is as die som van die onderdele, dus die totaliteit van die organisme. Dit verwys na die totale eenheid van die mens (emosies, liggaam, denke, persepsies, fisiese en psigiese).
- **Homeostase:** Alle lewe en gedrag word deur homeostase of selfregulering beheer ten einde wanbalans te herstel. Die mens streef ten alle tye daarna om enige fisieke of psigiese wanbalans te herstel. Genoemde proses is dus die vervulling van behoeftes. Dit speel 'n belangrike rol in die eenheid van 'n mens. Sodra daar 'n onvoltooide Gestalt is, ervaar die mens 'n wanbalans. Dus streef die mens daarna om die balans te herstel en daardeur 'n onbevredigende behoefte te vervul. Homeostase word dus deur die voltooiing van 'n Gestalt verkry.

- **Kontakgrens:** 'n Mens is altyd in kontak met sy omgewing en het daarom grense nodig om hom van die omgewing te skei. Die grense help 'n persoon om sy individualiteit te behou.
- **Bewustheid (hier-en-nou):** Volle bewustheid is vir enige organisme nodig om sodoende sy mees dominante behoefte te vervul. Indien 'n persoon nie van sy behoefte bewus is nie, kan Gestaltvoltooiing nie plaasvind nie. Bewustheid alleen hou ook terapeutiese waarde in. Bewustheid is 'n belangrike werktuig om in kontak met die self en die omgewing in die hede te wees. Oaklander (1988:146) noem dat ervaring die sleutel tot bewustheid is. Deur 'n verskeidenheid van ervarings aan die kind te verskaf, is 'n belangrike komponent van die terapeutiese proses.

7. TOEPASSING VAN DIE GESTALTTERAPIE

Die toepassing van die Gestaltterapie sal aan die hand van Schoeman(1996:66) bespreek word. Kernaspekte in die benadering by die kind is as volg:

7.1 **Kontakgrens**

Die kind verbreek die kontakgrens as die terapeut te na aan sy emosies en gevoelens kom. Hy kan dit voortdurend verbreek om vir homself ruimte in 'n ongemaklike situasie te skep (weerstand).

7.2 **Bewustheidskontinuum**

Dit gaan hier om die kind se belewenis van die hier-en-nou. Die terapeut moet eers 'n bewustheidsvlak bepaal, voordat terapie met die kind gedoen word. Die bewustheidsvlak van die kind kan bepaal word deur die kind op sensoriese vlak aan te spreek (ruik, hoor, sien, voel, proe).

7.3 Defleksie

Defleksie verwys na weerstand in die vorm van ontkenning. Die kind ervaar dus dat hy 'n probleem het, maar wil nie daaraan werk nie. 'n Kind kan dit wat hy ervaar, verdring.

7.4 Emosies

Die kind se emosionele vlak tydens terapie is belangrik. Die kind se gedrag tydens terapie is aan emosionaliteit gekoppel en help hom om met sy innerlike self in kontak te kom.

7.5 Fantasie

'n Kind kan gewoonlik fantasie nie van sy ervaringswêreld losmaak nie. Dit is vir 'n kind nodig om te fantaseer, sodat hy kan ontspan en homself in 'n ander situasie kan verplaas. Dit gee hom balans binne sy eie Gestalt.

7.6 Figuur-voorggrond

Dit wat vir die kind in die hier-en-nou belangrik is, word na die voorgrand gebring. Die kind het ook 'n figuur-agtergrond wat wel 'n probleem is wat kan manifesteer. Dit is egter nie so prominent dat dit in die kind se voorgrand is nie. Sodra die kind se behoefte op die voorgrand hanteer is, word dit 'n voltooidheid wat veroorsaak dat die voorgrand verdwyn. Sodra dit plaasvind, kom die agtergrond weer na vore wat as die kind se figuur-voorgrand manifesteer.

7.7 Introjeksie

Volgens Aronstam (1989:638) is introjeksie die proses waardeur die individu inhoude sonder kritiek vanuit sy omgewing inneem. 'n Kind het nie altyd die volwassenheid om te onderskei nie en sal enigiets glo wat hy van homself

hoor. Baie van hierdie boodskappe is verkeerd en versteur die gesonde ontwikkeling van die kind. Hierdie introjeksies vernietig sy gevoel van die self.

7.8 Projeksie

Dit is 'n neiging om die omgewing verantwoordelik te hou vir wat in die self ontstaan. Projeksie is 'n tipiese wyse wat kinders het om hul eie ervaring te ontken. Kinders sal leuens vertel en ontken, omdat hulle min egokragte het om verantwoordelikheid vir hul gedrag te aanvaar. Hulle blameer ander. Hulle doen dit deur hulle eie gevoelens op ander te projekteer, omdat dit te moeilik en gevaarlik is om hierdie gevoelens te besit (Oaklander, 1988:145).

Die doel van projeksie behels die volgende:

- dit beeld onverwerkte aangeleenthede uit;
- dit bied 'n manier om selfrespek te behou;
- dit beskerm die kind teen kritiek en verwerping; en
- die kind kommunikeer sy behoeftes op iets anders.

7.9 Retrofleksie

Retrofleksie is die proses waartydens die individu teen homself/haarself draai weens vrees of angste om die ander party te konfronteer. Die individu behandel ander soos hy homself wil behandel. Die kind rig alle energie op homself, en plaas alle blaam en skuld op homself vir dit wat verkeerd loop (Louw, 1982:638).

7.10 "Topdog/Underdog"

Die "topdog" werk altyd met dit wat 'n individu moet doen. Die "underdog" manipuleer deur verskonend en verdedigend te wees. Die "underdog" werk met dit wat 'n individu wil doen en is op die plesierbeginsel gebaseer. Die "topdog/underdog" beginsel is dus 'n bipolariteit en stel "ek moet" teenoor "ek

wil" voor (Thompson & Rudolph, 1992:115).

7.11 Onvoltooidhede ("unfinished business")

Onvoltooidhede is deel van elke individu. Dit is onbevredigende behoeftes, onverwerkte gevoelens of 'n onvolledige situasie by 'n individu wat na die voorgrond tree en 'n wanbalans in die Gestalt teweeg kan bring. Soms word hierdie onvoltooidhede nooit na die oppervlak gebring nie, wat ongemak in die onderbewussyn kan bewerkstellig. Die kind is gewoonlik nie van pynlike en angswekkende emosies bewus nie en dit word uit vrees vir verwerping ontken.

7.12 Polariteite

Polariteite dui op 'n teenstelling van die gegewendheid. Oaklander (1988:157) het aangedui dat elke individu 'n polariteit in hom het. Die mens is byvoorbeeld beide nederig/trots, dapper/bang of dominerend/onderdanig. Die kind raak verward as hy ontdek dat daar polariteite in hom is. Die terapeut moet van gemak na ongemak by die kind beweeg. Die kind moet byvoorbeeld eerste oor bly gevoelens praat, of die polariteit teken (hartseer/bly, goed/sleg, hou van/hou nie van nie).

7.13 Samevloeiing

Tydens samevloeiing ervaar die mens geen grense tussen hom en sy omgewing nie. Op die lange duur is dit negatief aangesien die individu dan nie kan onderskei waar hy begin en ander eindig nie. 'n Kind vereis eendersheid van die terapeut en kan verskille nie verdra nie. Die terapeut beweeg tydens die terapie saam met die kind en sy eie proses. Dit kan egter soms 'n valse gevoel van die self gee, sodat kontak met die realiteit verloor word (Thompson & Rudolph, 1992: 113).

Navorsers is van mening dat probleme dikwels ontstaan weens 'n probleem wat nie in die geïntegreerde geheel ingeskakel kan word nie. Dit is dus duidelik dat

die aspekte wat tot problematiek bydra tydens die terapeut se terapie met die kind in aanmerking geneem moet word.

8. TEGNIEKE IN GESTALTTERAPIE

Volgens Thompson & Rudolph (1992:114) is daar verskeie tegnieke wat in Gestaltterapie gebruik kan word, naamlik:

8.1 **Dialog**

Tydens terapie word spesifieke, doelgerigte taal en vrae gevra ten einde die kliënt van sy eie bewuste bewus te maak. Vrae soos "hoekom?" word vermy omrede die kliënt redes vir sy gedrag kan noem sonder om verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar. Tydens dialoog word alle gesprekvoeringe in die teenwoordige tyd gehou. Dialoog kan ook die volgende behels:

Ek-boodskappe: Dit help die kind om verantwoordelikheid vir sy gedrag, gevoelens en gedagtes te aanvaar, byvoorbeeld: "**Ek** weet hoe dit voel as **my** onderwyser met **my** raas."

- **Verantwoordelikheidneming:** Noem gevolge van gedrag aan die kind, laat hom daarvoor besluit en laat hom die gevolge van sy besluit dra.
- **Verander vrae in stellings:** Vrae kan deur die kind as konfrontasie geïnterpreteer word. Deur stellings te maak, word die kind gehelp om direk te wees in die uitdrukking van hulle emosies en gedagtes, byvoorbeeld: "Ek dink dit moet jou kwaad maak ..."
- **Onvoltooide sinne:** Deur van onvoltooide sinne gebruik te maak, word die kind gehelp om bewus te word van hoe hulle hulself kan help of benadeel, byvoorbeeld: "Ek help myself wanneer ..." of "Ek benadeel myself wanneer ..." (Schoeman, 1996:67).

8.2 Leë-stoeltegniek

Tydens dië tegniek word 'n leë stoel geneem waarin die kind enigiemand of enige onvoltooide deel van homself kan plaas. Die kind tree in gesprek met wie of wat in die stoel geplaas is. Die tegniek is bruikbaar indien 'n kind konflikte tussen hom en ander of innerlike konflik moet hanteer. Deurentyd terwyl die gesprek vloei, kan die terapeut die kind stoele laat omruil en die rol van die ander persoon in die stoel inneem. 'n Gedeelte van die kind word dus op die leë stoel geprojekteer. Daar moet op polariteite gefokus word (sien 7.12) waar die positiewe gevoelens ook uitgewys word. Hierdie tegniek verander egter nie die gedrag nie (Schoeman 1996:67).

Die leë-stoeltegniek help ook om groter bewustheid en helderheid in die terapie te verseker. Onvoltooidhede word dus na die hede gebring waar die ontlading daarvan perspektief by die kliënt kan bewerkstellig.

8.3 Fantasiëspel

Fantasie is vir alle kinders van alle ouderdomsgroepe groot pret. Dit laat hulle van hulle gevoelens bewus word. 'n Tegniek wat hier gebruik kan word, is onder andere:

8.3.1 Pendeltegniek

Schoeman (1996:67) noem dat die kind deur middel van die pendeltegniek homself na 'n situasie kan verplaas wat vir hom baie aangenaam is. Die terapeut kan die kind laat ontspan deur hom byvoorbeeld op sy rug te laat lê en sy oë toe te maak, terwyl hy deur middel van gedagtebeelde homself verplaas. Dit skep ook vir die kind veiligheid.

8.4 Droomwerk

Drome is volgens die Gestaltterapie 'n baie bruikbare tegniek, aangesien geen

direkte manipulasie plaasvind nie. Drome verteenwoordig onvoltooidhede van die persoonlikheid en moet tot 'n eenheid geïntegreer word. Die Gestaltterapie analiseer dus nie 'n droom nie, maar lei die kind om vir sy droom verantwoordelikheid te neem. Die hier-en-nou van die droom is vir die terapeut belangrik aangesien dit die kind se onvoltooide Gestalt kan verklaar en selfbewustheid by die kind kan bewerkstellig.

Die kind kan sy droom(e) in die teenwoordige tyd aan die terapeut oorvertel en dit lei daartoe dat die kind emosioneel betrokke kan raak. Verder kan die kind sy drome uitspeel waar die kind se gevoelens en gedagtes uitgespreek word.

8.5 Sensoriese kontakmaking

Die terapeut kan die kind op die hier-en-nou laat fokus deur van sensoriese kontakmaking gebruik te maak. Die terapeut maak hier gebruik van sintuie (voel, ruik, sien, hoor en proe) (sien ook 5.2.1).

Die volgende is voorbeelde van aktiwiteite met die sintuie vir bewuswording van die self en die omgewing:

- **Aanraking:** Vingerverf, klei, sandspeletjies en aanraking van verskillende teksture.
- **Sien:** Kyk na prente met baie detail, sketse van blomme, vrugte, foto's en 'n spieël.
- **Luister:** Luister na musiek terwyl die kind verf (agtergrondmusiek) of uitkenning van verskillende klanke (voëls, wind, ritsel van blare, water wat kabbel).
- **Proe:** Uitkenning van verskillende smake (soet/suur/bitter/sout) of beskryf geliefkoosde smaak.

- 10.1 - **Ruik:** Laat die kind aan dinge ruik (blomme, parfuum, klere)
(Schoeman, 1996:84).

9. TERAPEUTIESE VERHOUDING

Volgens Schoeman & Van der Merwe (1996:29) en Brammer & Shostrom (1977:161-174) is daar belangrike doelwitte in die bou van 'n terapeutiese verhouding, naamlik:

- Terapeut moet kennis van die probleem dra wat die ouer oorreed om die kind vir speltherapie in te skakel.
- Dit is belangrik om die kind met sy sensoriese, emosionele en kognitiewe behoeftes in kontak te bring.
- Die kind moet gehelp word om sy eie behoeftes deur middel van speltherapie te bevredig. Hy moet ook weet of hy realisties met sy verwagtinge is.
- Die kind moet beseft dat daar situasies tydens die terapie sal wees wat emosioneel pynlik kan wees, maar dat dit vir sy behandeling nodig is.
- Verder moet die kind weet dat hy keuses moet maak en vir sy eie lewe verantwoordelik is.
- Die kind moet gewillig wees om homself met sy omgewing te identifiseer.
- Die terapeut moet 'n studie van die kind se prosesse doen (Hoe hanteer die kind die eise van sy unieke situasie in die hede?).
- Die terapeut moet die kind bemagtig sodat hy selfvertroue het en verantwoordelikheid vir sy eie lewe kan neem.

10. VEREISTES VIR TERAPEUTIESE VERHOUDING

Schoeman & Van der Merwe (1996:30) beweer dat daar belangrike vereistes vir 'n terapeutiese verhouding is, naamlik:

10.1 Bewuswording

'n Kind wat vir terapie gaan, het gewoonlik slegs 'n vae idee van die rede waarom hy daar is. Sy ervaring van die terapeutiese situasie moet dus bepaal word en sy bewuswording daarvan moet verhoog word. Die terapeut moet bepaal wat die kind op daardie spesifieke oomblik ervaar. Schoeman & Van der Merwe (1996:30) beweer bewuswording is " ... a form of experiencing. It is the process of being in vigilant contact with the most important event in the individual environment field with sensorimotor, emotional, cognitive and energetic support."

Elke ervaring van die kind (sien, proe, hoor, ruik, voel) het 'n emosionele element. Dit is die terapeut se taak om die kind hiervan bewus te maak.

10.2 Tydsbenutting

Tydens terapie moet die terapeut teen haastigheid waak. Vanweë die feit dat die hede die fokuspunt in die kind se probleemoplossing is, moet die terapeut daarteen waak om die kind aan te jaag. Die kind moet self die tyd en die pas van die terapeutiese sessie bepaal. Die kind het meer tyd as volwassenes nodig om dinge te deurdink en om sy verbeelding uit te leef. Sodra die kind beleef dat hy 'n onvermoë het om 'n gegewe taak binne 'n bepaalde tyd te bemeester, kan hy ontoereikend voel. Die gevolg kan wees dat die kind kan weier om verder deel van die terapeutiese spel te wees.

10.3 Ekwilibrum

Om in ekwilibrium te wees, is 'n belangrike faktor vir die kind. Die kind is heeldyd bewus van wat ander mense van hom dink. Die gevolg is dat hy in ekwilibrium wil wees, met ander woorde hy gee eerder aan sy uiterlike as aan sy innerlike behoeftes toe. Indien die kind optree om aanvaar te word ten koste van sy eie behoeftes (maak valse beloftes), is daar 'n onderdrukking van behoeftes, en 'n stryd tussen aanvaarding en sy eie werklike behoeftes. Dit

kan dus gebeur dat die kind die verkeerde boodskap aan die terapeut oordra.

10.4 Vriendskap

Die terapeut moet die kind se speelmaat en vriend word. Dit is ook die belangrikste oogmerk van die terapeutiese verhouding. Die terapeut moet volgens die Gestalt, die kind as 'n gelyke hanteer so ver dit moontlik is (byvoorbeeld: wanneer die kind onregverdig in sy houding is, mag die terapeut hom op sy onregverdigheid wys). Die vriendskapsverhouding word gewoonlik deur gee en neem gekenmerk. Sodra die kind hier die dinamika begryp, ervaar hy 'n gevoel van gelykheid en gemak.

10.5 Kontakmaking

Kontak behels 'n verbintenis met die omgewing sowel as die self. 'n Kind wat 'n boek lees, is in kontak met die boek. Dit is noodsaaklik dat die terapeut soortgelyke kontak met die kind het om die ek/jy-verhouding te vergemaklik. Die terapeut is dus ook in kontak met haarself (bewus van eie emosies en denkprosesse). Dit beteken dat die terapeut ten volle betrokke is (Oaklander, 1988:148).

Volgens die navorser kan die fokus van terapie wees om die kind te help om kontak met die terapeut te behou. Die terapeut kan met enigiets begin wat die kind interesseer, al blyk dit geen terapeutiese waarde te hê nie.

10.6 Geduld

Die terapeut moet ten alle tye teen die kind se tempo beweeg. Die terapeutiese verhouding moet dus eers gevestig wees voor terapie begin kan word (Axline, 1969:125).

10.7 Vorme van spel

Die terapeut moet vorme van spel gebruik wat wel deur die kind bemeester kan word, en aan hom bekend is (byvoorbeeld: gebruik klei as spelmedium vir die kind met koördineringsprobleme). Die terapeutiese verhouding kan deur die gebruik van spel opgebou word aangesien dit 'n vlak van kommunikasie en vrye uitdrukking is wat vir die kind aanvaarbaar is (Landreth, 1991:197).

10.8 Grense

Volgens McMahon (1992:67) moet die terapeut reeds aan die begin van die terapie aan die kind noem dat daar sekere grense is, byvoorbeeld:

- Kind moenie homself en die speelgoed beskadig nie.
- Kind moet terapeut help om na afloop van die sessie op te ruim.
- Terapeut moet die kind vooraf waarsku dat daar 'n tydsbeperking is, sodat die aktiwiteit voltooi kan word en dus ook sy Gestalt.
- Terapeut moet noem watter gedrag aanvaarbaar is en hoe ver die terapeut die kind gaan toelaat om aggressief op te tree.

Grense is nodig vir die stel van 'n warm, aanvaarbare en nie-veroordelende atmosfeer. Elke terapeut bepaal egter sy eie toleransievlak vir reëls en regulasies (West, 1992:137).

10.9 Vertroulikheid

Inligting wat die kind aan die terapeut tydens spel voorsien, moet ten alle tye as vertroulik bestempel word. Volgens McMahon (1992:63) moet die kind weet wat die terapeut vir ander vertel. Eerlikheid is dus belangrik en die kind se toestemming moet verkry word voordat enige inligting aan enige ander persoon oorgedra of vertel word.

Indien mishandeling of seksuele molestering na vore kom, moet die terapeut wel hierdie inligting in belang van die kind se veiligheid deel. Met minder sensitiewe inligting kan die kind by samesprekings betrek word om sodoende aan hom beheer te gee en vertroue te behou (West, 1992:32).

Vertroulikheid is 'n sensitiewe, maar belangrike aspek van die terapeutiese verhouding. Dit moet met oorleg en versigtigheid deur die terapeut aangewend word.

11. ROL VAN DIE TERAPEUT

Thompson & Rudolph (1992:113) en Papalia (1985:560) se mening ten opsigte van die terapeut se rol is oorvleulend en behels die volgende:

- Die terapeut moet die kliënt se bewustheid in die hier-en-nou fasiliteer. Die kind moet dus eerder die hede as die verlede verstaan en ervaar.
- Die kliënt moet gehelp word om met nuwe gedrag te eksperimenteer.
- Die terapeut moet menslik en eg wees aangesien die kliënt veilig moet voel om sy diepste gevoelens te ontdek.
- Die kind moet tot die bewuswording van kontraste in sy gedrag gelei word (byvoorbeeld deur nie-verbale gedrag).

12. VOORDELE VAN DIE GESTALTTERAPIE

Volgens die navorser is daar verskeie voordele van die Gestaltterapie, naamlik:

- Intuïtiewe denke by kinders en volwassenes word deur fantasie bevorder.
- Die leë-stoeltegniek kan met groot sukses gebruik word om aggressie en onvoltooidhede te hanteer.
- Die Gestaltbenadering by terapie met kinders word aanbeveel. Projeksie word veral gebruik om die kind se bewustheid te ontwikkel (Thompson &

Rudolph, 1992:116).

- Die verskeie tegnieke en verskeidenheid ten opsigte van die toepassing daarvan maak die Gestaltterapie buigsaam.
- Die terapeut kan individualiteit by elke kliënt bewerkstellig vanweë die verskeidenheid tegnieke: Individualiteit is vir elke kliënt sowel as die terapeutiese sessie uiters belangrik.
- Die terapie is prakties toepaslik: Die benadering en werkwyse berus op die individuele besluit van die terapeut.

13. LEEMTES IN DIE GESTALTTERAPIE

Volgens die navorser is daar ook verskeie leemtes in die terapie en kan dit soos volg beskryf word:

- Die terapie werk slegs met die hede en loop die risiko om 'n korttermyn oplossing te word. Dit is die gevolg van verskeie probleme wat die kliënt ervaar.
- Gestaltterapie is nie aangewese vir alle kliënte nie. Vir individue met gebrekkige impulsbeheer, misdadige neigings en uitreagerende gedrag word ander benaderings vereis. Gestaltterapie kan juis hierdie aktiwiteite versterk wat probleme veroorsaak (Thompson & Rudolph, 1992:126).
- Diepgaande teoretiese kennis en opleiding is nodig om toe te sien dat Gestaltterapeute hul werk met verantwoordelikheid en sensitiwiteit kan doen.

14. SAMEVATTING

Die Gestaltterapie is hoofsaaklik deur Fritz S. Perls ontwikkel, en fokus grootliks op die hier-en-nou en 'n persoon se bewuswording van homself en sy omgewing. Die Gestaltterapie maak 'n integrale deel van die navorser se speltherapie met die kind uit en die volgende punte kan uitgelig word:

- Gestaltterapie fokus op 'n persoon as 'n geheel wat uit die fisiese, psigiese, emosionele en intellektuele bestaan . Onvoltooidheid word deur 'n persoon ervaar wanneer sy Gestalt in wanbalans is. Homeostase moet bewerkstellig word om die persoon se Gestalt te herstel.
- Daar word op die kind se kontakfunksies gefokus wat 'n persoon met die hede in aanraking bring. Dit kan gedoen word deur van sensoriese kontakmaking en sintuiglike waarneming gebruik te maak (ruik,sien, hoor, voel, proe). Daardeur word die kind gedwing om op die hede te fokus.
- Dit is noodsaaklik dat bemeestering by die kind verhoog word, sodat beheer aan die kind teruggegee kan word. Dit hou met die kind se bewustheid van homself asook selfaanvaarding verband.
- Verder fokus die Gestaltterapie op elke persoon se unieke proses. Gestaltterapie word gerig deur die uitdrukking van gevoelens, selfvertroeteling, selfonderhouding en die bepaling van grense.
- Tydens die Gestaltterapie word 'n aantal tegnieke gebruik waaronder dialoog, leë-stoeltegniek, fantasiespel en droomwerk. Die tegnieke wat gebruik word lei die persoon tot groter bewustheid van sy eie proses. Dit bring hom sodoende in kontak met homself en sy omgewing. Die persoon se Gestalt word dus voltooi.
- Die terapeutiese verhouding speel 'n belangrike rol tydens die Gestaltterapie en is daar verskeie aspekte wat aandag moet geniet naamlik: die terapeut se tydsbenutting van elke sessie, vlak van verhouding en vertroulikheidsaspek. Die terapeut moet die persoon se bewustheid in die hier-en-nou fasiliteer.
- Die Gestaltterapie hou verskeie voordele in naamlik: nuwe denke word gevorm, dit is buigbaar, prakties toepaslik en dit bevorder individualiteit.

- Die Gestaltterapie het ook leemtes en sluit die volgende in: dit fokus slegs op die hede, is nie aangewese vir alle kliënte nie en loop dit die risiko om korttermynoplossings te bied.

Die Gestaltterapie blyk in kontras met ander benaderings te wees en poog om verhoogde persoonlike en interpersoonlike bewustheid te bewerkstellig.

Die volgende studie was kwalitatief van aard. In aansluiting met die voorafgaande teoretiese hoofstuk en op grond van die feit dat in veral die eerste helfte van die 20ste eeu, word die volgende hipotese gemaak, naamlik:

Die kinders wat in pleegsorg geplaas word, ontwikkel aanpassingsprobleme.

Die studie is kwalitatief van aard en het gebruik gemaak van die volgende metode: die gebruik van die fenomenologiese metode. Die doel van die studie was om te verstaan hoe die kinders wat in pleegsorg geplaas word, hul lewenswêreld ervaar. Die data is deur middel van die gebruik van die fenomenologiese metode versamel.

Die data is deur middel van die gebruik van die fenomenologiese metode versamel. Die data is deur middel van die gebruik van die fenomenologiese metode versamel.

Die data is deur middel van die gebruik van die fenomenologiese metode versamel. Die data is deur middel van die gebruik van die fenomenologiese metode versamel.

2. OPSOMMING VAN GEVALLESTUDIES

Identifiseer die besonderhede oor die onderskeie gevallestudies in tabel 1.01. Ingesament en word vervolg in die onderstaende tabel versorg.

HOOFSTUK 4

EMPIRIESE GEGEWENS

1. INLEIDING

Die empiriese studie was kwalitatief van aard. In aansluiting met die voorafgaande teoretiese hoofstuk en op grond van die feit dat 'n verklarende ontwerp gevolg is, word die volgende hipotese gemaak, naamlik:

- As 'n kind in pleegsorg geplaas word, ervaar hy/sy aanpassingsprobleme.

Soos reeds in hoofstuk 1 vermeld, is navorsing op ses pleegkinders tussen die ouderdomme van 5-9 jaar gedoen, wat as kliënte by die Ondersteuningsraad in Brits geregistreer is, vir die tydperk Januarie tot Desember 1997.

Die aanpassing van die kind in pleegsorg is tydens hierdie studie deur middel van Gestalt-gebaseerde tegnieke geassesseer.

Een gevallestudie word in-diepte bespreek terwyl die ander vyf oorsigtelik bespreek word, vanweë die beperkte lengte wat vir hierdie navorsing vereis word. Elke gevallestudie word geëvalueer na aanleiding van die kind se belewenis van homself en die pleegsorgsituasie.

2. OPSOMMING VAN GEVALLESTUDIES

Identifiserende besonderhede oor die onderskeie gevallestudies is vooraf ingesamel en word vervolgens in die onderstaande tabel saamgevat:

TABEL 5: BESONDERHEDE VAN BETROKKE GEVALLESTUDIES

Gevallestudies	Ouderdom	Tydperk in pleegsorg
Gevallestudie 1 - (Hennie)	9 jaar	3 jaar
Gevallestudie 2 - (Stefan)	7 jaar	3 jaar
Gevallestudie 3 - (Anita)	5 jaar	3 jaar
Gevallestudie 4 - (Kobus)	8 jaar	5 jaar
Gevallestudie 5 - (Louw)	7 jaar	6 jaar
Gevallestudie 6 - (Johan)	6 jaar	3 jaar

Tydens die onderskeie speltherapiesessies is daar deurgaans gelet op die weerstand wat die onderskeie pleegkinders gebied het. Dit was tydens die onderhoude opsigtelik dat die pleegkinders deur die onderskeie weerstandsvlakke, naamlik die skynlaag, die fobiese laag en die "impasse" laag beweeg het (Thompson & Rudolph, 1992:112). Tydens elke onderhoud is daar verder ruimte vir 'n selfkoesteringsaktiwiteit gelaat, soos byvoorbeeld om vir die kind 'n veilige plekkie te skep waarheen hy kan gaan indien hy 'n behoefte daaraan het (Schoeman & Van der Merwe, 1996:181).

Die gevallestudies wat in hierdie navorsing bespreek word, is op videoband onder toesig van 'n tweede evalueerder opgeneem. Vir hierdie rede kan die speltherapiesessies wat plaasgevind het, as geldig beskou word.

Die navorser is van mening dat die terapie op die kind se belewenis van die pleegsorgsituasie gefokus kan word. Vervolgens word die gevallestudies bespreek. Fiktiewe name is gebruik om die onderskeie kinders en hul gesinne se identiteit te beskerm. Vir die doeleindes van die bespreking van die gevallestudies, word die volgende formaat gebruik:


- genogram
- agtergrondgegevens
- sessie
- * doel van die sessie

- * spelterapietegnieke
 - * doel van die tegnieke
 - * verloop
 - * temas
- evaluasie

GEVALLESTUDIE 1,2 EN 3

Hennie, Stefan en Anita is broers en suster (sibbe) van mekaar, en hul genogram en agtergrondgegevens word gesamentlik bespreek.

FIGUUR 1: GENOGRAM (GEVALLESTUDIE 1,2 EN 3)



Agtergrondgegewens

Tydens hulle ouers se huwelik, het hul vader meestal die verantwoordelikheid vir hulle versorging waargeneem. Die egpaar se huwelik was deur geweld, alkoholmisbruik en buite-egtelike verhoudings gekenmerk. Mevrouw het haar man en kinders verlaat, en haar daarna in Pretoria gevestig. Meneer het 'n onstabiele werksrekord gehad en kon nie die finansiële verantwoordelikheid ten opsigte van drie kinders dra nie. Meneer het gevolglik die drie kinders in hul materne oom en tante se sorg geplaas as 'n privaatreëling. Die kinders is in 1994 wetlik in hul pleegsorg geplaas. Die kinders se ouers is na die kinders se plasing in pleegsorg amptelik geskei. Hulle is albei daarna weer getroud.

3. GEVALLESTUDIE 1 (HENNIE)

Sessie 1: Hierdie sessie het in die tuin langs die terapeut se kantoor plaasgevind.

Doel van die sessie:

Om die kind met homself en sy gevoelens in kontak te bring en op die opbou van die terapeutiese verhouding te fokus.

Speltherapietegniek: Sensoriese kontakmaking (Oaklander, 1988:109-119).

Doel van die tegniek:

Die terapeut maak deurlopend tydens hierdie sessie van sensoriese kontakmaking gebruik met die oog op die opbouing van die terapeutiese verhouding (Landreth, 1991:93). Hierdie tegniek word ook gebruik om te bepaal in hoe 'n mate hierdie kind sensories met homself, sy gevoelens en sy omgewing in kontak is. Dit help ook die kind om op die hier-en-nou te fokus.

Verloop

Asemhaling: Hennie word gevra om op sy rug te lê en sy oë toe te maak. Die terapeut laat hom diep asemhaal en herhaal die proses verskeie kere. Hy word gevra om sy onderskeie ledemate (byvoorbeeld tone, voete, bene, vingers, hande en arms) onderskeidelik te roer en dan te ontspan. Daarna het die terapeut hom weer laat asemhaal.

Gehoer: Die terapeut het Hennie, terwyl sy oë nog toe is, gevra om die geluide wat hy hoor, te beskryf. Hy het genoem dat hy die wind hoor, 'n motor wat verby ry, blare wat ritsel en 'n voëltjie wat fluit. Hy kon geen ander geluide identifiseer nie.

Sig en aanraking: Die terapeut het daarna 'n doek om Hennie se oë gebind. Die terapeut het Hennie aan sy hand geneem en hom in die tuin rondgelei. Hy is versoek om aan verskeie dinge te voel en dit aan die terapeut te beskryf (blare, gras, muur, grond en water). Hy kon alles uitken en beskryf. Die doel met hierdie oefening was om sy sintuie te verskerp en om hom te leer om die terapeut te vertrou, aangesien hy van die terapeut afhanklik was om sy weg deur die tuin te vind. Na afloop van genoemde spel het die terapeut die rolle omgeruil: Hennie is toegelaat om die terapeut se oë toe te bind en in die tuin rond te neem. Hy het uit sy eie uit die terapeut ook verskeie teksture laat voel en beskryf. Die doel van hierdie oefening was om aan Hennie te wys dat vertroue wedersyds is.

Tema

Geen spesifieke tema het in hierdie sessie na vore gekom nie. Hennie het alles gelate aanvaar en hy het die gevoel van mag wat die blinddoekspel hom gegee het, benut.

Evaluasie

Hennie het sensories met homself en die ongewing in kontak gekom. Hy het min weerstand getoon en het onmiddellik sy vertroue in die terapeut geplaas. Die terapeut is egter van mening dat hy tydens hierdie sessie vanuit die skynlaag van sy weerstand gefunksioneer het (Thompson & Rudolph, 1992: 112). Hy het deurentyd spontaan gesels alhoewel die kommunikasie oppervlakkig was. Dit was vir die terapeut opvallend dat hy nie oogkontak gemaak het nie en heelyd in die verte gestaar het. Die terapeut was egter tevrede na afloop van die sessie aangesien die doel wat gestel is, bereik is.

Sessie 2: Hierdie sessie het in die terapeut se kantoor plaasgevind.

Doel van die sessie:

Om Hennie se belewenis van homself te bepaal.

Speltherapietegniek: Projeksietegniek: Tekening (Schoeman, 1996:90).

Doel van die tegniek:

Om van polariteite en onvoltooidhede in die kind se lewe bewus te raak.

Verloop

Die terapeut het aan Hennie die keuse gestel om 'n medium vir spel tydens hierdie sessie te kies. Hennie het uit sy eie die vetkryte en papier nader getrek. Die terapeut het verder aan hom die keuse gegee om te teken wat hy graag wou. Hy het 'n lang pad met 'n boom en 'n vlakvark aan weerskante geteken. Die terapeut het Hennie gevra om die tekening te verduidelik. Hy noem dat hulle almal (oupa, ouma, boetie en sussie) na 'n wildsplaas oppad is. Hy is self agterop die bakkie. Die terapeut stel vrae waarop hy die volgende antwoord:

- Terapeut : "Waarheen is die bakkie oppad ?"
- Hennie : "Ek weet nie."
- Terapeut : "Waarheen wil jy hê moet die bakkie gaan ?"
- Hennie : "My pa en stiefma."
- Terapeut : "Wat van jou ma en stiefpa ?"
- Hennie : "Hy skop en vloek net."

Na afloop van die sessie laat die terapeut Hennie sy asem diep intrek en weer uitblaas. Die oefening word herhaal, sodat hy van sy spanning kan ontslae raak.

Tema

Uit hierdie sessie was dit vir die terapeut duidelik dat Hennie 'n hunkering koester na sy biologiese vader (onvoltooidheid), sodat hy daarvoor fantaseer, deur 'n idiliese prentjie saam met sy biologiese ouers te skep. Daar kom ook 'n polariteit in Hennie na vore deurdat hy die behoefte uitspreek om by sy "regte pa" te wees. Hy sal dan in dieselfde asem noem dat hy darem gelukkig is by sy oom en tannie.

Evaluasie

Hennie het tydens hierdie sessie weerstand getoon deurdat hy heeltyd tydens sy vertelling rondgespring het. Hy het ook elke keer wat hy spanning ervaar het, sy asem hard uitgeblaas. Die terapeut het saam met die weerstand gegaan, aangesien die terapeutiese verhouding nog nie van so 'n aard was dat Hennie veilig gevoel het om deur die weerstand te beweeg nie (Thompson & Rudolph, 1992:112).

Hennie blyk egter nog nie met homself en sy gevoelens in kontak te wees nie. Hy het meestal oogkontak vermy en het die tekening met min uitdrukking van emosies aan die terapeut verduidelik. Sodra die terapeut hom daarvoor gekonfronteer het, het hy dadelik begin met 'n vertelling van iets anders wat

onbenullig is. Hennie was tydens hierdie fase in sy proses nog nie gereed om sy gevoelens te konfronteer nie.

Hennie het ook heelyd aan die sessie deelgeneem. Hy het verby die skynlaag van sy weerstand beweeg, maar nie oor genoeg innerlike krag beskik om sy gevoelens te besit nie.

Sessie 3: Hierdie sessie het in die terapeut se kantoor plaasgevind .

Doel van die sessie:

Om Hennie se belewenis van sy biologiese ouers te bepaal.

Speltherapietegniek: Projeksietegniek: Klei (Schoeman, 1996:90).

Doel van die tegniek:

Om Hennie se gevoelens te bepaal rondom sy aanvanklike verwydering en hoe hy sy biologiese ouers tans ervaar, te bepaal.

Verloop

Die terapeut het Hennie weer voor 'n keuse gestel om 'n medium vir die sessie te kies. Hy het op klei besluit. Hennie het 'n meerkat met die naam Wally gemaak. Die terapeut maak 'n persoonsfiguur. Daar was dadelik spontane kommunikasie tussen die twee kleifigure. Die volgende het uit die gesprek tussen die figure na vore gekom:

Meerkat : "Ek bly by my ma-hulle."

 "Ek bly baie lekker daar."

 "Ek gaan met vakansies na my tannie en oom, want dis lekker daar. Ek speel baie daar."

 "Ek bly die graagste by my ma en pa."

Terapeut di: "Waarom is jy nie nou by hulle nie?"

Meerkat : "Voel te hartseer oor dinge wat verkeerd is."

Om Hennie se baie "Ek weet dit sal nooit weer dieselfde wees nie."

Die terapeut het aan Hennie die versekering gegee dat hy so mag voel (besit van gevoelens). Daarna het die terapeut 'n selfkoestingstegniek gebruik waar Hennie versoek is om die plekkie waar hy die veiligste voel, te beskryf. Hy het dadelik genoem dat dit by sy oom en tannie is, aangesien hy altyd by hulle troos vind.

Tema

Die tema wat tydens hierdie sessie na vore gekom het, was dat Hennie se hunkering na sy biologiese ouers baie sterk is. Hy verstaan nie waarom hy nie weer by sy "regte ma" en "regte pa" kan gaan bly nie. Ook tydens hierdie sessie kom baie polariteite by Hennie na vore: Hy noem dat hy hartseer is omdat hy nie by sy ouers is nie, maar hy soek steeds troos by sy oom en tannie (pleegouers) omdat hy by hulle veilig voel.

Evaluasie

Hennie is nie altyd konsekwent met wat hy sê nie en die terapeut het hom daarop gewys. Hy het dit geïgnoreer en verby die terapeut gestaar. Oogkontak was tydens hierdie sessie meer direk. Dit kom vir die terapeut voor asof Hennie nie met sy gevoelens in kontak is nie, aangesien hy sy emosies beskryf asof dit iemand anders is wat dit ervaar. Hy skep die indruk dat hy fantaseer of 'n storie van iemand anders se lewe vertel. Hy funksioneer steeds in die skynlaag van sy weerstand maar hy toon minder weerstand tydens hierdie sessie as tydens die vorige sessie.

Sessie 4: Hierdie sessie het in die speelkamer van die Universiteit van Pretoria plaasgevind.

Doel van die sessie:

Om Hennie se belewenis van sy huidige pleegsorgsituasie te bepaal.

Speltherapietegniek: Projeksietegniek: Sandspel (Jennings, 1993:59).

Doel van die tegniek:

Om die kind tot die bewuswording van sy situasie en hoe hy dit beleef, te lei.

Verloop

Die terapeut gee aan Hennie die geleentheid om sy speelgoed vir die sandbak te kies. Hy stel 'n oorlogsituasie op waar sy hele pleeggesin teenoor die ander figure stelling inneem. Hy noem dat sy oom agter die kanon staan met 'n geweer in sy hand. Die terapeut neem die rol aan van een van die ander figure om met hom in gesprek te tree. Hennie is die mannetjie wat die wit vlag vashou. Hennie weier om te praat en noem dat hy besig is om te veg. Die terapeut neem die rol van die soldaat aan wat terugskiet. Die volgende kom aan die lig:

- * Hennie se oom is gedurig in 'n vegsituasie.
- * Hy (Hennie) staan met die vlag in sy hand omdat hy graag vrede wil hê.
- * Hy beleef sy gesinsituasie as 'n oorlogsveld. Hy verwar sy huislike omstandighede voor sy verwydering van sy ouers, met sy huidige pleegsituasie, aangesien almal deel van die oorlogsituasie is.
- * Hy spreek ook die begeerte uit om onder 'n bos weg te kruip waar niemand hom sal vind nie.

Tema

Tydens hierdie sessie was die tema wat die batoon gevoer het, 'n ernstige konfliktsituasie waarin Hennie hom bevind. Dit was egter onduidelik waar hy

dit beleef: in sy pleegsorgsituasie of by sy eerste ouerhuis, aangesien hy die twee wêreldes tydens die spelsituasie verwar het. Deur hom te konfronteer oor waar hy dit beleef, het hy genoem: "Ek is baie gelukkig by my oom en my tannie." Dit is egter duidelik dat dit 'n situasie is wat by hom angs veroorsaak omdat hy nie daarvoor beheer het nie.

Evaluasie

Hennie vind dit moeilik om gevoelens aan sy ouers en sy pleegouers se reaksies te koppel. Hy kan ook nie gevoelens aan die negatiewe sowel as die positiewe insidente in sy lewe koppel nie. Hy verbaliseer ook sy gevoelens selde. Dit is vir die terapeut duidelik dat hy in 'n situasie vasgevang voel wat by hom verwardheid meebring omdat hy nie weet hoe om sy lojaliteite tussen sy ouers en sy pleegouers te verdeel nie. Daar word deurgaans weerstand getoon, maar die terapeutiese verhouding is van so 'n aard dat hy daarmee gekonfronteer kan word. Hennie het tydens hierdie sessie erken dat alles vir hom moeilik is, maar wou nie die proses om sy gevoelens te besit, deurvoer nie.

Sessie 5: Hierdie sessie het in die terapeut se kantoor plaasgevind .

Doel van die sessie:

Om te bepaal in watter mate die kind sy huidige omstandighede kan beheer.

Speltherapietegniek: Projeksietegniek: Klei (Oaklander, 1988:69).

Doel van die tegniek:

Om aan die kind die geleentheid te bied om sy omstandighede deur projeksie te evalueer.

Verloop

Die terapeut het Hennie gevra om sy oë toe te maak en 'n figuur te maak. Hy het 'n miervreter gemaak, maar wou dit nie 'n naam gee nie. Die volgende gesprek het uit die sessie voortgevloei:

- Hennie : "Ek vreet miere."
- Terapeut : "Waar is die miere?"
- Hennie : "Hulle kruip weg, maar hulle word steeds gevang."
- Terapeut : "Waarom kruip hulle weg?"
- Hennie : "Want hulle moet na 'n ander huis gaan, maar dis sleg daar."

Hennie het egter baie min gekommunikeer daarna. Hy wou nie oogkontak maak nie. Die terapeut het onmiddellik meer direktief gewerk en genoem: "Jy is nou baie ongelukkig, want jy wil by jou "regte" ma en pa wees, maar jy weet jy kan nie." Hy het dit erken en fantaseer oor wat hy sal doen as hy weer by sy pa is (visvang, rugby speel, fietsry).

Tema

Hy ervaar 'n onvoltooidheid rondom sy verlede. Hy was baie jonger toe hy by sy ouers weg is en weet nie waarom hy nie kan teruggaan nie. Vanweë die lang tydperk wat sedert sy plasing verloop het, blokkeer hy die slegte dinge uit en fokus slegs op die goeie. Sy "regte" ouers figureer steeds op sy voorgrond (Schoeman, 1996:67).

Evaluasie

Hennie beweeg deur die weerstandsvlakke, maar haak by die "impasse" vas (Thompson & Rudolph, 1992:113). Hy het steeds nie kans gesien vir die gevoelens wat hy moet besit nie, of vir die verantwoordelikheid wat saam met sy besluite gaan nie. Dit blyk dat Hennie glad nie sy huidige omstandighede

- Seester : "Waarheen stuur jy die skip ?"
- Stuurman : "Nêrens."
- Seester : "Jy kan tog nie altyd so ronddobber nie !"
- Stuurman : "Ek is oppad na my pa toe."
- Seester : "Wat doen jy daar ?"
- Stuurman : "Speel tennis saam met my pa, kyk TV, jag en speel net.
Ek doen alles saam met my pa !"

Die terapeut konfronteer Hennie en die volgende dialoog volg:

- Terapeut : "Dit is nie regtig so nie, jy wens dit kon so wees."
- Hennie : "My pa gee nie vir my om nie. Niemand gee vir my om
nie !"

Hennie het sy gevoelens ontlaai, nadat die terapeut hom tyd daarvoor toegelaat het. Die terapeut het sy handjies vasgehou (koestering), nadat hy genoem het dat hy nie 'n veilige plekkie het nie.

Tema

Dit was tydens hierdie sessie duidelik dat Hennie verwerping beleef en dat hy voel dat hy nêrens behoort nie. Hy hunker na 'n gesin waar sy "regte" ouers, boetie en sussie in 'n harmonieuse situasie verkeer.

Evaluasie

Tydens hierdie sessie is daar deur al die weerstandsvlakke beweeg en hy het met sy emosies in kontak gekom. Hy was meer gewillig om sy gevoelens te ervaar. Sy weerstand het stelselmatig verminder. Die gesinsverband waarbinne hy tans is, (pleegsorg) voldoen aan sy behoeftes, maar dit is nie vir hom genoeg nie, omdat dit nie altyd vir hom warm en koesterend is nie.

Hy beleef homself as 'n buitestaander wat nêrens behoort nie. 'n Sterk introjek het na vore gekom, naamlik: "Niemand gee vir my om nie"(Schoeman, 1996:67). Selfs in sy pleegsituasie is hy nie heeltemal "een van hulle nie." Dit blyk dus dat sy huidige pleegsituasie nie in al sy behoeftes voorsien nie. Hy noem egter ook dat sy oom en tannie darem goed is vir hom en hom goed versorg.

4. GEVALLESTUDIE 2 (STEFAN)

Sessie 1: Hierdie sessie het in die tuin langs die terapeut se kantoor plaasgevind.

Doel van die sessie:

Om die kind met homself en sy gevoelens in kontak te bring en op die opbou van die terapeutiese verhouding te fokus.

Speltherapietegniek: Sensoriese kontakmaking (Oaklander, 1988:109-119).

Doel van die tegniek:

Om te eksploreer in watter mate die kind met homself en sy omgewing in kontak is.

Verloop

Die terapeut laat Stefan asemhalingsoefeninge doen. Hy het sy oë toegemaak en alles beskryf wat hy hoor, sien, ruik en voel. Hy het alles volledig beskryf. Hy het ook vertel van die prentjie wat hy in sy kop "sien"('n oase met baie kleur). Hy het beskryf waar hy is - pendeltegniek (Aronstam 1989:643).

Tema

Geen spesifieke tema het tydens hierdie sessie na vore gekom nie. Stefan was ontspanne en na afloop van die asemhalingsoefening was sy aandag nie meer gefokus nie.

Evaluasie

Stefan was in die skynlaag van sy weerstandsvlakke en hy blyk 'n gelukkige kind te wees. Hy het sensories met homself en sy omgewing in kontak gekom. Hy het spontaan deelgeneem en die doelwit van hierdie sessie is bereik, naamlik: eksplorering rondom kontak met homself en sy omgewing en op die opbou van die terapeutiese verhouding te fokus.

Sessie 2: Hierdie sessie het in die terapeut se kantoor plaasgevind.

Doel van die sessie:

Om Stefan se belewenis van homself te bepaal.

Speltherapietegniek: Projeksietegniek: Tekening (McMahon, 1992:87).

Doel van die tegniek:

Om van polariteite en onvoltooidhede in die kind se lewe bewus te raak.

Verloop

Stefan het twee bome met blomme tussenin geteken. Hy het genoem dat hy die een boom en al die blommetjies is. Die ander boom is sy maatjie. Uit eksplorering blyk dit dat die blommetjies alleen en hartseer voel. Die terapeut laat hom veilig voel en gee hom toestemming dat hy so mag voel - besit van gevoelens (Schoeman, 1996:85).

Tema

'n Tema van eensaamheid en verloretheid het hier na vore gekom.

Evaluasie

Stefan verkeer tydens hierdie sessie in die skynlaag van sy weerstandsvlakke. Hy het na afloop van die sessie dadelik begin om uit sy eie uit die papier en vetkryte weg te pak. Polariteit het ook in hierdie sessie na vore gekom deurdat hy genoem het dat hy (die blommetjie) eensaam en verlore voel, maar sy tekening was 'n vrolike prentjie. Onvoltooidhede bestaan in Stefan se lewe deurdat hy erken dat hy hartseer is. Die terapeut kon egter nie tydens hierdie sessie bepaal wat die onvoltooidhede is nie.

Sessie 3: Hierdie sessie het in die terapeut se kantoor plaasgevind.

Doel van die sessie:

Om verder rondom Stefan se onvoltooidhede te eksploreer.

Speltherapietegniek: Projeksietegniek: Klei (Oaklander, 1988:69).

Doel van die tegniek:

Om te eksploreer hoe Stefan homself beleef en daardeur onvoltooidhede in sy lewe te bepaal.

Verloop

Stefan het gekies om tydens hierdie sessie met klei te speel. Hy het twee groot vierkantige klippe gemaak, en dadelik die rol van een van die klippe ingeneem. Die terapeut het 'n stapelrots gemaak. Hy het wegkruipertjie gespeel en genoem dat die een klip en die stapelrots vir hom moet wegkruip. Nadat hy die

stapelrots gevind het, het die terapeut 'n nes met 'n aasvoël in op die stapelrots gesit. Stefan het daarna sy twee klippe groter gemaak en arende op elkeen gesit. Dit was duidelik dat hy beheer wou hê en die terapeut het die stapelrots uitmekaar laat val, sodat Stefan as “oorwinnaar” die sessie kon afsluit.

Tema

'n Tema van beheer en bemagtiging het tydens hierdie sessie sterk na vore gekom. Onvoltooidhede kon tydens hierdie sessie steeds nie bepaal word nie.

Evaluasie

Die terapeut het die sessie beplan met die oog op die bepaling van onvoltooidhede in Stefan se lewe. Sy gevoel aan beheer het egter sterker na vore gekom sodat die terapeut daarmee saamgevloei het. Stefan het verder tydens hierdie sessie steeds weerstand getoon. Die terapeut het hom gekonfronteer en genoem dat arende darem sterk is, dus behoort hulle geen probleme te kan hê nie (“Niemand sal hulle kan vang nie”). Stefan het daarna dadelik genoem dat die twee arende moeg is en wil rus. Hierdie sessie is deur die terapeut positief beleef deurdat sy daardeur vir Stefan kon bemagtig.

Sessie 4: Hierdie sessie het in die speelkamer van die Universiteit van Pretoria plaasgevind.

Doel van die sessie:

Om Stefan se belewenis van sy huidige pleegsorgsituasie te bepaal.

Speltherapietegniek: Projeksietegniek: Sandspel (West, 1992:75).

Doel van die tegniek:

Om die kind tot die bewuswording van sy situasie en hoe hy dit beleef, te lei.

Verloop

Stefan het tydens hierdie sessie ook 'n oorlogssituasie in die sandbak uitgebeeld. Hy het egter aan die een kant die binnekant van 'n huis opgestel en 'n lyn in die middel van die sandbak gemaak. Aan die ander kant van die lyn van die sandbak was 'n toneel van 'n agtererf met kanonne en gewere. Hy het op die rots gesit en alles aanskou. Dit was vir die terapeut duidelik dat hy ook in sy huidige situasie 'n oorlogssituasie (konflikssituasie) beleef. Hy beleef homself egter as 'n buitestaander daarvan. Hy is ook verward oor sy eie rol deurdat hy eers aan die ander kant van die lyn en daarna weer terug op die rots was.

Tema

'n Ernstige konflikssituasie het tydens hierdie sessie die botoon gevoer. Dit was vir die terapeut duidelik dat Stefan aggressie toon deurdat hy telkemale deel van die "geskietery" word, en hom telkemale daarna weer onttrek (gaan sit op die rots).

Evaluasie

Stefan is onseker oor sy eie situasie. Dit word gesien vanweë die feit dat hy tussen die twee verskillende kante tydens die spel beweeg. Hy is verward omdat hy nie weet hoe om sy lojaliteit tussen sy biologiese ouers en sy pleegouers te verdeel nie. Hy verbaliseer ook sy gevoelens selde. Hy kan konfrontasie ook nie hanteer nie en toon definitiewe weerstand tydens konfrontasie.

Sessie 5: Hierdie sessie het in die terapeut se kantoor plaasgevind.

Doel van die sessie:

Om te bepaal in watter mate Stefan sy huidige omstandighede kan beheer.

Speltherapietegniek: Projeksietegniek: Klei (Schoeman, 1996:90).

Doel van die tegniek:

Om deur middel van projeksie die kind te help om beheer oor sy situasie te verkry.

Verloop

Stefan wou graag met klei speel en die terapeut het hom sy keuse toegelaat. Hy het 'n vliegtuig gemaak. Die volgende kom tydens die sessie aan die lig:

- Terapeut : "Wie vlieg die vliegtuig?"
- Stefan : "Niemand."
- Terapeut : "Waarheen vlieg die vliegtuig?"
- Stefan : "Plaas toe - na ouma en oupa."
- Terapeut : "Is dit lekker daar?"
- Stefan : "Ja, maar dit is lekker by my oom en tannie ook"
(pleegouers).

Tema

'n Tema van 'n verlange na sy biologiese ouers kom tydens hierdie sessie na vore. Waar "ouma en oupa is, daar sal ma en pa ook wees."

Evaluasie

Vir die eerste keer tydens Stefan se hele proses kom die onvoltooidhede in sy lewe duidelik na vore. Hy wil graag by sy grootouers wees, want sy biologiese ouers sal dan ook daar wees. Polariteite (Thompson & Rudolph, 1992:112) kom ook duidelik na vore deurdat hy noem dat dit ook by sy oom en tannie (pleegouers) "lekker" is. Hy beweeg deur sy weerstandsvlakke maar haak ook by die "impasse" vas, wat beteken dat hy daarvan oortuig is dat hy nie die

nodige hulpbronne of die omgewing het om te verander nie. Hy verbaliseer sy gevoelens selde en is steeds nie bereid om die realiteit van sy situasie te konfronteer nie.

Sessie 6: Hierdie sessie het in die speelkamer van die Universiteit van Pretoria plaasgevind .

Doel van die sessie:

Om die kind te help om die realiteit van sy pleegsorgsituasie te verstaan.

Speltherapietegniek: Projeksietegniek: Klei (Oaklander, 1988:69).

Doel van die tegniek:

Om die kind deur middel van projeksie te lei om die realiteit van sy huidige situasie te verstaan.

Verloop

Stefan het genoem dat hy dit geniet om met klei te speel. Hy het 'n seester gemaak en die terapeut 'n seeslak. 'n Dialoog het gevolg waar die seester en seeslak met mekaar in gesprek was. Stefan het genoem dat hy na die Kaap toe swem na sy ouma en oupa want "dis lekker daar". Hy dink sy "regte" ma en pa sal ook daar wees. Die terapeut het direkte konfrontasie toegepas en gevra wat daar gebeur.

Seester : "Perdry, swem, speel , en sommer alles."

Seeslak : "Saam met wie ?"

Seester : "Saam met my pa."

Die terapeut het direk gevra of hy (Stefan) slegs hoop dat dit so sal wees. Hy het dit beaam. Hy was hartseer dat sy pa genoemde aktiwiteite nie saam met

hom doen nie. Hy bly steeds hoop dat hy by sy pa kan gaan bly. Hy het verder genoem dat hy baie hartseer is. Die terapeut het hom selfkoestering laat toepas. Hy het gedink aan die plekkie waar hy die veiligste voel.

Tema

'n Tema van 'n hunkering na veral sy biologiese vader het sterk na vore gekom.

Evaluasie

Stefan kom vir die eerste keer met sy gevoelens in kontak. Hy toon slegs beperkte weerstand deur te noem dat hy moeg voel. Die terapeut het hom daarop gewys dat hy hartseer mag voel (besit van gevoelens) en voortgegaan met die sessie al het hy genoem dat hy moeg is. Hy fantaseer oor die ideale situasie en noem dat hy eerder by sy "regte" pa en ma wil wees. Hy beleef sy pleegsorgsituasie positief, maar sal nie ten volle kan aanpas nie, omdat hy glo dat "dinge" by sy pa sal regkom.

5. GEVALLESTUDIE 3 (ANITA)

Sessie 1: Hierdie sessie het in die tuin langs die terapeut se kantoor plaasgevind.

Doel van die sessie:

Om die kind met haarself en haar omgewing in kontak te bring.

Speltherapietegniek: Sensoriese kontakmaking (Oaklander, 1988:109-119).

Speltherapietegniek: Projeksietegniek - Tekening (Schoem, 1995:100)

Doel van die tegniek:

Deur die kind met haarself en haar omgewing in kontak te bring, kom sy met haar gevoelens in kontak. Dit bevorder ook die opbou van die terapeutiese verhouding.

Verloop

Die terapeut laat Anita 'n asemhalingsoefening doen om haar te laat ontspan. Die terapeut het versoek dat sy haar geliefkoosde kosse opnoem. Sy moes ook beskryf waaraan dit haar laat dink. Sy het heertyd positiewe gedagtes genoem. Sy het ook genoem dat haar tannie baie lekker kos kan kook.

Tema

Geen spesifieke tema het na vore gekom nie. Sy was ontspanne en dit was maklik om haar aandag te behou.

Evaluasie

Anita se deelname was spontaan. Dit was vir haar ...“lekker om saam met tannie te speel.” Sy het gevra wanneer sy weer kom kuier. Sy is sensories in kontak en sy kan die reuke van mekaar onderskei.

Sessie 2: Hierdie sessie het in die terapeut se kantoor plaasgevind.

Doel van die sessie:

Om aan die terapeutiese verhouding te werk, vertroue te bou en om weerstand te verminder.

Speltherapietegniek: Projeksietegniek: Tekening (Schoeman & Van der Merwe, 1996:102).

Doel van die tegniek: *om Anita se huidige funksionering te verkry deur haar weerstand te verminder.*

Om inligting oor Anita se huidige funksionering te verkry deur haar weerstand te verminder.

Om Anita se onvoldoende te bepaal

Verloop

Spel- en teken- tegniek. Projekale tegniek. Telling (Ossander, 1989:21)

Anita het gekies om te teken. Sy het 'n huis met vier mense (oom, tannie, Hennie en Stefan) geteken. In die tuin was haar ouma en dan syself. Sy was agter die boom. Dis 'n vrolike prentjie. Almal glimlag. Die volgende gesprek volg:

Terapeut : "Almal glimlag. Is hulle bly?"

Anita : "Hulle glimlag vir die kamera."

Terapeut : "Wie neem die foto?"

Anita : "'n Man."

Terapeut : "Wie wil jy op die foto hê?"

Anita : "My regte ma en pa."

Tema

Anita het 'n behoefte aan haar biologiese ouers. 'n Tema van 'n gelukkige gesin was deurentyd op die voorgrond.

Evaluasie

Anita verbaliseer gevoelens, maar sy is nie in kontak met haar eie proses oor die gevoelens nie. Sy het genoem dat sy die foto wil bêre waar sy altyd daarna kan kyk. Sy voel ook verdeeld oor haar lojaliteit. Na afloop van die sessie het sy genoem dat sy vir haar oom en haar tannie lief is. Anita toon nie baie weerstand nie. Sy het haar slegs aan die einde van die sessie onttrek.

Sessie 3: Hierdie sessie het in die terapeut se kantoor plaasgevind .

Doel van die sessie:

Om Anita se onvoltooidhede te bepaal.

Speltherapietegniek: **Projeksietegniek:** Tekening (Oaklander, 1988:21).

Doel van die tegniek:

Om Anita te help om haar behoeftes te verbaliseer en te evalueer.

Verloop

Anita wou tydens hierdie sessie niks anders doen as om te teken nie. Sy was baie huilerig en klaerig. Sy het twee katte met 'n son en wolke geteken, nadat die terapeut haar versoek het om iets te teken wat haar die bangste maak. Sy kon nie noem waarom 'n kat haar bang maak nie. Sy het daarna vir die kat 'n maatjie ('n ander kat) geteken. Sy het genoem dat katte gewoonlik wegloop en dan nie weer terugkom nie.

Tema

'n Tema van verlating het in hierdie sessie na vore gekom.

Evaluasie

Tydens hierdie sessie was Anita in die skynlaag van haar weerstand (Thompson & Rudolph, 1992:112). Sy het aansienlik meer weerstand as in die vorige sessie getoon. Dit was vir die terapeut moeilik om haar aandag te behou. Sy was huilerig en klaerig, en het genoem dat haar kop seer is, waarna hierdie sessie getermineer is. Die terapeut kon weinig verdere eksplorering doen en die doel van hierdie sessie is nie bereik nie.

Sessie 4: Hierdie sessie het in die terapeut se kantoor plaasgevind.

Doel van die sessie:

Om verdere inligting oor Anita se funksionering te verkry.

Speltherapietegniek: Onvoltooide sinne (Thompson & Rudolph, 1992:115).

Doel van die tegniek:

Om onvoltooidhede te identifiseer wat deur die kind uitgespreek en bevestig word.

Verloop

Die volgende kom uit Anita se onvoltooide sinne na vore:

- * *Ek hou van ... my boeties en ons hond.*
- * *Ek is lief vir ... my ouma.*
- * *Ek hou die minste van ... as my boeties my seermaak.*
- * *Ek is op my gelukkigste ... wanneer ek speel.*
- * *Ek voel nou ... goed.*
- * *Ek wil graag ... by my ma en pa gaan bly.*
- * *Ek wens ... ek was al groot, dan kan ek na my ma en pa toe gaan.*

Tema

'n Verlange na haar ouers kom sterk na vore.

Evaluasie

Aangesien Anita nog nie kon lees of skryf nie, het die terapeut die vrae aan haar gestel en die sinne vir haar neergeskryf. Sy was tydens hierdie sessie

glad nie met haar emosies in kontak nie. Sy het as 'n buitestaander oorgekom wat 'n storie van iemand anders vertel. Haar liggaamshouding was ook baie apaties. Sy het steeds weerstand getoon deurdat haar aandag deurentyd afgedwaal het.

Sessie 5: Hierdie sessie het in die terapeut se kantoor plaasgevind .

Evaluasie

Doel van die sessie:

Om inligting oor Anita se gesinsfunksionering te verkry.

Speltherapietegniek: Projeksietegniek: Klei (Schoeman, 1996:90).

Doel van die tegniek:

Om te bepaal wat Anita se belewenis van haar pleegsorgsituasie is.

Verloop

Anita het genoem dat sy vir 'n slag met die klei wou speel. Sy het 'n dogtertjie gemaak met die naam Angelique, en die terapeut het 'n sneeuman gemaak en hom Chris genoem. Die twee kleibeelede het "in gesprek getree." Die volgende het na vore gekom:

- * Sy bly by haar biologiese ouers.
- * Sy speel heeltyd wegkruipertjie.
- * Sy kruip in 'n kas weg met 'n kers as sy bang is.
- * Sy wil by haar "regte" ouers wees.
- * Sy is nie nou by haar ouers nie omdat hulle baie "geskree" het.
- * Sy glo haar ouers sal weer trou en dat sy by hulle gaan bly, sodra sy agtien jaar oud is.

Tema

Die tema wat in hierdie sessie na vore gekom het, is dat Anita steeds bly hoop dat haar biologiese ouers bymekaar sal uitkom. Sy het heeltyd op die hereniging van die gesin gefokus.

Evaluasie

Tydens hierdie sessie het Anita minder weerstand as gewoonlik getoon. Sy het heeltyd op “eendag wanneer ek weer by my ma en my pa is” gefokus. Haar pleegsorgsituasie is nie vir haar ‘n permanente situasie nie. Anita het ook nie geweet hoe om konfrontasie en haar eie emosies te hanteer nie. Sy het genoem dat sy naar voel en dat haar kop seer is. Daar is duidelike onvoltooidhede in haar lewe rondom haar ouers, sodat sy fantaseer oor hoe “lekker” dit by hulle is.

Sessie 6: Hierdie sessie het in die terapeut se kantoor plaasgevind .

Doel van die sessie:

Om Anita die realiteit van haar huidige situasie te laat verstaan.

Speltherapietegniek: Selfportret (Oaklander, 1988:284).

Doel van die tegniek:

Om Anita se selfbeeld te bepaal, sodat introjekte bepaal kan word wat ‘n invloed op haar huidige funksionering kan uitoefen.

Verloop

Anita het haarself agter ‘n boom geteken. Sy het genoem dat sy besig is om ‘n appel te pluk. Sy het genoem dat sy soos sneeuwitjie dan lank sal slaap.

Die volgende het duidelik na vore gekom:

- * As sy “wakker” word, dan sal alles reg wees.
- * Sy voel sleg omdat haar oom en tannie sal dink dat sy nie vir hulle lief is nie.
- * Sy beleef haarself as deel van ‘n sprokie met ‘n gelukkige einde.

Tema


‘n Tema van toekomsinterpretasie het tydens hierdie sessie na vore gekom. Sy beskik oor ‘n positiewe lewensverwachting. Sy verstaan haar situasie en die tema van “eendag wanneer ek groot is ..” kom telkemale na vore.

Evaluasie

Sy toon redelike goeie begrip vir haar huidige situasie deurdat sy praat van “ ... as ek eendag groot is.” Sy weet dat die hede die realiteit is. Dit veroorsaak interne spanning by haar aangesien haar voorgrond rondom haar huidige behoefte aan haar ouers figureer. Sy sien haarself ook as deel van die pleeggesin en sy voel dat sy ‘n bepaalde rol in die gesin vervul.

6. **GEVALLESTUDIE 4 (KOBUS)**

FIGUUR 2: GENOGRAM (GEVALLESTUDIE 4)



Agtergrondgegewens

Kobus se ouers is van mekaar vervreemd na 'n huwelik wat deur huweliksgeweld, materiële nood, alkoholmisbruik en buite-egtelike verhoudings gekenmerk was. Kobus het ook 'n halfbroer uit sy moeder se vorige huwelik wat onbekend aan hom is. Kobus se vader het hom, sy suster en moeder verlaat sonder om 'n adres van homself te verskaf. Kobus het saam met sy moeder en suster by sy materne oom en tante gebly aangesien hulle geen heenkome gehad het nie. Kobus se moeder het daarna self geswerf, was meestal werkloos en het haar kinders in hul oom en tante se sorg gelos. Die twee kinders is daarna in pleegsorg by 'n ander egpaar op Brits geplaas. Die egpaar het Kobus se suster aangeneem. Kobus se plasing by genoemde

egpaar misluk vanweë sy gedragsprobleme en hy word in pleegsorg by 'n ander egpaar oorgeplaas. Genoemde plasing het weereens misluk en hy word in pleegsorg by sy materne oom en tante geplaas, by wie hy, sy moeder en sussie aanvanklik gewoon het. Hy verkeer tans steeds in hulle sorg (sedert Februarie 1995).

Sessie 1: Hierdie sessie het in die tuin langs die terapeut se kantoor plaasgevind.

Doel van die sessie:

Om te bepaal in watter mate Kobus met homself en sy omgewing in kontak is sodat hy met sy emosies in kontak kan kom.

Speltherapietegniek: Sensoriese kontakmaking (Oaklander, 1988:109-119).

Doel van die tegniek:

Om te bepaal in hoe 'n mate die kind sensories in kontak is.

Verloop

Die terapeut het saam met Kobus in die tuin rondgeloop. Hy het self die kleure onderskei van alles wat hy sien. Uit gesprek het dit geblyk dat Kobus sekere emosies aan verskillende kleure koppel, byvoorbeeld:

- * Groen : Rustigheid (soos in die natuur)
- * Blou : Varsheid (alles lyk helder)
- * Geel : Vrolikheid ("dit lyk of die blommetjies glimlag")
- * Grys : Bedruk (bewolktheid voor dit reën)
- * Rooi : Energie ("Dit maak my lus om te storm")

Tema

Geen spesifieke tema het na vore gekom nie. Daar is hoofsaaklik slegs op die opbouing van die terapeutiese verhouding gefokus en op die kind se kontakmaking met sy omgewing en homself.

Evaluasie

Kobus het in die skyvlaag van sy weerstandsvlakke verkeer (Thompson & Rudolph, 1992:112). Hy is sensories in kontak met homself en kan assosiasies maak. Die terapeut was deurentyd bewus van 'n onderdrukte energie wat Kobus in toom probeer hou. Genoemde sessie was suksesvol in die sin dat die doel wel bereik is.

Sessie 2: Hierdie sessie het in die terapeut se kantoor plaasgevind.

Doel van die sessie:

Om die kind se ervaring van sy huidige situasie te evalueer.

Speltherapietegniek: Projeksietegniek: Gesinstekening (Schoeman & Van der Merwe, 1996:146).

Doel van die tegniek:

Om onvoltooidhede en polariteite by die kind te bepaal.

Verloop

Die terapeut het Kobus versoek om 'n gesinstekening te maak. Hy het besonder lank geneem en daar was baie detail op die tekening. Hy het sy hele gesin soos volg geteken:

- * Sy ma is klein en bo-aan die linkerkantste hoek geteken.
- * Hy en sy sussie is in die middel en hou hande vas.
- * Sy pa is heeltemal afwesig.
- * Sy ma kyk in 'n ander rigting.
- * Sy sussie se hare hang in haar oë sodat haar gesig nie gesien kan word nie.
- * Sy eie gesig is uitdrukkingloos.
- * Hy het eers later tydens die sessie sy oom en tannie (pleegouers) geteken, wat albei eenkant op 'n stoel sit.

Hy het ontken dat hy by sy oom en tannie is want "ek hou nie van hulle nie." Hy kan nie sy sussie se gesig sien nie omdat hy nie weet hoe sy lyk nie. Hy beleef sy ma as afwesig en onbetrokke. Dit was vir die terapeut duidelik dat hy 'n onvoltooidheid in sy lewe rondom sy suster ervaar - hy sou graag by haar wou "speel".

Tema

'n Tema van onderdrukte aggressie rondom sy situasie word ervaar. Dit lyk op die oog af of hy met alles tevrede is. Uit die gesinstekening blyk dit egter dat hy sy hele gesinsopset negatief beleef.

Evaluasie

Kobus het tydens hierdie sessie minder weerstand as in die vorige sessie getoon. Hy is baie antagonisties teenoor sy ma en beskou sy pa as 'n persoon wat nie deel van sy lewe is nie. Tydens hierdie sessie ervaar hy ook antagonisme jeens sy pleegouers, maar die terapeut kon nie deur verdere eksplorering die oorsaak van hierdie gevoelens bepaal nie. Kobus het genoem dat hy "nie meer wil praat nie" en daarna op 'n groot klip gaan sit. Hy het 'n verlange na sy sussie, maar beskryf haar as 'n gelukkige dogtertjie.

- * "Die mense by wie sy nou bly, het haar gekies, hulle het my weggegee."

Sessie 3: Hierdie sessie het in die terapeut se kantoor plaasgevind .

Doel van die sessie:

Om verder rondom Kobus se belewenis van sy huidige situasie te eksploreer.

Speltherapietegniek: Projeksietegniek: Klei (Oaklander, 1988:69).

Doel van die tegniek:

Om verder rondom polariteite, introjekte en onvoltooidhede in die kind se lewe te eksploreer.

Verloop

Kobus het tydens hierdie sessie 'n lustou ("lasso") met klei gemaak. Die terapeut het 'n bal gemaak. Uit hierdie sessie blyk die volgende:

- * Hy beleef sy oom as 'n "cowboy" wat almal met sy "lasso" wil vasbind.
- * Hy voel soos 'n gevangene by die huis.
- * Sy ma is 'n "koei" wat reeds vasgebind is en geen poging aanwend om te ontsnap nie.
- * Hy skop en slaan sodra hy "gevang" word.

Tema

'n Tema van hulpeloosheid en vasgekeerdheid het in hierdie sessie na vore gekom.

Evaluasie

Dit het in hierdie sessie geblyk dat Kobus homself as 'n gevangene beskou in 'n situasie waaruit hy probeer loskom. Hy het erken dat hy "lelike dinge" sal doen

wat sy oom baie kwaad maak. Die terapeut beleef tydens hierdie sessie weereens 'n onderdrukte aggressie vanweë sy huidige omstandighede. Tydens hierdie sessie het die terapeut haar deur die kind se proses laat lei en hom sy aggressie laat uitspeel, deur hom aan te moedig om die kleifigure inmekaar te druk en te slaan totdat hy moeg is.

Evaluasie

Sessie 4: Hierdie sessie het in die terapeut se kantoor plaasgevind.

Doel van die sessie:

Om verder rondom onvoltooidhede in Kobus se lewe te eksplloreer.

Speltherapietegniek: Onvoltoeide sinne (Thompson & Rudolph, 1992:115).

Doel van die tegniek:

Om Kobus te lei om onvoltooidhede wat hy mag ervaar, te erken en te verbaliseer.

Verloop

Die terapeut het die onvoltoeide sinne opgestel wat die aggressiewe neigings van Kobus sal kan beskryf. Die volgende het aan die lig gekom:

- * *Ek hou van ... my sussie.*
- * *Ek is lief vir ... roomys/rugby/TV kyk.*
- * *Ek hou die minste van ... skool.*
- * *Ek wens ... ek kan by my sussie speel.*
- * *My pa ... is weg.*
- * *Ek haat ... my oom.*
- * *My ma ... kla net altyd.*
- * *Ek wil nie ... hier bly nie.*

Tema

Kobus se aggressie teenoor sy omstandighede het sterk na vore gekom. 'n Tema van 'n verlange na sy sussie het tydens hierdie sessie die botoon gevoer.

Evaluasie

Evaluasie

Kobus het weer by die aggressie-ontlading betree. Die terapeut kon dit deur Kobus het tydens hierdie sessie deur sy weerstandsvlakke beweeg en by die "impasse" vasgehaak (Thompson & Rudolph, 1992:112). Hy ervaar 'n onvoltooidheid ten opsigte van sy sussie en voel magteloos om enigiets aan sy huidige situasie te verander. Dit veroorsaak onderdrukte aggressie by hom. Hy toon ook 'n apatiese houding jeens sy pa en sy ma is vir hom net 'n las.

Sessie 5: Hierdie sessie het in die tuin langs die terapeut se kantoor plaasgevind.

Doel van die sessie:

Om Kobus te help om met sy gevoelens (aggressie) in kontak te kom.

Speltherapietegniek: Aggressie-ontlading

Doel van die tegniek:

Om Kobus te lei om sy onderdrukte aggressie te ontlaai.

Verloop

Die terapeut het voorgestel dat hulle 'n bietjie tydens hierdie sessie sal speel. Sy het voorgestel dat hulle 'n kussinggeveg in die tuin hou. Kobus was baie opgewonde en het sommer dadelik begin slaan, terwyl die terapeut hom hou vir hou teruggeslaan het. Daar was ook min woordewisseling. Die kussinggeveg het aangehou totdat albei baie moeg was.

Tema

Daar is hoofsaaklik op aggressie-ontlading gefokus.

Evaluasie

Kobus het baie by die aggressie-ontlading baatgevind. Die terapeut kon dit deur die duur van die kussinggeveg bepaal wat baie lank aangehou het. Na afloop van die geveg was hy baie moeg en het hy min gepraat. Kobus het tydens hierdie sessie ook baie min weerstand getoon.

Sessie 6: Hierdie sessie het in die terapeut se kantoor plaasgevind.

Doel van die sessie:

Om rondom Kobus se vrese en verwagtinge te eksploreer.

Speltherapietegniek: Projeksietegniek: Tekeninge ("My monster")
(Oaklander, 1988:21)

Doel van die tegniek:

Om Kobus se onsekerheid, vrese en verwagtinge rondom sy huidige situasie te bepaal.

Verloop

Kobus het 'n stokkiesfiguur geteken wat die hele bladsy beslaan het. Dit was sy oom (pleegvader). Uit hierdie sessie blyk die volgende:

- * Sy oom gee hom vir enigiets pak, selfs al het hy niks gedoen nie.
- * Hy moet heertyd by sy oom hoor hoe "sleg" sy ma is.
- * Hulle het partymaal nie eers kos om te eet nie.

* Sy oom sit net die hele dag by die huis en skree aanmekaar.

Die terapeut het na afloop van die sessie 'n selfkoesteringstegniek toegepas (Schoeman & Van der Merwe, 1996:181). Hy het sy veilige plekkie beskryf en hom verbeel dat hy daar is.

Tema


Tydens hierdie sessie het Kobus se magteloosheid ten opsigte van sy situasie na vore gekom, deurdat hy pertinent noem dat dit "maar so is". Sy liggaamshouding toon tekens van apatie aangesien hy voel dat hy nie sy situasie kan verander nie. Kobus het sy hande in sy sakke gesteek en met sy rug teen die muur geleun, terwyl die terapeut rondom die tekening geëksploreer het.

Evaluasie

Kobus het tydens hierdie sessie ook baie min weerstand getoon. Dit blyk dat hy sy pleegsituasie baie negatief ervaar. Die feit dat hy nêrens anders kan gaan bly nie, laat hom magteloos voel. Hy ervaar dus baie onderdrukte aggressie omdat hy sy gevoelens van magteloosheid nie kan beheer nie. Hy het ook 'n vrees vir die toekoms, omdat hy "nie vir altyd by my oom wil bly nie".

7. **GEVALLESTUDIE 5 (LOUW)**

FIGUUR 3: GENOGRAM (GEVALLESTUDIE 5)



Agtergrondgegewens

Louw se vader (68 jaar) het aanvanklik 'n verhouding met sy vrou se moeder gehad. Die verhouding het misluk en hy is daarna met sy vrou getroud nadat sy buite-egtelik met Louw swanger geraak het. Dit was 'n gedwonge huwelik. Die huwelik is deur geweld, alkoholmisbruik en buite-egtelike verhoudings gekenmerk. Louw se moeder het hom en sy vader verlaat, en by haar saamleefmaat ingetrek. Sy vader was sieklik en werkloos, en kon nie die fisiese versorging van Louw waarneem nie. Louw se vader het ook 'n saamleefverhouding aangeknoop waar geweld voorgekom het. Hulle was fisies, emosioneel en finansieël nie instaat om langer Louw se versorging te behartig nie. Hy word in April 1994 by sy materne oom en tante in pleegsorg geplaas.

Sessie 1: Hierdie sessie het in die tuin langs die terapeut se kantoor plaasgevind.

Doel van die sessie:

Om te bepaal in watter mate Louw sensories met homself en sy omgewing in kontak is.

Speltherapietegniek: Sensoriese kontakmaking (Oaklander, 1988:109-119).

Doel van die tegniek:

- * Om te bepaal in watter mate Louw met homself en sy omgewing in kontak is en hom dus met sy emosies in kontak te bring.
- * Om die opbouing van die terapeutiese verhouding te bevorder.

Verloop

Die terapeut het Louw op sy rug laat lê en sy oë laat toemaak. Hy moes geluide en reuke beskryf, en ook hoe dit hom laat voel. Die terapeut het hom ook 'n

ontspanningsoefening laat doen deur diep asemhaling en sy ledemate (tone, voete, bene, heupe, arms, hande en kop) afsonderlik te beweeg. Die oefening is twee keer herhaal.

Tema

Geen spesifieke tema het tydens hierdie sessie na vore gekom nie. Die atmosfeer was rustig en die sessie het tydszaam verloop.

Evaluasie

Louw was baie teruggetrokke tydens hierdie sessie, maar het namate ontspan. Hy was in die skynlaag van sy weerstandsvlakke (Thompson & Rudolph, 1992:112). Vanweë die feit dat die terapeutiese verhouding nog nie gevestig was nie, het die terapeut hom nie daarvoor gekonfronteer nie.

Sessie 2: Hierdie sessie het in die terapeut se kantoor plaasgevind.

Doel van die sessie:

Om Louw se emosionele belewenis van sy huidige situasie te bepaal.

Speltherapietegniek: Projeksietegniek: Tekening (Schoeman, 1996:90).

Doel van die tegniek:

Om te bepaal in watter mate Louw se huidige omstandighede hom emosioneel beïnvloed.

Verloop

Louw het 'n voël geteken wat 'n groot deel van die bladsy beslaan het. Hy het 'n veertjie verloor wat op die grond gelê het. Die lug was rooi, en die voël is in

swart geteken. Die volgende het uit die gesprek na vore gekom:

- * Deur te vlieg, kan niemand die voël vang nie.
- * Dis heelyd skemer.
- * Die voël word nooit moeg nie.
- * Die veertjie word met eensaamheid geassosieer (“hy lê dan alleen ...”).

Tema

‘n Tema van eensaamheid met ‘n ondertoon van depressie het tydens hierdie sessie na vore gekom.

Evaluasie

Louw het deurgaans baie weerstand getoon en het met tussenposes by die terapeut verbygestaar. Hy is nog nie met sy emosies in kontak nie en verbaliseer sy gevoelens selde. Hy noem dat hy van die skemer hou aangesien dit so ‘n mooi kleur is. Louw toon ook baie apatie en het tydens konfrontasie net sy skouers opgehaal.

Sessie 3: Hierdie sessie het in die terapeut se kantoor plaasgevind.

Doel van die sessie:

Om te bepaal in watter mate Louw sy pleegsorgsituasie ervaar en hanteer.

Speltherapietegniek: Projeksietegniek: Klei (Oaklander, 1988:69).

Doel van die tegniek:

Om Louw se emosionele belewenis van sy pleegsorgsituasie te evalueer.

Om Louw tot die bewuswording van sy eie gevoelens te lei en om te bepaal wat

Verloop

Louw het tydens hierdie sessie aan die terapeut genoem dat hy eerder met die klei wil speel. Hy het 'n stoel gemaak en die terapeut het 'n kussing gemaak. Uit hierdie sessie kom die volgende na vore:

- * Hy sit altyd op die stoel wanneer hy TV kyk.
- * Die stoel staan alleen in die groot vertrek.
- * Die stoel staan in sy tannie se huis.
- * Die stoel is baie gemaklik.

Tema

'n Tema van eensaamheid het in hierdie sessie na vore gekom.

Evaluasie

Louw het tydens hierdie sessie ook weerstand getoon deurdat hy apaties was sodra hy met emosies gekonfronteer word. Hy was heeldyd lusteloos en belangeloos. Hy het ook baie min gevoelens geverbaliseer en min oogkontak gemaak.

Sessie 4: Hierdie sessie het in die terapeut se kantoor plaasgevind.

Doel van die sessie:

Om Louw se gemoedstoestand te bepaal.

Speltherapietegniek: Gevoelskaarte (lynassos van die Amerikaanse kunstenaar by die naam van Mowbray, Crampson & Rudolph, 1992:11). Hy sê dat hy nie weet wat hy moet sê nie.

Doel van die tegniek: Hy sê dat hy nie weet wat hy moet sê nie. Hy sê dat hy nie weet wat hy moet sê nie.

Om Louw tot die bewuswording van sy eie gevoelens te lei en om te bepaal wat

tot sy gevoelens aanleiding gee.

Verloop

Louw het die volgende gevoelskaart (gesiggie) gekies:



Die gevoel is: Eensaam

Louw het die volgende erken wat as introjekte geeien kan word:

- * "My tannie wil nie tyd saam met my spandeer nie."
- * "Niemand luister in elk geval na wat ek sê nie."
- * "My ma en pa hou mos nie van my nie."
- * "Dis beter as ek alleen is, dan pla ek niemand nie."

Tema

'n Tema van verwerping het tydens hierdie sessie na vore gekom.

Evaluasie

Louw het tydens hierdie sessie verby die skynlaag van die weerstandsvlakke tot by die "impasse" beweeg (Thompson & Rudolph, 1992:112). Hy toon steeds min emosie alhoewel hy sy emosies meer geredelik as in die vorige sessie geverbaliseer het. Hy ervaar homself as 'n buitestaander wat op homself aangewese is. Hy ervaar egter geen probleme met sy pleegsorgsituasie nie en

dit gaan met gelatenheid gepaard. Hy ervaar verwerping van sy ma en pa met wie hy ongereelde kontak het.

Sessie 5: Hierdie sessie het in die terapeut se kantoor plaasgevind.

Doel van die sessie:

Om rondom Louw se polariteite en onvoltooidhede in sy lewe te eksplloreer.

Speltherapietegniek: Projeksietegniek: Sandspel (Jennings, 1993:59).

Doel van die tegniek:

Om te bepaal wat die onvoltooidhede en polariteite in die kind se lewe is en hoe hy dit hanteer.

Verloop

Louw het baie tyd in beslag geneem terwyl hy 'n dieretuin in die sandbak opgestel het. Hy het die diere beskryf en gekies om die leeu te wees. Die volgende het uit hierdie sessie na vore gekom:

- * "Niemand is bang vir 'n leeu nie."
- * "Hy is die baas in die hok."
- * "Mense sal ook nie met hom sukkel nie."
- * "Ek sal dan nie alleen wees nie."

Tema

'n Tema van mag en beheer het tydens hierdie sessie na vore gekom.

Evaluasie

Louw het tydens hierdie sessie min weerstand getoon. Hy het sy emosies makliker gekommunikeer en erken dat dit vir hom hartseer is wanneer hy eensaam voel. Dit het ook uit hierdie sessie geblyk dat Louw 'n vrees vir verwerping het en hom as gevolg daarvan emosioneel van mense afsluit. Dit is dus vir hom ook moeiliker om mense met sy emosies te vertrou. Hy het tydens hierdie sessie nie heeltemal gereed gevoel om sy emosies te konfronteer nie.

Sessie 6: Hierdie sessie het in die terapeut se kantoor plaasgevind.

Doel van die sessie:

Om onvoltooidhede wat in Louw se lewe bestaan, te bepaal.

Speltherapietegniek: Onvoltooide sinne (Thompson & Rudolph, 1992:115).

Doel van die tegniek:

Om Louw die geleentheid te gun om sy onvoltooidhede te erken en te verbaliseer.

Verloop

Louw het sonder inspanning die onvoltooide sinne vir die terapeut voltooi. Die volgende het aan die lig gekom:

- * *Ek weet nie ... altyd mooi nie en sê niks.*
- * *Ek dink ... heeltyd.*
- * *Ek wens ... ek was 'n dier.*
- * *Ek voel ... hartseer wanneer ek alleen is.*
- * *Ek hou van ... my tannie.*
- * *Ek hou die minste van ... groente en huiswerk.*

* *As ek eendag groot is, sal ek ... baie kinders hê.*

Louw was na afloop van hierdie sessie baie emosioneel. Hy wou nie huistoe gaan nie omdat dit "lekker is om saam met tannie te speel". Die terapeut het ook hier 'n selfkoestingstechniek toegepas (Schoeman & Van der Merwe, 1996:181). Hy moes dink aan 'n plekkie wat vir hom veilig is en hom verbeel dat hy daar is. Die terapeut het ook op die besit van sy gevoelens gefokus (Schoeman, 1996:85). Sy het hom toegelaat en gerus gestel dat hy emosies mag ervaar.

Tema


Louw het tydens hierdie sessie 'n vrees vir verlating getoon.

Evaluasie

Louw het tydens hierdie sessie min weerstand getoon. Hy was hartseer en het sy emosies aan die terapeut blootgelê wat op die vertroue wat hy in haar het, dui. Hy toon 'n groot vrees vir verwerping en hy ervaar eensaamheid baie intens. Hy beleef nie sy pleegsituasie negatief nie, aangesien hy by die skool ook alleen voel. 'n Onvoltooidheid rondom sy biologiese ouers bestaan vanweë die vrees wat hy het om weer verwerp te word.

8. GEVALLESTUDIE 6 (JOHAN)

FIGUUR 4: GENOGRAM (GEVALLESTUDIE 6)



Agtergrondgegewens

Johan is as baba deur sy biologiese moeder verlaat, nadat hy buite die eg gebore is. Sy biologiese vader was onopspoorbaar. Hy is in pleegsorg by 'n egpaar op Brits geplaas, waar sy plasing na 'n tydperk van 6 jaar misluk het, omdat sy pleegmoeder hom verwerp het. Hy is in die sorg van 'n ander egpaar oorgeplaas by wie hy tans steeds in pleegsorg verkeer. Sy biologiese moeder het na sy geboorte nooit weer enige kontak met Johan gehad nie.

Sessie 1: Hierdie sessie het in die tuin langs die terapeut se kantoor plaasgevind.

Doel van die sessie:

Om te bepaal in watter mate Johan sensories met homself en sy omgewing in kontak is.

Speltherapietegniek: Sensoriese kontakmaking (Oaklander, 1988:109-119).

Doel van die tegniek:

- * Om te bepaal in watter mate Johan met homself en dus ook sy gevoelens in kontak is.
- * Om die terapeutiese verhouding op te bou.

Verloop

Die terapeut het Johan blindemol laat speel. Hy is geblinddoek en moes haar soek. Sy het telkens verskillende geluide gemaak wat hy moes volg om haar op te spoor. Daarna moes hy aan verskillende voorwerpe vat, en beskryf hoe dit voel en waaraan dit hom laat dink.

Tema

Geen spesifieke tema het in hierdie sessie na vore gekom nie.

Evaluasie

Johan is 'n baie skaam seuntjie en het gehuil toe hy alleen saam met die terapeut was. Hy het geleidelik bedaar en later begin deelneem. Hy het ook tydens hierdie sessie baie weerstand getoon. Hy huiwer egter nie om blatant oogkontak te maak nie en kyk glad nie rond terwyl hy praat nie. Hy is sensories in kontak met homself, maar het min emosie getoon. Vanweë die vlak van die terapeutiese verhouding, het die terapeut hom nie daarvoor gekonfronteer nie.

Sessie 2: Hierdie sessie het in die terapeut se kantoor plaasgevind.

Doel van die sessie:

Om Johan se belewenis van homself in sy huidige situasie te bepaal.

Speltherapietegniek: Samevloeiing (Schoeman, 1996:67).

Doel van die tegniek:

Om die terapeut behulpsaam te wees om met die kind en sy eie leefwêreld in kontak te kom .

Verloop

Johan het tydens die begin van hierdie sessie gehuil en aan sy pleegmoeder vasgeklou nadat sy hom gebring het. Na haar vertrek het hy onder die terapeut se lessenaar ingekruip en sy bene opgetrek. Hy het met sy kop op sy bene gesit en wou nie na die terapeut kyk nie. Hy wou glad nie met die terapeut praat nie. Die terapeut het ook onder die lessenaar ingekruip en gemaak of sy huil. Johan was egter nuuskierig en het na die terapeut geloer. Die volgende gesprek het gevolg:

- Johan : "Hoekom huil jy ?"
Terapeut : "Want jy wil nie my maatjie wees nie."
Johan : "Ek sal jou maatjie wees."
Terapeut : "Jy wil nie. Jy kruip dan weg. Jy wil nie eens met my praat nie."
Johan : "Ja, ek wil."

Tema

Geen spesifieke tema het tydens hierdie sessie na vore gekom nie. Die terapeut

moes daarop fokus om Johan betrokke te kry.

Evaluasie

Johan het baie weerstand getoon, en homself letterlik en figuurlik heeltemal onttrek. Nadat die terapeut sy vertroue begin wen het, het hy begin om hom oor haar te ontferm. Die terapeut het hom toegelaat om vir haar 'n glasie water te bring. Hy was steeds skaam en het later langs die terapeut gestaan waar sy met ander werk aangegaan het. Hy het baie min gekommunikeer.

Sessie 3: Hierdie sessie het in die terapeut se kantoor plaasgevind.

Doel van die sessie:

Om die kind se ervaring van sy pleegsorgsituasie te bepaal.

Speltherapietegniek: Projeksietegniek: Tekening (Oaklander, 1988:21).

Doel van die tegniek:

Om te bepaal hoe Johan sy pleegsorgsituasie deur middel van projeksie beleef.

Verloop

Johan het 'n tekening van 'n karavaan, 'n huis en 'n landery gemaak. Die tekening het baie detail gehad. Hy het vir die motorhuis 'n deurknoppie in die vorm van 'n hartjie gemaak. Die volgende het na vore gekom:

- * "Ek is die deurknoppie en wil van die muur afspring en wegkruip."
- * "Ek wil nie weer na 'n ander huis gaan nie, al werk die garage deur nie."
- * "Ek wil wegkruip sodat niemand my weer kan wegvat nie."

Tema

'n Tema van verwerping het in hierdie sessie na vore gekom.

Evaluasie

Johan het tydens hierdie sessie minder weerstand as tydens die vorige sessie getoon. Hy is bang vir vreemde situasies en praat verrassend openlik oor sy emosies. Hy behou deurentyd tydens hierdie sessie oogkontak. Hy beleef sy pleegsorgsituasie positief en sy vrees is dat hy daaruit weggeneem sal word.

Sessie 4: Hierdie sessie het in die terapeut se kantoor plaasgevind.

Doel van die sessie:

Om verder rondom Johan se belewenis van die pleegsorgsituasie te eksploreer.

Speltherapietegniek: **Projeksietegniek:** Klei (Oaklander, 1988:69).

Doel van die tegniek:

Om die kind se emosionele belewenis van sy omstandighede te bepaal.

Verloop

Johan het gekies om met die klei te speel. Hy het 'n boek gemaak en die terapeut 'n beker. Die volgende het uit hierdie sessie na vore gekom:

- * Johan voel soos die boek waaruit almal net lees.
- * Hy is bang mense maak die boek toe en bêre dit waar niemand dit weer sal kry nie.
- * Hy wil nie soos 'n boek "uitgeleen" word nie.

Tema

Tydens hierdie sessie was dit duidelik dat Johan verlating vrees.

Evaluasie

Johan het nie baie weerstand tydens hierdie sessie getoon nie. Sy kommunikasie was spontaan en gemaklik. Hy het as 'n gelyke met die terapeut gekommunikeer. Hy beskou sy pleegouers as sy ma en pa. Hy het 'n vrees om na "ander mense" te gaan.

Sessie 5: Hierdie sessie het in die terapeut se kantoor plaasgevind.

Doel van die sessie:

Om onvoltooidhede en polariteite wat Johan in sy lewe ervaar, te bepaal.

Speltherapietegniek: Onvoltooid sinne (Thompson & Rudolph, 1992:115).

Doel van die tegniek:

Om Johan te lei om onvoltooidhede wat hy ervaar, te verbaliseer.

Verloop

Johan kon nog nie lees nie en die terapeut het hom gelei om die onvoltooid sinne te beantwoord. Die volgende het aan die lig gekom:

- * *Ek hou van ... my maatjies.*
- * *Ek is lief vir ... my ma en pa (pleegouers).*
- * *Ek hou die minste van ... raas kry.*
- * *Ek wens ... ek was ryk, dan kan ek vir my 'n kar koop.*
- * *Ek dink ... altyd aan die ander kindertjies.*

Johan voel tevrede in sy huidige omstandighede. Hy beskou sy huidige pleegouers as sy ma en pa, en vrees verwydering van hulle af. Hy is 'n seuntjie wat maklik emosioneel met mense bind.

Tema

'n Tema van aanvaarding het tydens hierdie sessie na vore gekom.

Evaluasie

Johan toon min weerstand tydens hierdie sessie en hy is heeltyd by die speltherapieproses betrokke. Hy verbaliseer sy gevoelens maklik. Hy beskou sy huidige pleegouers as sy "regte ouers" en vrees verwydering van hulle af. Hy beleef sy huidige omstandighede redelik positief.

Sessie 6: Hierdie sessie het in die terapeut se kantoor plaasgevind.

Doel van die sessie:

Om Johan se gemoedstoestand in die hede te bepaal.

Speltherapietegniek: Gevoelskaarte

Doel van die tegniek:

Om Johan se emosionele belewenis van sy huidige situasie te bepaal.

Verloop

Johan het die volgende gevoelskaart (gesiggie) gekies om by sy gemoedstemming te pas:



Die gemoedstoestand: Tevere

Johan noem dat hy "lekker" by sy ma en pa bly. Hy noem ook pertinent dat hy nie weer daar wil weggaan nie.

Tema

Johan toon deurentyd 'n aanvaarding van sy huidige situasie.

Evaluasie

Johan blyk goed by sy huidige pleegouers aan te pas. Hy het 'n hegte emosionele band met hulle en hy wil nie van hulle af weggaan nie. Hy toon min weerstand tydens hierdie sessie en behou heeltyd oogkontak met die terapeut. Hy kommunikeer gemaklik en daar is nie enige introjekte by hom te bespeur nie.

9. SAMEVATTING

Die terapeut het altesaam ses en dertig (36) sessies hanteer. Sy moes deurentyd haar beplanning by die kind se proses en sy belewenis van sy emosies op 'n gegewe oomblik aanpas. Die meeste doelwitte is tydens die sessies bereik.

Na afloop van al die sessies is gestruktureerde onderhoude met die pleegouers gevoer om te bepaal of die betrokke kinders se gedrag verander het en/of dieselfde gebly het. Vooraf is 'n vraelys deur die terapeut opgestel wat deur

middel van individuele onderhoude met die betrokke pleegouers ingevul is (Bylae 1).

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

Deur die vraelyste met die terapeut se onderskeie speltherapiesessies te vergelyk, kan die terapeut 'n verandering in gedrag by die kinders bepaal.

DIE N-VOORSIGSGRUGES

Die doel van hierdie navorsingstudie gaan op ses pleegkinders tussen die ouderdomme 5-8 jaar wat as kliente by die Ondersteuningseenheid in die Oos-Kaap se Pleegsorg maak 'n integrale deel van die welsynstrategie van die Oos-Kaap se Pleegsorg is tydens hierdie navorsingstudie. Hierdie navorsingstudie is tydens hierdie navorsingstudie om die verandering in gedrag by die kind in pleegsorg te ondersoek.

Die doel van hierdie navorsingstudie is om te bepaal of die kinders se gedrag tydens hierdie navorsingstudie verander het tydens hierdie navorsingstudie. Hierdie navorsingstudie is tydens hierdie navorsingstudie om te bepaal of die kinders se gedrag tydens hierdie navorsingstudie verander het tydens hierdie navorsingstudie.

Die doel van hierdie navorsingstudie is om te bepaal of die kinders se gedrag tydens hierdie navorsingstudie verander het tydens hierdie navorsingstudie. Hierdie navorsingstudie is tydens hierdie navorsingstudie om te bepaal of die kinders se gedrag tydens hierdie navorsingstudie verander het tydens hierdie navorsingstudie.

Deur die vraelyste te gebruik wat die kind se verandering in gedrag tydens hierdie navorsingstudie bepaal, kan die terapeut 'n verandering in gedrag by die kinders bepaal.

Die kind se verandering in gedrag tydens hierdie navorsingstudie.

Die kind se verandering in gedrag tydens hierdie navorsingstudie.

HOOFSTUK 5

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

1. DIE NAVORSINGSPROSES

Die navorser het hierdie navorsingstudie gerig op ses pleegkinders tussen die ouderdomme 5-9 jaar wat as kliënte by die Ondersteuningsraad in Brits geregistreer is. Pleegsorg maak 'n integrale deel van die welsynstruktuur van ons land uit. Speltherapeutiese tegnieke is tydens hierdie navorsingstudie aangewend om die aanpassing van die kind in pleegsorg te ondersoek.

Die navorser het ten doel gehad om die aanpassing van die kind in pleegsorg te bepaal met die oog op die bepaling van toekomstige pleegplasinge. Tydens hierdie navorsingstudie is kwalitatiewe navorsing gebruik (Dooley, 1990:267). Die data is hoofsaaklik deur middel van ses doelgerigte speltherapieessies wat met elke pleegkind individueel deurloop is, ingesamel.

Pleegsorg het implikasies op die pleegkind (De Bruyn, 1984:229) en vind plaas nadat 'n kind(ers) ingevolge Art 14(4) van die Wet op Kindersorg (Wet nr. 74 van 1983) sorgbehoewend bevind word en die kind dan in die sorg van iemand anders as sy ouers geplaas word (Swanepoel & Wessels, 1992:14). Kinders wat in pleegsorg geplaas word, ervaar aanpassingsprobleme, trauma en skuldgevoelens vanweë die fisiese, psigiese, emosionele en intellektuele verwaarlosing waaraan hulle voor hul verwydering blootgestel was (Roberts, 1990:34).

Daar is ook bepaalde faktore wat die kind se aanpassing in pleegsorg bepaal en behels die volgende:

- die kind se verhouding met sy ouers;
- die kind se ouderdom;

- die kind se verhouding met sy pleegouers; en
- werwing van pleegouers en 'n gepaste pleegplasing (De Bruyn, 1984:229).

Die inligting wat uit die speltherapie verkry word, kan geensins as vanselfsprekend aanvaar word nie. Die terapeut wat by die speltherapieproses van 'n pleegkind betrokke raak, moet 'n duidelike agtergrond van sy gesinsomstandighede bekom en ook dit wat tot die aanvanklike verwydering aanleiding gegee het. Tydens die speltherapie sessies moet elke kind se individuele proses bepaal word en die terapeut moet saam met die kind deur genoemde proses beweeg sonder om subjektiewe afleidings te maak. Elke pleegkind is 'n individu in eie reg, al is die presenterende probleem grootliks dieselfde, naamlik dat hulle ingevolge die bepaling van die Wet op Kindersorg (Wet nr. 74 van 1983) sorgbehoewend bevind is.

Die navorsing is ook vanuit die Gestaltbenadering (Thompson & Rudolph, 1992:110 en Schoeman & Van der Merwe, 1996:29) gedoen en daar is hoofsaaklik op die kind se proses gefokus wat die volgende insluit:

- weerstand
- polariteite
- onvoltooidhede
- introjekte
- kontakmaking

Die navorser moet deurgaans van die kind se innerlike proses bewus bly, naamlik hoe hy take aanpak, hoeveel detail hy deurgee asook die wyse waarop hy inligting aan die navorser bekend maak. Die evaluering word in terme van die kind se Gestalt gedoen. Indien sy Gestalt in balans is, is daar homeostase. Dit is belangrik dat die pleegkind bemagting moet word sodat hy beheer oor sy lewe kan verkry. Dit bring verantwoordelikheid vir sy eie lewe, gevoelens en funksionering mee. Indien die pleegkind nie homeostase ervaar nie, word dit weergegee deur middel van die onvoltooidhede, polariteite en introjekte wat hy

tydens sy spel openbaar. Die weerstand wat die pleegkind tydens die sessies toon, gee 'n aanduiding van die verdedigingsmeganismes wat hy moet benut om homself te beskerm (Thompson & Rudolph, 1992:112).

Verskeie spelterapeutiese tegnieke word benut om met die pleegkind kontak te maak. Sodoende deel die pleegkind makliker en meer openlik inligting met die terapeut.

Tydens hierdie navorsing word spelterapeutiese tegnieke deur middel van kleiwerk, tekenwerk, sandwerk, onvoltooide sinne en sensoriese kontakmaking toegepas. Terwyl die pleegkind bepaalde mediums tydens elke sessie benut, leef hy deur middel van projeksies sy onvoltooidhede, polariteite en introjekte uit (Schoeman, 1996:67).

2. FORMULERING VAN DOELSTELLING EN DOELWITTE

2.1 Navorsingsdoelstelling

Die navorsingsdoelstelling (4.1 van hoofstuk 1) van hierdie studie is soos volg geformuleer: *Om deur middel van spel terapie, die aanpassing van die kind in pleegsorg te ondersoek.*

2.1.1 Toepassingsmoontlikhede

Die pleegkinders wat by hierdie navorsingstudie betrokke was, het goed by die spelterapeutiese tegnieke wat vanuit die Gestaltbenadering benut is, aansluiting gevind. 'n Evaluering van die pleegkinders se gevoelens en hul belewenis van hul huidige situasies is vergemaklik deur die verskillende mediums wat tydens die speltherapie sessies benut is.

2.1.2 Reaksie op spel terapie

Vanweë die feit dat die ses pleegkinders se ouderdomme 5-9 jaar was, was hulle baie ontvanklik vir spel terapie. Elke sessie is gewoonlik met ywer en entoesiasme aangepak en dit was die taak van die terapeut om duidelike grense daar te stel.

2.1.3 Die Gestaltbenadering

Hierdie benadering was bruikbaar aangesien die terapeut saam met die pleegkinders se innerlike proses beweeg het. Dit was egter soms vir die terapeut nodig om direktief te werk veral wanneer 'n kind die sessie probeer beheer het deur tussen verskillende temas rond te spring. Die Gestaltbenadering was verder ook rigtinggewend vir die terapeutiese insette wat moes volg. Die pleegkinders het die polariteite, onvoltooidhede en introjekte wat hulle ervaar, weergegee. Dit het ook inligting oor die kind se gesinsisteam en sy huidige funksionering blootgelê.

2.2 Doelwitte

Die doelwitte (4.2 van hoofstuk 1) van hierdie navorsingstudie is soos volg geformuleer:

- * ***Om 'n in-diepte literatuurstudie oor die aanpassing van die kind in pleegsorg te doen.***

'n Literatuurstudie oor die aanpassing van die kind in pleegsorg is gedoen deur inligting vanuit geskrewe bronne en uit onderhoude met kenners te verkry asook lesings wat bygewoon is. Toepaslike inligting is bestudeer en beskryf. Hoofstuk twee van hierdie studie gee 'n teoretiese oorsig oor pleegsorg en die implikasies daarvan op die pleegkind. Daar word deurgaans op die filosofie, implikasies en risikofaktore wat met pleegsorg gepaardgaan, gewys.

- * ***Om speltherapie met geselekteerde pleegkinders te doen en hulle aanpassing in pleegsorg te ondersoek.***

Speltherapeutiese tegnieke is benut om die aanpassing van die kind in pleegsorg te ondersoek. Ses pleegkinders tussen die ouderdomme van 5-9 jaar wat as kliënte by die Ondersteuningsraad in Brits geregistreer is, is vir hierdie navorsingstudie gebruik. Ses speltherapie sessies is met elke kind afsonderlik gedoen om hulle aanpassing in pleegsorg te ondersoek. Verskillende mediums is tydens die sessies benut, naamlik klei, teken, onvoltooide sinne, gevoelskaarte en sandwerk. Sensoriese kontakmaking is ook suksesvol benut om te bepaal in watter mate die kind sensories in kontak met homself en dus ook sy gevoelens, is.

- * ***Om uit genoemde studie gevolgtrekkings en aanbevelings te maak wat as maatstaf vir verdere studie en vir die oplossings van moontlike probleme in pleegsorg, kan dien.***

Uit genoemde navorsing het daar deurlopend temas na vore gekom waaruit die navorser bepaalde gevolgtrekkings en aanbevelings kan maak. Gevolglik word die gevolgtrekkings en aanbevelings afsonderlik in hierdie hoofstuk bespreek.

2.3 Hipoteseformulering

'n Hipotese is wel geformuleer al het die navorser 'n verklarende navorsingsontwerp gebruik. Die hipotese wat gestel is, is naamlik:

- * ***As 'n kind in pleegsorg geplaas word, ervaar hy/sy aanpassingsprobleme wat 'n invloed op die verdere verloop van die pleegsituasie het.***

Genoemde hipotese is tydens die navorsingstudie as korrek bewys. Vyf van die ses kinders in pleegsorg ervaar aanpassingsprobleme in hul pleegsituasies, sodat die verdere verloop van hul pleegsorgsituasie onseker is.

3. GEVOLGTREKKINGS

3.1 Assessering

Tydens die speltherapieproses met elke pleegkind afsonderlik, asook hul agtergrondgeskiedenis, is daar hoofsaaklik inligting oor die volgende aspekte verkry:

- die pleegkind as individu;
- die pleegkind se funksionering en belewenis van sy huidige pleegsorgsituasie; en
- die pleegkind se belewenis van sy biologiese ouers.

Die volgende inligting oor bogenoemde aspekte is verkry:

3.1.1 Die pleegkind as individu

Al die pleegkinders wat by hierdie navorsingstudie betrokke was, het getoon dat hulle nie beheer oor hul lewens het nie. Deur op elke kind se innerlike proses te fokus, is bepaal dat elkeen 'n behoefte aan aanvaarding en "om te behoort" getoon het. Almal het ook aangedui dat haar/sy Gestalt nie in balans is nie en hulle verlore voel. Hulle ervaar min selfonderhouding en selfkoesting. Bemagtiging van hierdie kinders om aanvaarbaar en in beheer te voel, sal 'n groot deel van die terapeutiese proses uitmaak. Elkeen van hierdie kinders fantaseer oor die "volmaakte" gesin.

3.1.2 Die pleegkind se funksionering en belewenis van sy huidige pleegsorgsituasie.

Inligting oor die kind se funksionering binne sy pleegsorgsituasie is deur projeksietegnieke asook onvoltooide sinne verkry. Al die kinders is by gesinne geplaas wat op daardie gegewe oomblik geblyk het 'n gepaste plasing vir die betrokke kind(ers) te wees. Elke pleegouer is ook vooraf gekeur voordat die

onderskeie pleegplasinge deur 'n hofbevel gewettig is. Van die ses gevalle, het vier van die kinders onvoltooidhede rondom hul biologiese ouers wat hul aanpassing by hul pleegouers belemmer. Die een kind (Johan) is as baba verwyder en het slegs 'n behoefte aan herkomsinterpretasie, aangesien hy geen herinnering van sy biologiese ouers het nie. Sy pleegouers is volgens hom sy "regte" ouers.

'n Behoefte om "te behoort" kom deurgaans na vore en die kinders streef almal na 'n gelukkige en stabiele gesinsituasie. Vyf van die ses kinders se aanpassing word verder belemmer deurdat hulle voor en tydens verwydering getraumatiseer is. Slegs een kind (Johan) se aanpassing is goed, aangesien hy geen herinnering van sy ouers en sy verwydering het nie. Gevoelens wat deurlopend tydens die sessies na vore gekom het, is hoofsaaklik verwerping, magteloosheid ten opsigte van hul omstandighede, eensaamheid, aggressie, 'n behoefte aan aanvaarding en om te behoort.

3.1.3 Die pleegkind se belewenis van sy biologiese ouers

Drie van die pleegkinders idealiseer en fantaseer rondom hereniging met hul biologiese ouers. Die aanvanklike redes vir verwydering word deur hulle ontken en hulle skep 'n idilliese gesinsituasie waarvan hulle deel is. Slegs een kind (Johan) beleef sy pleegouers as sy "regte" ouers en het slegs 'n behoefte aan herkomsinterpretasie. Geeneen van hierdie kinders het gereelde kontak met hul biologiese ouers nie wat verwerping, verwarring, ontkenning en skuldgevoelens by hulle teweegbring. Drie van die ses kinders se biologiese ouers is al vir 'n aantal jare onopspoorbaar.

Inligting oor die kinders se agtergrondgeskiedenis is vanuit hul genogramme en die bestudering van die oorspronklike kinderhofverslae verkry. Verdere inligting het ook na vore gekom deur gesinsuitbeeldings, projeksies en onvoltooides sinne. Elkeen van hierdie ses kinders kom uit gebroke gesinne waar geweld, emosionele- en fisiese mishandeling, alkoholmisbruik en verlating voorgekom het. Dit was duidelik dat die kinders nie die realiteit van hul situasie begryp nie.

3.2 Speltherapie

Die gebruik van speltherapie met die pleegkinders was suksesvol. Speltherapie is om die volgende redes tydens die sessies benut:

- om die kind se leefwêreld te betree;
- vir die opbou van die terapeutiese verhouding; en
- vir die verkryging van inligting oor die kind se belewenis van sy pleegsorgsituasie.

Speltherapie volgens die Gestaltbenadering stel die kind in staat om met sy gevoelens in kontak te kom. Daar word stelselmatig deur die onderskeie kinders se weerstandsvlakke gewerk en terapeutiese insette kan vinniger en meer effektief geskied. Die kinders het aansluiting by die verskillende speltherapeutiese mediums gevind, naamlik kleiwerk, sandwerk, teken, onvoltooide sinne, gevoelskaarte en sensoriese kontakmaking. Daar is egter ruimte vir ander mediums soos handpoppe, bibliospel, musiek, sosiodrama en bewegingsterapie.

3.3 Gevolgtrekkings vanuit die literatuur

Gevolgtrekkings wat uit hierdie studie oor die kind se aanpassing in pleegsorg gemaak kan word, hou ook verband met die implikasies van pleegsorg wat in die literatuur voorgehou word. Van hierdie gevolgtrekkings is die volgende:

- Die belangrikheid van die natuurlike bande tussen ouer en kind word erken en mag nie versteur word nie (De Bruyn, 1984:229). Tydens die navorsingstudie het die navorser bevind dat vier van die ses kinders 'n hunkering na hul biologiese ouers het en hul veridealiseer. Die een kind het nie 'n hunkering na sy ouers nie, maar het tog 'n behoefte aan herkomsinterpretasie om te bepaal waar hy vandaan kom.
- Pleegsorg is belangrike substituutsorg en voorsien wel in die kind se behoeftes (Barnard, 1984:188). Alhoewel dit uit die navorsing blyk dat die

kind se aanpassing in pleegsorg nie volkome is nie, is dit as gevolg van onvoltooidhede in die kind se lewe en nie die rol wat die pleegouers in sy lewe speel nie. Slegs een gevallestudie het sy pleegouers negatief beleef.

- Pleegouerkeuring en -werwing moet doeltreffend wees, en dit moet volgens bepaalde riglyne geskied. Pleegouers moet opgelei word om die pleegkind met al sy behoeftes te kan akkommodeer (Departement van Gesondheid en Welsyn, 1990:11). Twee gevallestudies was in vorige pleegsorgsituasies wat vanweë onkunde by die pleegouers misluk het. Hulle was nie in staat om die kind met sy sonderlinge probleme te hanteer nie.
- Kinders wat van hul ouers verwyder word, ervaar gevoelens van vyandigheid, verlating, skuld, verwerping, verwarring en aggressie (Roberts, 1990:34). Tydens die navorsing het daar deurlopend temas van verlating, verwerping, aggressie, eensaamheid en verwarring na vore gekom. Die kinders hou hulself besig met die vraag waarom hulle ouers nie soos ander ouers vir hulle kan sorg nie. Hulle beleef ook die gevoel dat hulle anders as ander mense is.

Bogenoemde faktore word in die literatuur (Roberts, 1990:341, Barnard, 1984:188 en De Bruyn, 1984:229) beklemtoon as belangrike implikasies vir pleegsorg. Die navorser is van mening dat hierdie faktore met mekaar verband hou en bepalend is vir die aanpassing van die kind in pleegsorg.

3.4 Gevolgtrekkings vanuit die navorsing (spelterapieessies)

Die volgende gevolgtrekkings kan vanuit hierdie navorsingstudie gemaak word:

- Slegs een van die ses pleegkinders (gevallestudie 6) wat vir hierdie navorsing vir speltherapie ingeskakel het, pas sonder probleme in sy pleegsorgsituasie aan. Hy was 'n baba met sy plasing en onthou glad nie sy biologiese ouers nie. Vyf van die ses pleegkinders ontken die realiteit

van hul situasie en ook die aanvanklike redes vir verwydering. 'n Groot rede vir 'n mislukte plasing blyk dus te wees dat die pleegkind dislojaal voel indien dit vir hom "lekker" by die pleegouers is.

- Twee van hierdie ses kinders was in vorige pleegsorgsituasies waar die plasing misluk het. Die groot rede vir genoemde plasings se mislukkings was dat die pleegouers nie opgewasse was om die kinders se emosionele probleme en die verantwoordelikheid wat dit vereis, te hanteer nie. Drie van hierdie kinders is sibbe van mekaar en daar is slegs een pleegsorgplasing by hulle ter sprake. Dit blyk dat kinders wat by gesinne geplaas word waar daar nie voldoende voorbereiding en keuring plaasgevind het nie, die risiko ten opsigte van 'n plasing wat kan misluk, verhoog. Dit gebeur ook dat die pleegouers nie by die pleegsorgsituasie kan aanpas nie.

- Daar het deurlopend 'n paar temas tydens die onderskeie sessies na vore gekom en kan as volg bespreek word:

* ***'n Hunkering na hul biologiese ouers:***

Tydens gevallestudie 1 (Hennie) se speltherapieproses, het daar tydens sessie twee en drie (van ses sessies) 'n hunkering na sy biologiese ouers voorgekom. Hy noem ook tydens sessie drie: "Ek bly die graagste by my ma en pa."

Tydens gevallestudie 2 (Stefan) se speltherapieproses het daar tydens sessie vyf en sessie ses ook 'n hunkering na sy biologiese ouers voorgekom. Hy fantaseer oor alles wat hy saam met sy biologiese vader doen (perdry, swem en visvang).

Tydens gevallestudie 3 (Anita) se speltherapieproses het daar tydens sessie twee, vier en vyf 'n hunkering na haar biologiese ouers voorgekom. Tydens sessie twee het Anita genoem dat sy haar "regte ma en pa" op die foto wil

hê en dat sy die foto wil bêre waar sy altyd daarna kan kyk. Sy het ook met haar onvoltooide sinne genoem dat sy by haar “regte ma en pa” wil gaan bly.

- * **Negatiewe gevoelens het deurlopend na vore gekom:** 2 (Stefan) se speltherapieproses het 'n tema van konflik na vore gekom. Soos het in hul **Aggressie:**

Slegs tydens gevallestudie 4 (Kobus) se speltherapieproses het daar deurlopend 'n tema van onderdrukte aggressie na vore gekom (sessie twee, vier en vyf).

Eensaamheid:

Tydens gevallestudie 5 (Louw) se speltherapieproses het daar 'n tema van eensaamheid na vore gekom. Tydens sessie twee en drie fokus Louw deur middel van projeksie op sy eensaamheid (die stoel staan alleen in die groot vertrek) en sy gevoelskaart by sessie vier was een van eensaamheid. Gevallestudie 2 (Stefan) se tweede speltherapieproses het ook 'n tema van eensaamheid gehad (die blommetjies wat hy geteken het is ook eensaam).

Verlating:

Tydens gevallestudie 3 (Anita) se speltherapieproses het hierdie tema tydens sessie drie na vore gekom. Uit haar projeksie het sy genoem dat die kat wat sy geteken het, wegloop en nie weer sal terugkom nie

Tydens gevallestudie 5 (Louw) se speltherapieproses, het hierdie tema tydens sessie ses na vore gekom. Hy wou na afloop van die sessie nie huius toe gaan nie omdat dit “vir hom lekker by die tannie is.” Tydens gevallestudie 6 (Johan) het hierdie tema tydens sessie vier na vore gekom. Uit sy projeksie het dit geblyk dat hy bang is hy is soos die boek wat hy geteken het: “... bang hulle maak die boek toe en bêre dit waar niemand

dit weer sal kry nie.”

Konflik:

Slegs tydens gevallestudie 1 (Hennie) en gevallestudie 2 (Stefan) se speltherapieproses het 'n tema van konflik na vore gekom. Beide het in hul vierde sessie tydens hul sandspel 'n oorlogssituasie uitgebeeld. Hennie het homself as die vredemaker beleef en Stefan het homself as 'n buitestaander beleef.

Verwerping:

Tydens gevallestudie 5 (Louw) se vierde sessie het 'n tema van verwerping voorgekom (“My pa en ma hou mos nie van my nie”). Tydens gevallestudie 6 (Johan) se derde sessie het daar ook 'n tema van verwerping voorgekom (“Ek wil nie weer na 'n ander huis gaan nie ...”).

* ***Positiewe gevoelens/emosies het na vore gekom:***

Aanvaarding:

Tydens Gevallestudie 6 (Johan) se vyfde en sesde sessie kom die tema van aanvaarding voor. Hy noem pertinent dat hy nie van sy pleegouers af wil weggaan nie. Hy is sedert sy babadae in pleegsorg.

Toekomsinterpretasie:

Tydens Gevallestudie 3 (Anita) se sesde sessie het hierdie tema na vore gekom. Sy het bepaalde toekomsverwagtinge en die tema van “ ... eendag wanneer ek groot is ...” het deurentyd na vore gekom..

- Uit die onderhoude met die pleegouers (drie ouerpare) blyk dit dat hulle geen probleme met die betrokke kinders ervaar nie. Die afleiding kan dus

gemaak word dat hulle nie van die kinders se werklike behoeftes (byvoorbeeld kontak met die biologiese ouers) bewus is nie. Hulle het ook nie die vermoë om hierdie behoeftes aan te spreek indien hulle daarvan bewus of onbewus sou wees nie. Hul onvermoë spruit daaruit dat die biologiese ouers onopspoorbaar is of nie belangstel om hul kinders in hul sorg herstel te kry nie.

- Twee van die gevallestudies (gevallestudie 4 en gevallestudie 5) beleef hul situasie negatief vanweë hul pleegouers se onbetrokkenheid, vrees vir verwerping vanaf hulle en gevoelens van magteloosheid in 'n situasie wat vir hulle onaanvaarbaar is. Alhoewel die ander kinders na 'n gesinslewe saam met hul biologiese ouers hunker, ervaar hulle nie hul pleegsorgsituasie negatief nie en voldoen hul pleegouers aan hul behoeftes. Slegs die onvoldoendheid rondom hul biologiese ouers, belemmer hul aanpassing in hul pleegsorgsituasie.

4. AANBEVELINGS

In die lig van al die inligting wat deur hierdie navorsingstudie verkry is, word die volgende aanbevelings gemaak:

- Pleegouers moet vooraf deeglik vir 'n pleegplasing gewerf, opgelei en voorberei word en hul besonderhede moet op 'n bank(lys) geplaas word. Sodra 'n kind(ers) verwyder moet word, moet 'n gepaste plasing by die mees geskikte pleegouers vir hierdie besondere kind(ers) geskied.
- Die maatskaplike werker moet in voeling wees met die kind se innerlike proses en begrip hê vir die gevoelens wat hy/sy ervaar. Hierdie gevoelens moet op 'n deurlopende wyse terapeuties hanteer word, sodat hierdie kind kan leer om sy gevoelens te erken en te hanteer.

- Die kind moet vooraf deur middel van speltherapie geassesseer word (tydens die kinderhofondersoek) om te bepaal wat sy innerlike proses, behoeftes en gedrag is om sodoende die korrekte plasing te kan maak. Sodoende begin die bemagtiging van die kind reeds tydens die assesseringsfase.
- Die pleeggesin moet by die assesserings- asook die terapeutiese proses betrek word om sodoende in voeling en in kontak met mekaar en ook hul eie gevoelens te kom.
- Speltherapeutiese tegnieke kan benut en toegepas word deur 'n maatskaplike werker wat in speltherapie opgelei is en wat ook die beginsels van die Gestaltherapie verstaan.
- Ruimte vir kreatiwiteit by die maatskaplike werker is noodsaaklik in die werk met die pleegkind, aangesien 'n pleegkind 'n unieke individu met bepaalde behoeftes is en in 'n omgewing buite sy eie gesinsverband moet funksioneer. Die kinders openbaar hulself makliker tydens die gebruik van die verskillende mediums en verveeldheid met bepaalde aktiwiteite moet verhoed word.
- Tydens hierdie studie is 'n verklarende navorsingsontwerp hoofsaaklik (Grinnell & Williams, 1990:167) gebruik, aangesien die navorser 'n analise wou maak rondom die aanpassing van die kind in die pleegsituasie en hoe die aanpassing, hetsy goed of swak, die sukses of mislukking van die pleegplasing bepaal. Dit gee 'n basis vir assessering en verdere navorsing kan gedoen word. Verdere navorsing kan hoofsaaklik fokus op die voorbereiding van die kind en ook die pleegouers op 'n voornemende plasing.
- Dit kan tot voordeel strek indien die maatskaplike werker wat met pleegkinders werk, opleiding oor speltherapie vanuit die Gestaltbenadering asook die waarde van die benutting daarvan tydens die terapeutiese

BIBLOGRAFIE proses, kan ontvang.

1. Aronson, M. 1970 Gestaltterapie. In Louw, D.A. (Red.) Suid-Afrikaanse

5. **SLOTOPMERKINGS** nale gedrag. Southern book publishers

Pleegkinders ervaar trauma voor en tydens verwydering vanuit hul ouerhuise. Hierdie kinders was aan emosionele- en fisiese mishandeling en/of verwaarlosing blootgestel, wat gevoelens van verwerping, aggressie, verlatenheid en magteloosheid by hulle kan meebring. Deur middel van spelterapeutiese tegnieke kan die kind geassesseer word en in staat gestel word om weer beheer oor sy lewe te neem. Deur van die pleegkind se innerlike proses bewus te word, kan sy emosies, behoeftes, aanpassing en funksionering bepaal word, sodat die nodige terapeutiese insette gelewer kan word. Daar word heelyd gepoog om die kind se balans te herstel, sodat sy aanpassing in die pleegsorgsituasie vergemaklik kan word.

Bernidge, D. 1970. *Group work*. New York: Holt Rinehart and Winston Inc.

Bloom, M. 1976. *The experience of research*. New York: Gardner Publishing Company.

Brammer, L.M. & Snowdon, E.L. 1977. *Therapeutic Psychology: Fundamentals of counseling and psychotherapy*. 3rd Ed. New Jersey, Prentice Hall Inc.

Cilliers, B.P. 1973. *Maatskaplike navorsing*. Steyn-bosch, Kosmo uitgeverij. Edits. 50k

10. Corey, G. 1959. *Theory and practice of group counseling*. California, Brooks/Cole

BIBLIOGRAFIE

1. Aronstam, M. 1989. **Gestalterapie**. In Louw, D.A. (Red). Suid-Afrikaanse Handboek van Abnormale gedrag. Southern boekuitgewers.
2. Axline, V.M. 1969. **Play therapy**. New York: Ballantine Books.
3. Bailey, K.D. 1987. **Methods of social research**. 3rd Ed. London: Collier MacMillan Publishers.
4. Barnard, M. 1984. 'n **Evaluering van toesigdienste ten opsigte van kinders in die sorg van pleegouers**. Ongepubliseerde M.A. Verhandeling. Pretoria, Universiteit van Pretoria: Departement Maatskaplike Werk. Augustus.
5. Belkin, G.S. 1980. **Comtemporary Psychotherapies**. Chicago: Rand McNally.
6. Berridge, D. & Cleaver, H. 1987. **Foster home breakdown**. New York: Basil Blackwell Inc.
7. Bloom, M. 1986. **The experience of research**. New York: MacMillan Publishing Company.
8. Brammer, L.M. & Shostrom, E.L. 1977. **Therapeutic Psychology: Fundamentals of counseling and psychotherapy**. 3rd. Ed. New Jersey: Prentice Hall Inc.
9. Cilliers, S.P. 1973. **Maatskaplike navorsing**. Stellenbosch: Kosmo-uitgewery Edms. Bpk.
10. Corey, G. 1990. **Theory and practice of group counseling**. California: Brooks/Cole.
11. Landreth, G. 1991. **Playtherapy: The art of the relationship**. Indiana: Accelerated Development Inc. Publishers.

11. Cox, M.J. & Cox, R.D. 1985. **Foster care: Current issues, policies and practices.** New Jersey: Ablex Publishing Corporation.
12. De Bruyn, M. 1984. Maatskaplike Werk en pleegsorg ingevolge die Wet op Kindersorg (Nr. 74 van 1983). **Maatskaplike Werk/Social Work**, vol. 20(4), Oktober. Bl. 227-235.
13. **Definiërende woordeboek vir Maatskaplike Werk.** 1984. Pretoria: Staatsdrukker.
14. Dooley, D. 1990. **Social research methods.** 2nd Ed. New Jersey: Prentice Hall.
15. Fein, E.; Maluccio, A.N. & Kluger, M.P. 1990. **No more partings. An examination of long-term foster family care.** Washington D. C: Child Welfare League of America.
16. Gouws, L.A.; Louw, D.A.; Meyer, W.F. & Plug, C. 1979. **Psigologiese woordeboek.** Johannesburg: McGraw Hill Boekmaatskappy.
17. Grinnell, R.M. 1981. **Social Work research and evaluation.** Illinois: F.E. Peacock Publishers.
18. Grinnell, R.M. 1988. **Social Work research and evaluation.** 3rd Ed. Illinois: F.E. Peacock Publishers.
19. Grinnell, R.M. & Williams, M. 1990. **Research in social work: A primer.** Illinois: F.E. Peacock Publishers.
20. Jennings, S. 1993. **Playtherapy with children: A practitioner's guide.** Australia: Blackwell Scientific Publications.
21. Landreth, G. 1991. **Playtherapy: The art of the relationship.** Indiana: Accelerated Development Inc. Publishers.

22. Levinson, H.L. 1977. Termination of Psychotherapy: Some salient issues. **Social Casework**, vol 58(8), October. Bl 408-489.
23. Louw, D.A. 1982. **Inleiding tot die Psigologie**. Johannesburg: McGraw Boekmaatskappy.
24. McMahon, L. 1992. **The handbook of playtherapy**. London: Routledge.
25. Miller, S.B. 1995. **When parents have problems**. Illinois: Charles C. Thomas Publishers.
26. Oaklander, V. 1988. **Windows to our children**. U.S.A.: The Gestalt Journal Press.
27. Papalia, D.E. 1985. **Psychology**. New York: McGraw Hill Book Company.
28. Passons, W.R. 1975. **Gestalt approaches in counseling**. Holt, Rinehart and Winston, New York: Montreal, London, Sydney.
29. Roberts, J.I. 1990. The feelings of emotionally abused children. **Maatskaplike werk/Social Work**, vol 26(1), Maart. Bl. 33-45.
30. Rowe, J.; Cain,H.; Hundleby, M. & Keane, A. 1984. **Long-term foster care**. Brittain: Batsford Academic and Educational.
31. Schaefer, C.E. & O'Connor, K.J. 1994. **Handbook of Playtherapy**. Vol. 2. Advances and Innovations. New York: John Wiley & Sons Inc.
32. Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. 1996. **Entering the child's world: a Play-therapy approach**. Pretoria: Kagiso Tersiër.
33. Smit, G.J. 1985. **Navorsingsmetodes in die gedragwetenskappe**. Pretoria: Opvoedkundige Uitgewers.

34. Smith, R. 1981. **Leer die kind ken. Riglyne vir die maatskaplike werker.** Pretoria: Academica.
35. Solnit, A.J.; Nordhaus, B.F. & Lord, R. 1992. **When home is no haven.** London: Yale University Press.
36. Stein, I.J.; Gambrill, E.D. & Wiltse, K.T. 1978. **Children in foster homes. Achieving continuity of care.** London: Praeger Publishers.
37. Strydom, H. 1989. Navorsing in Maatskaplike Werk. In van Staden, S.M.; van Rooyen, I.J.J.; Hugo, E.A.K. & Van Delft, W.E. (Reds.). **Maatskaplike Werk opleiding oor sestig jaar.** Pretoria: Owen-Burgess.
38. Swanepoel, H.M. & Wessels, P.J. 1992. **'n Praktiese benadering tot die Wet op Kindersorg, Wet nr. 74 van 1983.** Pretoria: Digma-Publikasies.
39. Thompson, C.L. & Rudolph, L.B. 1992. **Counseling children.** California: Brooks/Cole Publishing Company.
40. West, J. 1992. **Child-centered playtherapy.** London: Edward Arnold.

ONGEPUBLISEERDE LITERATUUR

1. **Beleid en werkprosedure vir pleeg- en familiesorg: 'n Handleiding vir maatskaplike werkers.** Sinodale Kommissie vir die diens van barmhartigheid. Pretoria: Mei 1992.
2. **Ouerverrykingskursus.** Kinder- en Gesinsorg Vereniging. 1990. Pretoria: Esburgh Drukkers.

3. Schoeman, J.P. 1996. **Spel terapie: Die onontbeerlike vaardighede in terapie met die kind.** SPX 810. Pretoria: Universiteit van Pretoria, Departement Maatskaplike Werk.
4. **Staatskoerant** (Republiek van Suid-Afrika). 1996. Wet op Kindersorg, Wet nr. 74 van 1983. 377 (17606), November: Kaapstad.
5. **Verslag van die komitee van ondersoek na pleegsorg van kinders.** Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn. Pretoria: Januarie 1990.

LESINGS

1. Dreyer, M. 1999. **Lesing: Gedrag by getraumatiseerde kinders.** 25 Maart. Ondersteuningsraad, Pretoria.
2. Fick, S. 1995. **Lesing: Pleegsorgtoesigdienste.** 11 September. CMR, Pretoria.

BYLAE 1

VRAELYS: GESTRUKTUREERDE ONDERHOUD

1. Noem spesifieke gedrag wat by die betrokke kind(ers) voorgekom het tydens die aanvanklike plasing.
2. Hoe gereeld verwys die kind(ers) na sy/haar biologiese ouers?
3. Hoe hanteer die kind(ers) sy/haar emosies en/of gevoelens?
4. Watter rol speel u (die pleegouers) in die kind(ers) se lewe?
5. Sedert die inskakeling van die kind(ers) by genoemde spelterapieproses, is daar enige veranderings in haar/sy gedrag te bespeur?
6. Indien daar wel veranderings in die kind(ers) se gedrag is, noem spesifieke insidente en hoe u (die pleegouers) dit hanteer?
7. Sou u (die pleegouers) sê dat dit noodsaaklik is dat die kind(ers) op 'n gereelde basis inskakel vir terapie?
8. Gee redes, indien u (die pleegouers) van mening is dat terapie noodsaaklik is.
9. As u (die pleegouers) weer voor die keuse gestel word, sal u die betrokke kind(ers) weer in pleegsorg neem?
10. Wat sou u (die pleegouers) wou verander rondom die kind(ers) wat in u sorg geplaas is?